

E L I M

'N GEMEENSAPSTUDIE VAN 'N
SENDINGSTASIE

deur

JAN J. DE VILLIERS



Verhandeling ingegee ter verkryging
van die graad M.A. in die Maatskap-
like Werk aan die Universiteit van
Stellenbosch.

Promotor : dr. Erika Theron.

November 1948.

ERKENNING

Graag betuig ek my hartlike dank teenoor dr. Erika Theron vir haar voorstelle en bekwame leiding. i.s. hierdie ondersoek. Haar lewendige belangstelling en toegewyde aandag was vir die ondersoeker 'n besondere aanmoediging.

My dank ook aan die Kleurling-gemeenskap van Elim wat deur hul vriendelike samewerking, my taak tot 'n groot mate vergemaklik het, en aan mev. S. J. Ackermann wat die manuskrip getik het.

STELLENBOSCH.
November 1948.

Jan J. de V.

V O O R W O O R D

Hierdie verhandeling maak 'n deel uit van 'n omvangryker studie oor die maatskaplik-ekonomiese toestande van 'n aantal sendingstasies vir Kleurlinge in Kaapland.

Die eerste deel van die ondersoek gaan alleenlik oor dié sendingstasies wat hoofsaaklik in Wes-Kaapland geleë is soos onder andere Genadendal, Elim, Mamre, Saron en Pniël asook ander soos Haarlem, Amalienstein, Wupperthal en Bethelsdorp. Die beheer oor hierdie sendingstasies is baie verskillend. By sommige is die betrokke sendingkerk nog die allenige eienaar wat in verskeie opsigte streng beheer uitoefen op die inwoners van die sendingstasie, terwyl in ander gevalle die Kleurlinge reeds deur wetgewing eiendomsreg en 'n mate van selfbestuur verkry het. Die doel is dan ook om deur noukeurige gemeenskapstudies van die verskillende tipes onder andere die sukses al dan nie van die bestuurstelsels te vergelyk om na te gaan in hoeverre die toekenning van selfbestuur, en die manier waarop dit geskied het, tot voordeel was van die inwoners.

Die tweede deel van die ondersoek sal gaan oor die groep sendingstasies in Noord-Wes-Kaapland nl. Steinkopf, Komaggas, Concordia, Leliefontein en Pella, waar omstandighede in meer as een opsig verskil van die sendingstasies wat onder die eerste groep val.

Daar word gevoel dat 'n deeglike ondersoek van die maatskaplik-ekonomiese omstandighede van die sendingstasies op hierdie tydstip baie waardevol kan wees. Die sendingstasies het belangrike opvoedkundige en vormende werk gedoen in die verlede en doen dit vandag ook nog, alhoewel deur baie waarnemers beweer word dat baie stasies in 'n toestand van agteruitgang is. Moontlik sal die ondersoek kan lig werp op die oorsake van die beweerde agteruitgang. Verder kan, met die oog op die oprigting van nedersettings vir Kleurlinge en die verskaffing van groter beheer oor hulle eie sake ook op baie ander gebiede, soos dikwels gepropageer word, 'n studie oor die sukses al dan nie van die verskillende bestuurstelsels waardevol wees.

Erika Theron.

(HOOF VAN DIE ONDERSOEK.)

E L I M

'N GEMEENSKAPSTUDIE VAN
'N SENDINGSTASIE

HOOFSTUK I	bls.
INLEIDING	1
Probleme i.v.m. die insameling van die gegewens	2
HOOFSTUK II	
'N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG	4
Mylpale in die geskiedenis van Elim	9
Die Sendingkerk	9
Die Skool	11
Verandering van die loop van die rivier..	12
Die meul	12
Die Werf	13
Posgeriewe	14
Polisiediens	14
HOOFSTUK III	
BEVOLKING	15
HOOFSTUK IV	
DIE ROL VAN DIE KERK	18
Die amptenare van die Sendingkerk	18
Die Administrasie en Finansies	19
Kerkstatistiek	22
Die Dienste wat die Kerk aan sy lede en die gemeenskap bied	24
Dienste van suiwer godsdienstige aard	24
Die Bediening van die Sakramante	24
Verpligtings en Tugmaatreëls deur die Kerk opgelê	31
Die Kerkgebou	33
Slotopmerkings	34

DIE EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE	35
Die Ligging, grondvrugbaarheid en klimaat van Elim	35
Die Inkomste en Verdienmoontlikhede op die Sendingstasie	37
Die Landbouers	38
Voorwaardes waaronder grond en weiveld ge- huur word	39
Die Graanboere	43
Die Veeboere	49
Die Tuinboere	54
Die Loonarbeiders	59
Ambagswerk	64
Klerikale en Professionele Werk	66
Sake-ondernemers	66
Ander vaste besittings en lewende hawe	67
Spaarmoontlikhede	68
Die Elimse Spaarvereniging	69
Die Elimse Begrafnisvereniging	70
Ander spaarmoontlikhede	71
Slotopmerkings	72

HOOFSTUK VI

OPVOEDING EN ONDERWYS	76
Die Opvoedingspeil van die Volwasse Inwoners..	77
Die Skool	78
Verpligte onderwys en skoolbesoek	78
Skoolbywoning	80
Die Personeel	83
Vashoukrag van die Skool	85
Die Leerplan	86
Ander Fasiliteite van die Skool	87
Skool-voedingskema	87
Gedeeltelike vryboekstelsel	89
Die Skoolbiblioteek en ander leesstof ..	89
Georganiseerde sport	90
Skoolkonserte	91
Sangkompetisies	91
Die Skool-spaarklub	92
Die Skoolgeboue	92
Die Beheer en Administrasie	96
Verdere Professionele beroepsleiding	98
Die Skool en die Ouers	98
Slotopmerking	99

HOOFSTUK VII	bls.
BEHUISINGSTOESTANDE	100
Die Topografie van die Sendingstasie	100
Die Perseel waarop die huise staan	104
Die reëls i.v.m. behuising soos opgestel deur die Sending	104
Die Woonhuise	105
Watervoorsiening en sanitêre toestande	125
Die besit van wonings	126
Algemene gevolgtrekkings i.v.m. die behui- singstoestande	127
HOOFSTUK VIII	
DIE VOEDING VAN DIE GESINNE	129
Voedsel wat self geproduseer word	129
Voedselsoorte wat gekoop word	130
Die aard van die maaltyd	132
Vorbereiding van die voedsel	134
Eetgewoontes	135
Die Skoolvoedingskema	136
Slotopmerkings	137
HOOFSTUK IX	
DIE GESONDHEIDSTOESTANDE EN -DIENSTE	138
Lewenstatistiek	138
Kindersterftes	140
Oorsake van Sterfte	141
Geneeskundige dienste	144
Verplegingsdienste	148
Hospitaalfasiliteite	149
Spesiale Gesondheidsdienste	150
Voorkoming en behandeling van oordraagbare siektes	151
Gebreklikheid	152
Ander dienste vir vrywaring van die gesondheid van die gemeenskap	152
Watervoorsiening	152
Nagvuil en vuilgoedverwydering	154
Toesig oor melk en voedsel	156
HOOFSTUK X	
DIE GESINSLEWE	157
Huwelikstaat van die gesinshoofde	157
Gesinstipes in die gemeenskap	158
Huweliksgebruik en huweliksontbinding	159
Familiegebruike	162
Slotopmerkings	165

HOOFSTUK XI	bls.
VERMAAKLIKHEID EN ONTSPANNING	166
Beperkings deur die Sending opgelê	166
Ongeorganiseerde vermaaklikheids- en ontspanningsfasiliteite	167
Die kinders	167
Die Volwassenes	168
Georganiseerde vermaaklikheids- en Ontspanningsfasiliteite	171
Die Kinders	171
Die Volwassenes	172
Die Verenigingslewe	172
Die Jongelingsvereniging	173
Die Jonge-dogtersvereniging	175
Die Liefde- en Genadetempel	176
Sportklubs	177
Politieke Organisasie	179
Kommersiële Vermaaklikheid	179
Die Rol van die Kerk	179
Slotopmerkings	180

HOOFSTUK XII

SPEZIALE MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE	181
Wetsoortredings	181
Drankmisbruik	183
Buite-egtelikheid	185
Ander probleme	186

B Y L A E

BYLAE I

1. Die Kleurling-welsynsvereniging	188
Fondse	188
Werkzaamhede	189
Welsynswerk	189
Sake van Publieke Belang	190
Algemeen	191
2. Die Sustersvereniging	191
Werkzaamhede	192
Aansluiting by die Kleurling-welsynsvereniging	193
Opmerkings	193

3. Die Susters-weldadigheidsvereniging	194
Doel en stigtingsgeskiedenis	194
Werkzaamhede	194

BIBLIOGRAFIE	196
--------------	-----

L Y S V A N T A B E L L E

TABEL NO. I.	
Bevolking van Elim volgens die sensusopnames van 1921, 1931, 1936 en 1946	15
TABEL NO. II.	
Ander bronne waaruit bevolkingstatistiek verkry is	16
TABEL NO. III.	
Lidmate en Sioletal vanaf 1938 - 1947	23
TABEL NO. IV.	
Voltydse en Deeltydse Loonarbeiders op Elim en elders, soos aangetref in April 1948	59
TABEL NO. V.	
Gemiddelde skoolbywoning in ronde syfers vanaf 1901 - 1948	81
TABEL NO. VI.	
Grootte van die klasse vir 1946, 1947 en 1948	82
TABEL NO. VII.	
Die Hoeveelheid vertrekke per woning	113
TABEL NO. VIII.	
Die Spesifieke vertrekke in verhouding met die totale aantal wonings	115
TABEL NO. IX.	
Geboorte- en Sterftesyfers vanaf 1943 tot 1947	139
TABEL NO. X.	
Geboortes en Sterftes per 1,000 van die Bevolking	139
TABEL NO. XI.	
Kindersterftes onder een jaar vanaf 1943 - 1947	140

TABEL NO. XII.	bls.
Oorsake van Kindersterftes (onder een jaar) op Elim asook van die Kleurlingbevolking in die res van die distrik vanaf 1943 - 1947	142
TABEL NO. XIII.	
Oorsake van sterftes onder Kleurlinge op Elim bo een jaar, vanaf 1943 - 1947	143
TABEL NO. XIV.	
Die Gesinstipes	158

S K E T S K A A R T E

SKETSKAART VAN ELIM	101
DIE LIGGING VAN DIE WOONHUISE, STRATE EN GANGE	103

G R A F I E K E

GRAFIEK NO. I.	
Gemiddelde aantal leerlinge (1905-1948)	79
GRAFIEK NO. II.	
Gemiddelde aantal Seuns en Dogters (1905 - 1948).	79.

H O O F S T U K I.

INLEIDING.

Soos deur die hoof van die ondersoek in die voorwoord reeds uiteengesit, maak hierdie gemeenskapstudie van die sendingstasie Elim 'n deel uit van 'n omvangryker opmeting oor sendingstasies in Kaapland. In die voorwoord is ook kortliks die doel en behoefte van die ondersoek gemeld.

In verband met hierdie gemeenskapstudie is allereers verloop van die bestuurder van die sendingstasie verkry om 'n sodanige ondersoek in te stel. Vervolgens is 'n volledige werkskema opgestel om as leidraad tydens die ondersoek te dien.¹⁾ Die gemeenskap is vanaf Junie 1946 vir vyf agtereenvolgende universiteitsvakansies besoek omrede verskeie kontakte opgebou moes word om die gewenste inligting te verkry. Die feit dat die ondersoeker op 'n plaas ongeveer 20 myl vanaf Elim opgegroeï het, het beteken dat hy met die gemeenskap sowel as met verskeie van die inwoners goed bekend was. Die nodige kontakte kon dus veel gouer gemaak word.

Afgesien van die inligting ingewin deur middel van 'n besoek aan elke huishouding by welke geleentheid 'n sekere aantal gegewens van elke gesin verkry is, is van

1) Die werkskema sal by die finale verslag, wat deur die hoof van die ondersoek opgestel sal word, as bylae bygevoeg word.

die volgende persone waardevolle hulp ontvang:

Die bestuurder van die sendingstasie.

Die skoolhoof en sy personeel.

Mnr. S. Will, vroeëre eienaar van die winkel op
Elim en nou nog aldaar woonagtig.

Die winkelier te Elim.

Die voorsitters van die verskillende verenigings
en sportklubs.

Die polisieamptenare.

Die distriksgeneesheer sowel as sy twee voorgangers.

Die Gesondheidsinspekteur.

Verder is van verskillende dokumentêre bronne gebruik gemaak soos bv. ^{oor}die werk en geskiedenis van die sendingkerk (sien bibliografie) asook van gegewens verkry by die magistraatskantoor te Bredasdorp.

Probleme i.v.m. die insameling van die gegewens: Alhoewel die insameling van die gegewens tot 'n groot mate vergemaklik is a.g.v. die feit dat die ondersoeker reeds vooraf bekend was met verskeie kleurlinge in die gemeenskap, het daar nogtans probleme voorgekom wat die ondersoek gestrem het, die belangrikste waarvan die volgende was:

1. Die bestuurder van die sendingstasie was onwillig om meeste van die gevraagde inligting te verstrek. Ook het die ondersoeker nie verlof gekry om die kerkboeke na te gaan nie.

2. 'n Groot persentasie van die bevolking bestaan uit oues van dae. Hulle was nie altyd bevoegd om die juiste gegewens te verstrek i.v.m. hulle kinders en die werk wat

hulle doen of oor hulle eie ekonomiese omstandighede nie.

3. Baie manlike gesinshoofde was tydens die besoeke elders werkzaam. Die gegewens i.v.m. hulle ekonomiese omstandighede moes gevolglik deur hulle eggenotes, verwante of bure verstrekk word wat in baie gevalle op skattings berus het.

4. 'n Aansienlike aantal bewoners van die sendingstasie was huiwerig om gegewens te verstrekk uit vrees dat hulle regte en voorregte ingekort of dat dwang op hulle uitgeoefen mag word.

5. 'n Ander probleem wat ondervind was, is die verbloeming van buite-egtelike geboortes, misdad, tuberkulose ens. Die kleurlinge hou nie daarvan om hieroor te praat nie. Daar moes gevolglik van skattings, in medewerking met die skoolhoof, gebruik gemaak word.

Oor die algemeen egter, was die kleurlinge geïnteresseerd in die ondersoek en het verskeie van hulle besonder ywer aan die dag gelê om behulpsaam te wees.

'n Samevatting van die vernaamste bevindings en aanbevelings word nie in hierdie studie ingesluit nie. Dit sal deur die hoof van die ondersoek in die finale rapport gedoen word.

H O O F S T U K II.

'N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG

Die jaar 1924 kenmerk die honderdjarige bestaan van Elim as Morawiese Sendingstasie. Van gewone boerplaas voor 1824 het Elim in die afgelope 124 jaar ontwikkel tot een van die mees aantreklike en skilderagtige sendingstasies in Suid-Afrika.

Die moontlikheid sowel as die noodsaaklikheid van sendingwerk onder die inboorlinge in Suidelike Afrika, het eers in die neëntigerjare van die sewentiende eeu sowel as aan die begin van die agtiende eeu onder die aandag van die Protestantse Kerk op die Europese vasteland gekom. Behalwe briewe en beskrywings van ds. Petrus van Kalden (predikant aan die Kaap vanaf 1697 tot 1706) en Valentyn („Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop“) handelende oor die inboorlinge aan die Kaap, is ook briewe in Europa ontvang van drie protestantse sendelinge nl. Ziegenbalg, Plutschau en Johann Georg Böving, wat die Kaap aangedoen het op hulle sendingreis na Indië.

Aanvanklik is daar nie veel gehoor gegee aan die versoeke van genoemde persone nie, aangesien die Protestantse Kerk destyds aktief deelgeneem het aan sendingwerk in ander wêrelddele. Na Ziegenbalg se tweede besoek aan die Kaap in 1715, het hy by sy aankoms in Europa persoonlik gepropageer vir sendingwerk aan die Kaap.

Uiteindelik het twee lede van die Hervormde Kerk in Holland, van Alpen en de Bruyn, daadwerklik begin optree en hul toevlug regstreeks na Graaf Nikolaas Ludwig von Zinzendorf, wat in 1722 die verstrooide en onderdrukte lede van die Morawiese Broederkerk op sy landgoed versamel en van huise voorsien het, geneem. Op Herrnhut, soos die nedersetting geheet het, het Graaf Zinzendorf sendelinge opgelei en hul dan uitgestuur na heidense lande.

Die eerste persoon wat na die Kaap gestuur was, is Georg Schmidt, en sy naam leef vandag nog in die hart van elke lid van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika. Op 9 Julie 1737 arriveer George Schmidt aan die Kaap die Goeie Hoop, en op 23 April 1738 vestig hy hom op Baviaanskloof in die Caledonse distrik - vandag bekend as Genadendal.

Voor 1824 het die Morawiese Kerk in Suid-Afrika alreeds gemeentes gehad te Genadendal (in die Caledonse distrik), Mamre (distrik Malmesbury) en Enon, geleë in die Oostelike Provinsie. Alhoewel die getalle van die gemeentelede destyds baie klein was in vergelyking met die ledetalle van vandag, was daar nogtans 'n duidelike groei te bespeur. Die Morawiese Kerk het toe begin dink aan die stigting van 'n vierde sendingstasie, hoofsaaklik om die volgende rede :

Van genoemde drie sendingstasies was Genadendal die

oudste en grootste, en baie aansoeke is ontvang om op hierdie stasie te woon. Die stigting van 'n vierde sendingstasie sou derhalwe 'n verstandige stap wees. Sommige van die aansoeke om op Genadendal te mag woon kon dan na die nuwe sendingstasie verwys of oorgeplaas word. 'n Logiese uitvloeisel uit hierdie doelwit sou tereg dan wees dat die nuwe stasie nie ver vanaf Genadendal geleë moet wees nie.

Toe die voorgenome plan van die Morawiese Sendelinge bekend word, het verskeie boere in die omtrek van Genadendal hulle plase te kope aangebied, dog geeneen van hierdie plase het aan die beoogde vereistes voldoen nie. (Wat hierdie „beoogde vereistes" was, kon nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dit is baie waarskynlik dat water, grondvrugbaarheid, ligging, grondpryse ens. die belangrikste faktore was.)

Op 12 Mei 1824 het Biskop Hallbeck, die destydse superintendent van die Morawiese Kerk in Suid-Afrika en 'n kollega, eerw. Stein, die plaas Vogelstruiskraal (sowat 28 myl vanaf Kaap Agulhas) van Johannes Petrus van Schonke namens die „Zending-Direktie der Broederkerk" gekoop. Biskop Hallbeck sowel as eerw. Stein het hierdie plaas as uiters geskik vir die voorgenome doel beskou. Die eerste sendeling wat tot die nuwe sendingstasie beroep is, was eerw. Bonatz. Eerw. Thomson, 'n kollega van eerw. Bonatz, het laasgenoemde vergesel na die nuwe sending-

stasie om met die veelvuldige werksaamhede behulpsaam te wees; 31 Julie 1824, die datum waarop die twee sendelinge op Vogelstruiskraal gearriveer het, kan beskou word as die begin van die nuwe sendingstasie.

Die grootte van die plaas Vogelstruiskraal was destyds om en by 3,000 morge en daar is hoofsaaklik met volstruise en perde geboer, terwyl vrugte en groente vir eie gebruik gekweek is. Die opstal het bestaan uit 'n goedgeboude woonhuis met vyf vertrekke. (Hierdie woning bestaan vandag nog; op die tipiese Kaaps-Hollandse middelgewel staan die volgende opskrif ANNO 1796.) Dan was daar 'n nuwe gebou wat as skrynwerkerswinkel sowel as perdestal diens gedoen het, 'n watermeul met 'n val van elf voet, 'n klein smidswinkel en twee veekrale.

Die eerste taak van die sendelinge was die beplanning vir die aanlê van die nuwe sendingstasie, met spesiale inagneming van 'n geskikte terrein waar die kerk later gebou moes word. Daar is ook voorlopige regulasies opgestel met die oog op toekomstige bewoners. Behalwe buitegeboue, begin die sendelinge in 1826 met die bou van 'n nuwe woonhuis vir hulself, en in die daaropvolgende jaar word 'n terrein vir 'n begraafplaas afgesteek, 'n pad daarheen aangelê en met akkerboompies aan weerskante beplant. In die volgende paar jaar word die grense van die sendingstasie aansienlik uitgebrei. In November 1831 koop die

„Zending-Direktie" 'n aangrensende plaas genaamd Platterug, waardeur die plaas met 'n addisionele 3,000 morges goeie wei- en saagrond ryker word, terwyl daar in 1854 'n deel goewermentsgrond bygekoop is wat 'n sterk stroom fonteinwater bevat het; die sendingstasie was voortaan voorsien van 'n oorvoldoende watervoorraad.

Die eerste gesin wat verlof gekry het om hulle op die nuwe sendingstasie te vestig was afkomstig van Genadendal en het bestaan uit vyf lede. Aan die einde van 1824 het die gemeente bestaan uit drie nagmaalsgangers, een gedoopte volwassene en agt gedoopte kinders. Spoedig, na die aankoms van genoemde twee sendelinge, het meer persone verlof gevra om hulself op die nuwe sendingstasie te vestig sodat daar in April 1825 op planmatige wyse grond uitgegee is waarop huise gebou kon word. Aan die einde van Oktober 1825, was daar reeds agt huise opgerig - die begin van die huidige Kerkstraat.

Op Hemelvaartsdag, 12 Mei 1825, het eerw. Bonatz aan die inwoners bekend gemaak dat dit die begeerte van die Sending-Direksie is, en dat toestemming van die goewer-¹⁾ment verkry is om Vogelstruiskraal te verdoop tot Elin. Die sendingstasie is sedertdien onder dié benaming bekend.

1) Sien Exodus 15 vers 27 en Exodus 16 vers 1.

Aangesien die stigting van Elim sonder staatsondersteuning geskied het, is die Morawiese Sending tot vandag toe nog die allenige eienaar met die reg soos 'n boer op sy plaas, om grond aan nie-blankes te verhuur volgens hulle spesifieke voorwaardes. Die Wet op Sendingstasies en Meentreserwes (Wet No. 29 van 1909) is derhalwe nie van toepassing op Elim nie.

Soos in bykans elke hoofstuk in die volgende bladsye behandel sal word, het die Morawiese Sending volle beheer oor elke aspek in die gemeenskapstruktuur. So byvoorbeeld, mag geen vereniging op die sendingstasie gestig word alvorens die kerk toestemming daartoe verleen het nie; laasgenoemde liggaam verplig bv. elke ouer om sy kind te laat skoolgaan, verplig lidmaatskap van die Kerk ens.

Mylpale in die Geskiedenis van Elim:

Vervolgens word kortliks op sekere mylpale in die geskiedenis van Elim gewys.

Die Sendingkerk: Die Kerk was vanuit die staanspoor die middelpunt van alle bedrywighede.

Op die eerste dag na die aankoms van die sendelinge op Vogelstruiskraal, aldus op 1 Augustus 1824, is die eerste kerkdien deur die sendelinge gehou. Hierdie diens is bygewoon deur 34 persone, waaronder sommige inwoners van Genadendal wat met die sendelinge saamgekom

het, enkele kleurlinge woonagtig in die omgewing van Vogelstruiskraal, twee slawe en enkele boere van omliggende plase.

Aanvanklik was al die dienste in die opelug gehou, maar na die voltooiing van die tweede woning van die sendelinge is die ou woning tot kerk verbou en ingewy op 9 Maart 1828. Hierdie gebou was betreklik klein - 46 voet lank en 15 voet breed, maar dit het woorlopig aan die nodigste vereistes voldoen. Op 24 Maart 1831 vind die eerste kerklike huwelik tussen Hendrik Onverwacht en Christine Michels op Elim plaas.

Op 18 Oktober 1835 is die huidige kerkgebou feestelik ingewy; sowat 600 mense het die plegtigheid bygewoon. Die Sending-Direksie van die Morawiese Broederkerk het onderneem om die koste verbonde aan hierdie gebou, te dek. Op 26 Januarie 1860 het die inwyding van die kerkorrel plaasgevind en Pieter Pfeiffer, destyds onderwyser aan die plaaslike skool, is aangestel as die eerste orrelis. Die orrel het £130 gekos en die gemeente het onderneem om dit self te betaal. Op 24 September 1865 vind die inwyding van 'n vleuel aan die oostelike kant van die kerkgebou plaas; die koste daaraan verbonde was £801 en is afbetaal deur die gemeente self asook d.m.v. donasies van goedgesinde vriende in Suid-Afrika, Duitsland, Engeland, Holland en Switserland.

In 1885 word die vyftigjarige bestaan van die kerkgebou gevier; vir dié geleentheid was feitlik die hele sendingstasie met blomme versier, terwyl sowat 800 mense die plegtigheid bygewoon het. Tydens die feestelikheid is die kerk ook voorsien van nuwe hanglampe en vloermatte. In 1914 is die ou kerkhorlosie van Herrnhut deur eerw. Lemmerz op die noordelike gewel van die Elimse kerk geïnstalleer.

„ Zo doet het oude klokwerk van Herrnhut weder dienst te Elim, als een nadrukkelike vermaning aan de leden van de gemeente, de tijd uit te kopen.“²⁾

In 1924 is twee ruim konsistoriekamers aan die noord- en suidvlerk van die kerk aangebou; die jongste verbetering is die installering van elektriese ligte.

Die Skool : Naas die geestelike bearbeiding van die kleurlinge het die sendelinge hulle sterk beywer om die jeug 'n goeie opvoeding aan te bied. Alreeds op 23 Augustus 1824, slegs 'n paar weke na die aankoms van die sendelinge op Vogelstruiskraal, is 'n skool geopen met vier leerlinge op die rol. Die sendelinge het aanvanklik self die onderrigwerk waargeneem. Aan die einde van 1842 word 'n kleurling, Alexander Hans, aangestel as die eerste voltydse onderwyser. Sy opleiding het hy aan die Genadendalse Kweekskool ontvang.

2) Elim (1824 - 1924) bls. 10, par. 3.

Na die voltooiing van die nuwe kerkgebou is die ou boerewoning, wat tot 1835 as kerk diens gedoen het, as skool gebruik. Weens die toename in die Elimse bevolking en die gevolglike toename in die aantal kinders wat die skool besoek het, is daar in 1877 en 1896 onderskeidelik, twee nuwe skoolgeboue opgerig, destyds bekend as „de kleine school" en „de grote school". Weens gebrek aan ruimte kon hierdie twee geboue nie vergroot word nie en in 1913 is 'n ruim nuwe skoolgebou voltooi. In die daaropvolgende jare is daar telkemale nuwe klaskamers by hierdie gebou toegevoeg. Die huidige skoolgeboue vandag bestaan uit 8 ruim klaskamers, een afsonderlike klaskamer vir houtwerk en 'n ruim sopkombuis wat in 1947 voltooi is.

Verandering van die loop van die Rivier: In 1909 het die manlike bewoners van die sendingstasie 'n sloot van 1295 voet lank, 16 voet breed en $5\frac{1}{2}$ voet diep gegrawe en sodoende die loop van die Nieuwejaarsrivier verander. Hierdie taak is aangepak omrede die tuine en landerye gedurigdeur blootgestel was aan oorstromings in die Wintermaande. Nie slegs is skade a.g.v. verspoeling hierdeur beëindig nie, maar is 'n groot stuk addisionele tuingrond beskikbaar gestel vir verbouing.

Die Meul : Soos reeds vermeld, was Vogelstruiskraal in 1824 alreeds in besit van 'n watermeul toe die plaas van

J. P. van Schonke gekoop is. Spoedig is besef dat die meul op 'n verkeerde plek staan, en is dit na 'n geskikte terrein verskuif. In Januarie 1900, is 'n meul wat met petrolkrag aangedryf word, aangekop. Die waarde van die meul word besef wanneer in aanmerking geneem word dat Elim taamlik ver verwyderd is van naburige dorpe en dat vervoergeriewe, veral in die verlede, 'n groot probleem gevorm het.

Die Werf : Die werf vorm dié gedeelte van die sendingstasie wat deur die blankes bewoon word. Behalwe vir die aanplant van bome, die aanlê van blomtuine ens. is daar in 1896 'n blommeskuur opgerig waarin die sewejaartjieblomme, wat op groot skaal op die Elimse berge en heuwels aangetref word, gestoor sowel as verwerk kan word. In 1898 is 'n nuwe winkelgebou opgerig en in 1901 en 1902 onderskeidelik, is twee ekstra wonings vir die leraars aangebou. Hierdie huise moes gebou word omrede die sendelinge nie meer die ou gebruiklike en tewens ook tradisionele „gemeenskaplike huishoudingsvorm“³⁾ wou navolg nie.

Die totale aantal geboue op die werf bestaan tans uit sewe woonhuise, 'n poskantoor, 'n losieshuis, 'n winkel,

3) Dit was die gebruik van die sendelinge en ander blanke bewoners van Elim om almal saam in een lokaal te eet, saam alle huishoudelike benodighede te koop ens. Voedsel is derhalwe in een kombuis voorberei en gemeenskaplike sowel as persoonlike benodighede bv. klere, is aangekoop nadat gesamentlik oor die noodsaaklikheid daarvan beslis is.

'n slaghuis, 'n skuur, die kerk en die meul. Al hierdie geboue is besonder stewig en aantreklik van voorkoms.

Posgeriewe: Vir ruim tagtig jaar was die sendelinge self verantwoordelik vir die sortering en uitdeel van die pos. In 1905 is daar egter 'n poskantoor gebou en 'n voltydse posmeester aangestel. Sedert 1906 beskik die gemeenskap ook oor die gerief van 'n telefoondiens. Vir die afgelope vyf jaar is daar ook 'n spoorwegbusdiens tussen Elim en Bredasdorp; hierdie bus besoek Elim drie keer per week.

Polisiediens: Sedert 1916 beskik Elim oor 'n polisiediens.⁴⁾ Die doel hiervan was slegs dat die Strandveld onder meer gereelde toesig van die polisie geplaas kon word, en weens die sentrale ligging van Elim is laasgenoemde aangewys as die sentrum vir die polisiestrasie van genoemde area.

4) Die gebied en omtrek waarin Elim geleë is, staan bekend as die Strandveld.

H O O F S T U K III

BEVOLKING

Volgens die sensusopnames van 1921, 1931, 1936 en 1946, was die bevolking van Elin as volg.¹⁾

TABEL NO. I

	BLANKES				ASIAATSE			KLEURLINGE			ALLE RASSE			
	'46	'36	'31	'21	'46	'36	'21	'46	'36	'21	'46	'36	'31	'21
M	11	8	10	12	-	-	-	-	565	496	-	573	-	508
V	9	4	7	7	-	-	-	-	538	544	-	542	-	551
Tot.	20	12	17	19	1	-	-	1,003	1,103	1,040	1,024	1,115	-	1,059

Soos hierdie tabel aandui, was daar 'n geringe toename van 5.3% van die Elimse bevolking tussen 1921 en 1936, terwyl daar 'n afname van 8.1% te bespeur is tussen 1936 en 1946. Die bevolking van Elin het derhalwe vir die afgelope ± 25 jaar min of meer konstant gebly. Die geringe afname van die bevolking tussen 1936 en 1946 kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat meeste van die jonger kleurlinge na skoolverlating elders gaan werk. 'n Baie groot gedeelte van dié kleurlinge werk in Kaapstad en dit is duidelik, volgens die plaaslike skoolhoof, dat hierdie neiging toeneem. Die wisselvalligheid van die boerderybedryf op Elim sowel as die ongewildheid van plaaswerk, speel 'n belangrike rol in dié verband; origens het die stad natuurlik 'n groot aantrekkingskrag vir veral die

1) Die syfers vir 1921, 1931 en 1936 is verkry uit: Bevolking, U.G. No. 21, 1938. Tabel 10, bls. 57, en dié vir 1946 uit: „Speciale Artikel, Bevolkingsensus, 7 Mei 1946, Deel II. Uitgegee deur die Direkteur van Sensus en Statistieke. Par. 2, bls. 29.

jonger kleurlinge.

Daar is egter ook nog ander bronne waaruit bevolkingstatistiek oor Elim verkry is. Tabel No. II toon die bevolkingstatistiek aan soos verkry uit:

- 2)
1. Die Kerkalmanak van 1945, 1946 en 1947.
2. Opname van die ondersoeker, April 1948. 3)
3. Opname van die plaaslike winkelier, 1947.

TABEL NO. II

Jaar	Bron	BLANKES			KLEURLINGE			Totale bevolking.
		M	V	Totaal	M	V	Totaal	
1945	Kerkalmanak	-	-	-	-	-	1,649	1,649
1946	Kerkalmanak	-	-	-	-	-	1,509	1,509
1947	Kerkalmanak	-	-	-	-	-	1,309	1,309
1947	Plaaslike Winkelier	-	-	-	-	-	1,096	1,096
1948	Ondersoeker	11	11	22	462	489	951	973.

Volgens bogenoemde tabel is die totale bevolking van Elim, soos verkry uit die Kerkalmanak, heelwat hoër as die van die 1946 sensusopname sowel as van die plaaslike winkelier en van die ondersoeker. Die rede hiervoor is die feit dat dit die gebruik van die plaaslike kerk is om persone wat elders woonagtig, maar nog lede van die Elimse kerk is, by die totaal in te sluit.

2) Die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika gee jaarliks 'n Kerkalmanak uit waarop o.a. die sieletal in elke gemeente aangegee word.

3) Hierdie opname van die totale aantal kleurling inwoners is uitgevoer tydens die rantsoenering van sekere skaars artikels.

Die rede waarom die bevolkingstatistiek van die plaaslike winkelier hoër is as dié van die ondersoeker kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat sommige kleurlinge doelbewus aan eersgenoemde verkeerde inligting verstrek het om sodoende op 'n hoër kwota van die skaars artikels, veral voedselsoorte soos bv. rys, suiker ens. aanspraak te maak.

H O O F S T U K IV

DIE ROL VAN DIE KERK

Die feit dat die Morawiese Sending die allenige eienaar van Elim is en gevolglik die mag het om alle gemeenskapsbedrywighede te reguleer, beteken dat die sendingkerk nie slegs verantwoordelik is vir die godsdienstige bearbeiding van die Kleurlinge nie, maar hom ook op alle ander terreine in die gemeenskap laat geld. Die sendingkerk m.a.w., vorm die spil waarom al die gemeenskapsaktiwiteite draai.

Die Amptenare van die Sendingkerk: Die enigste amptenare van die plaaslike sendingkerk is die leraar/bestuurder, die hulpleraar en die Kerkraad. Laasgenoemde liggaam wat, behalwe die twee leraars, uit 18 persone nl. 9 mans en 9 vroue bestaan, tree eintlik meer in 'n raadgevende as amptelike hoedanigheid op.¹⁾

Die eerste leraar, wat ook die bestuurder van die sendingstasie is, dien as die skakel tussen die plaaslike gemeente en die Morawiese Sending. Hy is 'n persoon van ongeveer 55 jaar, is afkomstig van Duitsland en staan reeds

1) Die mans en vroue het dieselfde pligte. Die vrouens neem die kollekte op in die deel van die kerk waar die vrouens sit, terwyl daar elke week om die beurt 'n manlike en vroulike lid van die Kerkraad die kerkgebou moet veeg, die kerkklok moet lui ens. Hulle vervul m.a.w. ook die pligte van 'n koster. Met kerkraadsvergaderings het hulle gelyke stemreg. Hulle word deur die gemeentedelede per stembriefie verkies vir 'n tydperk van drie jaar.

vir die afgelope nege jaar in diens van die Elimse gemeente. Sy opleiding as sendeling het hy in Duitsland ontvang, waar hy ook o.a. die doktorsgraad in die Teologie behaal het.

Die hulpleraar, wat terselfdertyd ook die hoof van die plaaslike skool is, is 'n kleurling en 'n Elimer van geboorte. Dit was tydens die ondersoek baie duidelik dat hy die kleurlinge goed verstaan. Ook is hy in noue voeling met hulle onmiddellike belange en hy is gevolglik baie gewild op Elim. Sy belangrikste plig behalwe preekbeurte, is aanvullende werk i.v.m. die plaaslike administrasie van die kerklike finansies. Eintlik verrig hy slegs deelydse werk.

Die maandelikse salaris van die eerste leraar is £20 terwyl die hulpleraar 'n vergoeding van £22. 10. per jaar ontvang. Beide die eerste leraar en hulpleraar, in hulle hoedanighede as sendeling/bestuurder en skoolhoof onderskeidelik, het vry huisvesting.

Die Administrasie en Finansies: Aangesien die eerste leraar, soos hierbo vermeld, die skakel tussen die plaaslike gemeente en die Morawiese Sending is, berus die administratiewe verantwoordelikhede uitsluitlik by hom, ofskoon die hulpleraar aanvullende werk in hierdie verband verrig.

Die administrasie van die kerklike finansies resorteer

onder die Algemene en Plaaslike Kerkkas en die Sendingkas.

1. Die Algemene Kerkkas: Die fonds van die Algemene Kerkkas bestaan uit die betalings wat ingevorder word vir kerk- en trougelde, kerklike sertifikate bv. doopseëls ens. Onder kerkgelde word verstaan, gelde wat betaal word deur alle Nagmaalsgangers d.w.s. alle persone wat lede is van die plaaslike kerk, asook deur alle persone vanaf die agtiende lewensjaar. Die jaarlikse bedrag vir mans en vroue is 7/- en 5/- onderskeidelik en die betaling van hierdie gelde is verpligtend. In die geval van behoefdiges in die gemeenskap, is die kerkraad by magte om gedeeltelike of algehele vrystelling te verleen, mits sulke persone aansoek daarvoor doen. Doelbewuste ontduiking van die betaling van kerkgeld kan, by herhaling daarvan, beteken dat inwoningsreg op die sendingstasie verbeur word. Die gelde wat vir huwelike ingevorder word, bedra 5/- terwyl dié vir kerklike sertifikate 1/- is. Die kerkgelde is die belangrikste bron van inkomste van die Algemene Kerkkas.

Uit die Algemene Kerkkas, wat jaarliks wissel tussen £250 en £300, word onder andere die salarisse en pensioene van die leraar en sy assistent betaal, die kerkadministrasie gedek, lenings verskaf vir die opleiding van leraars en onderwysers, die koste van die jaarlikse Kerk-konferensie bestry en ook die huur van die administratiewe geboue,

wat die eiendom van die Morawiese Sending is, betaal. Die totale bedrag van die Algemene Kerkkas gaan, soos in die geval van alle Morawiese sendingstasies, na die Superintendent van die Morawiese Kerk te Genadendal en die uitbetalings word, op voorskrifte van die Kerk-Konferensie, deur hom gedoen. Die fondse van die Algemene Kerkkas is natuurlik nie sterk genoeg om die spesifieke uitgawes te dek nie en die Morawiese Kerk moet derhalwe die tekort aanvul.

2. Die Plaaslike Kerkkas: Die fondse waaruit die Plaaslike Kerkkas opgebou word, bestaan uit die gebruikelike kollekte tydens die eredienste en die opbrengs van die jaarlikse kerkbasaar. Die basaar-opbrengs wissel gewoonlik tussen £150 en £250 - afhangende van die tuin- en graanoeste, asook die heersende markpryse, terwyl die totaal van die kerkkollekte jaarliks £80 bedra. Die gelde van die Plaaslike Kerkkas word uitsluitlik vir plaaslike doeleindes aangewend bv. die opknapping en instandhou van die kerk- en skoolgeboue, die oprigting van nuwe geboue, elektriese lig ens. Die totale bedrag word as voldoende beskou vir die doeleindes waarvoor dit aangewend word.

3. Die Sendingkas: Hierdie fonds word opgebou uit die verpligte jaarlikse betaling van 1/6 deur alle manlike inwoners van Elim, geldig vanaf die agtiende ^{lewensjaar,} / asook uit die huurgelde wat ingevorder word vir tuine, landerye,

2) groot- en kleinvee. Die jaarlikse betaling van 1/6 gee aan die persoon die reg om grond van die sending te huur, 'n huis op Elim op te rig en gratis gebruik te maak van die natuurlike bronne op die sendingstasie bv. grond, klei en riet vir boudoeleindes, hout, water, gruis ens.

Die totale som van die Sendingkas wissel jaarliks tussen £90 en £120 en dit word aangewend vir die betaling van die wegbelasting van die Elim-plaas, vir die instandhou van drade, kampe, waterwerke ens. Ook die Sendingkas soos in die geval van die Plaaslike Kerkkas, word as voldoende beskou vir die doeleindes waarvoor dit aangewend word.

Die totale bedrag wat dus jaarliks deur die amp-tenare van die kerk geadministreer word, beloop tussen £600 en £700.

Kerkstatistiek: Die onderstaande tabel toon die kerkstatistiek aan van die afgelope tien jaar.³⁾

2) Vir die spesifieke voorwaardes waaronder grond en weiveld gehuur word, sien Hoofstuk V. Die Ekonomiese Omstandighede.

3) Statistiek verkry van die hoofkantoor van die Morawiese Kerk te Genadendal.

TABEL NO. III. LIDMATE EN SIELETAL VANAF
1938 - 1947.

Jaar	Nagmaals- gangers (Lidmate)	Nie-Nagmaals- gangers ⁴⁾	Totaal (Siele- tal)
1938	1,012	1,389	2,401
1939 ⁵⁾	-	-	2,404
1940	1,009	1,415	2,424
1941	902	1,520	2,422
1942	815	1,446	2,261
1943	724	1,395	2,119
1944	624	1,269	1,893
1945	544	1,105	1,649
1946	514	995	1,509
1947	495	814	1,309

Soos duidelik blyk uit die bostaande tabel is daar 'n skerp daling van 1092 (45.5%) wat betref die sieletal, 517 (51.1%) en 575 (41.4%) betreffende die totale aantal nagmaalsgangers (lidmate) en nie-nagmaalsgangers respektiewelik, vanaf 1938 tot 1947 te bespeur. Hierdie daling kan toegeskryf word aan die feit dat die huidige sendeling op Elim, die name van persone met hulle gesinne wat elders werksaam of woonagtig is en nie gereeld die verpligte jaarlikse kerkgelde betaal nie, geskraap het as lede van die Elimse gemeente.

4) Hieronder word die kinders, persone wat nog nie aangeneem is nie en diegene wat onder die kerktug staan (sien latere paragraaf) ingesluit.

5) Die syfers van die tweede en derde kolom is nie in die besit van die hoofkantoor nie.

DIE DIENSTE WAT DIE KERK AAN SY LEDE EN DIE GEMEENSKAP BIED

Soos daar deurgaans in hierdie verhandeling op gewys word, bied die sendingkerk dienste op alle terreine in die gemeenskapsbedrywighede. Vir die doel van hierdie hoofstuk sal slegs dié dienste wat op die godsdienstige aspekte betrekking het, nagegaan word.

Dienste van suiwer godsdienstige aard: Behalwe vir die twee eredienste wat daar op Sondag plaasvind, word daar op elke Woensdagaand 'n sangdiens en op Saterdagagaand 'n biduur gehou, asook Sondagskoolklasse op Sondagnamiddae.

Alhoewel, volgens die eerste leraar, ruim 80% van die kleurlinge gereelde kerkgangers is, kan baie van hulle wat in die omgewing van Elim werksaam is, nie so gereeld die dienste bywoon nie. Daar is ook ander wat óf net na die aand- óf die oggenddiens kom. Gewoonlik is daar by die hoofdienste 'n gehoor van tussen 350 en 450 teenwoordig, d.w.s. tussen 30% en 40% van die totale aantal inwoners van die sendingstasie.

Die opkoms na die sangdienste sowel as die bidure is nie so goed as in die geval van die eredienste nie, aangesien dit slegs 'n groepie ouer persone is wat hierdie byeenkomste bywoon. Die bywoning van die Sondagskoolklasse is egter heeltemal bevredigend.

Die Bediening van die Sakramente : Weens die feit dat die

Elimse kleurlinge reeds van kleinsaf in gedurige kontak met die kerklike bedrywighele is, het hulle ongetwyfeld 'n beter besef van die betekenis en geestelike waarde van die kerklike sakramente as bv. die deursnee plaaskleurling.

Die Doop: Die doopplegtigheid, wat een keer per maand plaasvind, is 'n besondere gebeurtenis in die lewe van elke ouer. Die kleurlinge glo vas daaraan dat, sodra 'n kind gedoop is, hy, vir 'n tydperk altans, gevrywaar is van sonde. Om hierdie rede dan, maak die Morawiese Kerkorde nie slegs vir kinder- en volwassedoop voorsiening nie, maar wel ook vir nooddoop.

Kinderdoop geskied slegs in gevalle waar die betrokke ouers in volle besit van die kerklike voorregte ⁶⁾ is. 'n Buite-egtelike kind word nie gedoop alvorens die ouers trou en/of in besit van die kerklike voorregte herstel is nie. Ouers wat hulle kinders deur ander kerkgenootskappe laat doop, met die doel om die kerktug te ontduik, verbeur sodoende hulle lidmaatskap van die plaaslike gemeente sowel as inwoningsreg op die sendingstasie.

Nooddoop word toegepas ingeval 'n buite-egtelike kind ernstig siek word en die betrokke ouers nog nie getroud of in die kerklike voorregte herstel is nie. Dit staan egter die ander ouers ook vry om, ingeval hulle kinders siek word, die leraar te versoek om hierdie spesiale doop.

6) Sien paragraaf oor die Kerktug.

Volwassedoop geskied slegs nadat die doopkandidaat vir 'n tydperk van drie weke, onderrig in veral die leerstukke van die doop en die nagmaal ontvang het en hy belowe het dat hy 'n christelike lewe sal voer.

Die Nagmaal: In die reël vind daar ses nagmaalsvierings per jaar op Elim plaas. Elke nagmaal van die Morawiese Kerk het 'n besondere betekenis. Dit word nie slegs in verband gebring met geskiedkundige feite uit die Bybel nie, maar veelmeer met gebeurtenisse uit die geskiedenis van die Morawiese kerk. Daar word in die plaaslike gemeente gepoog om hierdie feite tuis te bring by elke nagmaalsganger. Ook word daar by elke nagmaalsviering opnuut aandag gegee aan die juiste betekenis van dié besondere dag vir die Morawiese Kerk.

Dit word van die vrouens verwag dat hulle by hierdie geleentheid, in plaas van hoede, wit kopdoeke sal dra, alhoewel van die jonger vrouens deesdae minder gewillig is om dit te doen. Hierdie gebruik was vroeër geldig by alle kerkdienste.

Die Aanneming: Die Kerkorde bepaal dat enige inwoner van Elim aangeneem kan word sodra die agtiende lewensjaar bereik is. Die plaaslike sendeling moedig aspirantlede van die kerk egter aan om te wag totdat hulle minstens twintig jaar oud is, aangesien hulle dan ryper is en 'n beter besef van die betekenis van die aanneming het.

Vir drie agtereenvolgende weke voor die aannemings- en voorstellingsplegtigheid, ontvang die katkisante onderrig i.v.m. die betekenis van die aanneming sowel as in die Bybel- en Kerkgeskiedenis. Die voorstelling van die nuwe lidmate vind dan tydens 'n openbare godsdiens-oefening plaas volgens die „Formulier voor de Konfirmatie”. Die totale aantal ingeskrewe katkisante wissel jaarliks tussen ongeveer twintig en dertig. Wanneer 'n persoon aangeneem en voorgestel is, is hy nie slegs 'n lid van die kerk nie, maar is daardeur ook 'n seniorstatus bereik.

Die Huwelik: Die gemiddelde aantal huwelike per jaar wissel van vier tot vyf. Eintlik staan die huweliksplegtigheid bekend as die „huweliksinsêning”. Veral omdat die sendingstasie geïsoleerd is, is so 'n funksie baie gewild. Die kerkgebou is gewoonlik goed gevul en familiebetrekkings en vriende kom ver afstande om dit by te woon. Die huweliksinsêning kan alleenlik geskied indien beide bruid en bruidegom gedoop, aangeneem en onbesproke van karakter is. Ingeval bruid en bruidegom onder die kerktug staan, kan hulle geen aanspraak maak op die kerklike eerbetuigings of voorregte nie, bv. die gelui van die kerkklok, die orrelspel tydens die verrigtinge, 'n tapyt voor die preekstoel ens. Dit is ook 'n vaste gebruik en die kerk verwag dit ook, dat wanneer 'n paar voor die magistraat trou, hulle onmiddellik daarna na die plaaslike leraar kom om hulle huwelik te laat insêen.

Huwelike wat voor die magistraat voltrek word, kom baie selde op Elim voor. Sodra 'n lid van die Elimse kerk sy huwelik in 'n ander kerkgemeenskap laat voltrek met die doel om daardeur die kerktug te ontduik, verbeur hy sy lidmaatskap van die plaaslike kerk en gevolglik ook inwoningsreg op Elim.

Volgens die hulpleraar speel bovermelde kerklike reëls sowel as die bepalinge i.v.m. die doop, 'n belangrike rol om buite-egtelike geboortes teen te gaan.

Die Begrafnis: Elke gedoopte inwoner van Elim het die reg om in die plaaslike kerkhof begrawe te word. Oor alle ander gevalle beslis die kerkraad. Anders as bv. in die geval van die blankes en kleurlinge op die platteland, is die verwante van die gestorwene nie verantwoordelik vir die keuse van die draers van die lyk nie. Die manlike kerkraadslid, wie se diensbeurt dit is, moet ses persone vra vir die uitvoering van hierdie taak en niemand mag weier tensy 'n grondige rede aangevoer kan word nie.

Die kleurlinge is besonder gesteld op 'n „groot begrafnis" en die opkoms na die kerkdienste sowel as na die begraafplaas is dan gewoonlik ook groot.

Kerkfeeste : Die vernaamste kerkfeeste op Elim is Paasfees, Kersfees, Kinderfees, Pinksterfees en Middernagfees op Oujaarsdagaand.

Al die kerkfeeste behalwe Paasfees en Kersfees, neem

die vorm van gewone eredienste aan. Eersgenoemde Kerkfees is 'n heel besondere gebeurtenis op Elim en die verrigtinge is versprei oor 'n tydperk van tien dae. Daar word vanaf die Sondag voor Paas-Sondag elke aand 'n diens gehou by welke geleentheid die lydensgeskiedenis van Christus behandel word. Op die Saterdagoggend voor Paas-Sondag word die begraafplaas deur die mans skoongemaak terwyl die vroue elke graf met blomme versier. Die volgende môre om ses-uur kom die hele gemeente voor die kerkgebou byeen en gaan vandaar dan in optog na die begraafplaas met die leraar en die kinders aan die voorpunt, gevolg deur die blaasorkes en die kerkkoor en dan die res van die aanwesiges. Hier word o.a. die name van almal wat in die afgelope jaar gesterf het, afgelees terwyl die blaasorkes en kerkkoor verskeie male optree.

Om tien-uur volg die feespredikasie in die kerkgebou en na afloop van die diens kry elkeen teenwoordig tee en beskuit. In die aand word daar 'n afsluitingsdiens gehou terwyl die formele afsluiting van die fees-verrigtinge die daaropvolgende Woensdag plaasvind deur die jaarlikse skool- of kerkbasaar.

Paasfees is die groot fees van die jaar. Honderde kleurlinge, veral dié wat in Kaapstad woonagtig is, asook verskeie blankes van die omgewing van Elim, woon die verrigtinge by. Die hele gemeenskap verkeer in 'n egte feesstemming en geen moeite word deur die inwoners ontsien

om verwante en vriende van voedsel en verblyfplek te voorsien nie.

Kersfees word met die gebruiklike kersboom in die kerk gevier en gewoonlik vind daar by hierdie geleentheid ook 'n kers-voorstelling plaas. Anders as in die geval van bv. die N.G.-Kerk op die omliggende dorpe, word daar geen kersgeskenke aan die kinders uitgedeel nie.

Kinderdienste en Sondagskool: Dit was tot die einde van 1946 die gebruik op Elim dat die onderwysers beurtelings op Sondagmiddae 'n kinderdienst hou. Vanaf 1947 word daar egter gereeld op Sondagmiddae Sondagskool gehou deur ses van die onderwysers. Vir dié doel is die kinders in ses groepe verdeel. Dit word van elke ouer verwag om sy kind(ers) na die Sondagskool te stuur.

Huisbesoek: Dit was vroeër die gebruik van die leraar om gereeld huisbesoek te doen. In die meeste gevalle word tans slegs die siekes en oues van dae deur hom besoek en dit is 'n oorsaak van ontevredenheid by die inwoners van die sendingstasie. Die leraar beweer egter dat sy ander werksaamhede te omvangryk is en dat huisbesoeke derhalwe beperk moet word.

Ander dienste: Die kerk neem nie direk deel aan die verenigingslewe in die gemeenskap nie. Weliswaar verleen die kerk sy toestemming tot die stigting van verenigings,

die gemeente word aangeraai om daarby aan te sluit en die lede word d.m.v. aankondigings tydens die eredienste herinner aan die vergaderings. Ook verleen die kerk nie direkte steun aan die siekes en armlastiges in die gemeenskap nie. Slegs d.m.v. algehele of gedeeltelike kwytstelling van kerkgelde word diesulkes bevoordeel. Dit is die gebruik van die leraar en sy gade om die siekes te besoek en waar moontlik, medisyne aan hulle te verskaf.

Verpligtings en Tugmaatreëls deur die Kerk opgelê:

Behalwe vir die reedsvermelde gevalle waar die kerk-tug toegepas word bv. doelbewuste ontduiking van die betaling van kerkgelde ens. is daar ook nog ander gronde wat tugmaatreëls regverdig. In gevalle van wangedrag op maatskaplike gebied bv. dronkenskap, oproerigheid ens. sowel as doelbewuste oortreding of ignorering van die kerklike ordes, word ook tugmaatreëls toegepas. Dit is die plig van elke lid van die gemeente om, indien hy kennis dra van enige oortredings wat in stryd is met die voorgeskrewe reëls, dit sonder versuim by die plaaslike kerkkantoor aanhangig te maak. Aangesien wangedrag van enige aard die eer om aan die nagmaal deel te neem, die verlies van die gebruikmaking van die kerklike voorregte of selfs die beëindiging van inwoningsreg kan beteken, is die kleurlinge oor die algemeen baie gesteld daarop om 7) Sien hoofstuk XII. Spesiale Maatskaplike Vraagstukke.

aan die eise van die kerk te voldoen. Nogtans is daar gedurigdeur persone wat onder die kerktug staan. Die gemiddelde aantal vir die afgelope drie jaar is \approx 20, d.w.s. iets minder as 4% van die totale aantal lede van die kerk.

Die Morawiese kerk onderskei drie grade van tug:

1. Vermaning: Indien 'n persoon 'n daad begaan of 'n lewe voer wat, volgens die mening van die kerkraad, tot nadeel strek van die persoon self sowel as vir die gemeenskap as geheel, word hy vermaan asook aangeraai om vir 'n tyd nie aan die nagmaal deel te neem nie.
2. Algehele uitsluiting van die nagmaalstafel en die Kerklike voorregte: In gevalle van bv. buite-egtelike geboortes en die ontduiking van die betaling van kerkgeld, kan so 'n persoon verbied word om aan die nagmaal deel te neem en kan hy op geen kerklike voorreg bv. die gelui van die kerkklok tydens die huwelik en begrafnis, die toetrede tot die dooptafel ens. aanspraak maak nie. Hierdie vorm van tug word meer algemeen as die ander twee toegepas.
3. Verbeuring van inwoningsreg: Wanneer 'n persoon, ten spyte van waarskuwings en ander tugmaatreëls volhou om oortredings te begaan wat indruis teen die kerklike ordes, word sy inwoningsreg hom ontnem. Volgens die plaaslike leraars is hierdie tugmaatreël vroeër dikwels toegepas, terwyl dit tans selde, indien ooit, voorkom. Trouens,

hierdie vorm van tug is in die afgelope tien jaar nog nie toegepas nie - nie weens die versagting van die kerkordes nie maar wel weens die feit dat daar geen ernstige oortredings voorgekom het nie.

Die plaaslike polisieamptenare skryf die geringe aantal oortredings wat daar op Elim voorkom, uitsluitlik toe aan die bovermelde tugmaatreëls asook aan die invloed van die leraars.

Die Kerkgebou: Die hulpleraar het tereg verklaar dat die kerkgebou die sieraad van Elim is. Hierdie ruim en aantreklike gebou het die kenmerkende T-vorm van die Morawiese Kerke en pastorieë. Dit is besonder stewig gebou, is voorsien van hoë, dik mure met drie gewels, 'n rietdak, voldoende en ruim vensters en deure sowel as sterk banke met rugleunings. Die vleuel regoor die preekstoel is voorsien van 'n galery met 'n orrel en ruim sitplek vir die kerkkoor en die blaasorkes. Die sitplekke binne die kerkgebou is in twee afdelings verdeel - een afdeling vir die mans en vroue onderskeidelik. Aan weerskante van die preekstoel is daar spesiale sitplekke vir die blankes van die gemeenskap. By twee van die drie hoofingange is daar konsistoriekamers asook pakplek vir die nagmaalsapparaat, koppies, pierings, skinkborde ens. Die gebou is van elektriese beligting voorsien. Die kerkraad dra sorg vir die skoonmaak van die gebou.

Slotopmerkings: Wanneer die huidige ordeninge en reëls van die Elimse kerk vergelyk word met dié wat in die vorige eeu in swang was, is dit opvallend dat dit min of meer onveranderd gebly het. Ook is die gesag van die kerk, volgens verskeie bejaarde inwoners van die gemeenskap, in hoofsaak nog dieselfde. Hulle is egter van mening dat sommige van die jonger kleurlinge, veral dié wat elders werksaam was en hulle weer op Elim gevestig het, nie kerkvas genoeg is nie. Hierdie bewering vind aansluiting by dié van die eerste leraar n.l. dat ongeveer 20% van die kleurlinge nie gereëldde kerkgangers is nie. Nogtans is die gunstige invloed van die sendingkerk, op godsdienstige sowel as op maatskaplike gebied, nog altoos baie duidelik waarneembaar.

H O O F S T U K V

DIE EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE

Die ekonomiese omstandighede van die bevolking van enige gemeenskap word hoofsaaklik bepaal deur die werk en werksomstandighede wat die betrokke gemeenskap bied. Dit is vanselfsprekend dat die meeste inwoners op sendingstasies 'n bestaan uit landbou sal maak en dit is ook die geval op Elim. Afgesien hiervan, is daar verskeie inwoners wat ook nog hulle inkomste aanvul deur op plase in die distrik en op naburige dorpe te werk terwyl daar ander is wat geheel-en-al van die inkomste van hierdie laasgenoemde tipe werk leef. Soos in alle gemeenskappe, is daar ook nog 'n aantal klerikale en professionele werkers asook persone wat werk van 'n ongeskoolde aard verrig.

Alvorens oorgegaan word tot 'n uiteensetting van die ekonomiese omstandighede van die inwoners van die sendingstasie word eers kortliks die ligging, grondvrugbaarheid en klimaat, wat natuurlik 'n belangrike rol speel i.v.m. die boerderybedryf, behandel.

Die Ligging, Grondvrugbaarheid en Klimaat van Elim.

Die deelname van die kleurlinge aan die boerderybedryf op Elim, hang baie nou saam met veral die grondvrugbaarheid en klimaatstoestande van die betrokke gebied. Die ligging, alhoewel miskien minder belangrik as die grondvrugbaarheid en die klimaatstoestande, speel ook 'n rol in dié verband.

Was Elim bv. nader aan die grense van 'n stedelike sentrum geleë, sou bepaald 'n groot aantal kleurlinge by een of ander industrie werkzaam gewees het.

Ligging: Elim is geleë in die Strandveldgebied van die Bredasdorpse distrik; hierdie gebied vorm eintlik die suid-westelike gedeelte van genoemde distrik. Alhoewel die sendingstasie as taamlik verafgeleë voorkom, vorm dit nogtans 'n soort „middelpunt" tussen verskeie omliggende dorpe. Die spesifieke mylafstande na die dorpe is die volgende:

Bredasdorp	-	24 myl
Napier	-	20 myl
Stanford	-	28 myl
Hermanus	-	42 myl
Gansbaai	-	26 myl.

Die afstand van Elim na Kaapstad is 123 myl.

Die Grond: Die totale grondoppervlakte beslaan ongeveer 6,500 morges. Die grond, alhoewel nie besonder vrugbaar nie, is hoofsaaklik saamgestel uit die Bredasdorp-formasie en die Bokkeveld-serie; die algemene benaming vir hierdie grond is „ruënsgrond". Daar word vrugbare alluwiale grond in die vleiagtige dele, wat hoofsaaklik vir tuinery aangewend word, aangetref. 'n Aansienlike gedeelte van die plaas bestaan uit heuwels en bergagtige gedeeltes wat uitsluitlik as weiveld dien vir die groot- en kleinvee.

Die Elimse grond is oor die algemeen taamlik suur en

koud. Die oorsaak hiervan is miskien te wyte aan die hoë persentasie sand wat die grond bevat saam met die hoë reënval. Eintlik is die grond, alhoewel baie geskik vir tuinry, minder vrugbaar as dié, meer in die onmiddellike omgewing van Bredasdorp.

Klimaatstoestande: Die klimaatstoestande is heeltemal gunstig. Die jaarlikse reënval kan op gemiddeld \approx 20 dm. gestel word - ongeveer 'n duim of twee hoër as die gemiddelde vir die res van die distrik. Die reëns verskyn in die winter- sowel as in die somermaande. Die somerreënval is in sommige jare selfs hoër as die winterreënval. In 1936 bv. was die reënval vir die winterseisoen (April tot September) 8.60 dm., terwyl dit in die somerseisoen (Oktober tot Maart) 10.26 dm. was. (Hierdie gegewens geld egter vir die hele distrik.)

Dit gebeur baie selde dat sterk winde en haelstorms voorkom. Mistige weer, wat veral in die lente voorkom, is geneig om die graan te laat roes.

DIE INKOMSTE EN VERDIENMOONTLIKHEDE OP DIE SENDINGSTASIE.

Die inwoners van Elim maak 'n bestaan deur werksaam te wees in die volgende beroepe:

1. Landbou

- (i) graanboerdery
- (ii) veeboerdery
- (iii) tuinboerdery

2. Loonarbeid

- (i) plaaswerk
- (ii) deeltydse plaaswerk
- (iii) ander loonarbeid.

3. Ambagswerk

4. Klerikale en professionele werk

5. Sake-ondernemings.

DIE LANDBOUERS

Die landbouers kan in die volgende vertakkinge van die bedryf ingedeel word:

Bedrywe	Aantal
Tuinboere	100
Graan- en tuinboere	15
Vee- en tuinboere	10
Graan- en veeboere	8
Graan- tuin- en veeboere	5

Soos bostaande gegewens aandui, lê die landbouers hulle oor die algemeen nie toe op net een soort boerdery nie, maar het hulle meesal benewens hulle tuinboerdery, wat die grootste meerderheid uit die aard van die omstandighede beoefen, ook belange in ander vertakkinge van die bedryf.

Alvorens oorgegaan word tot 'n uitvoerige uiteensetting van die ekonomiese omstandighede van die tuin-, vee- en graanboere (verskeie waarvan ook deeltydse loonarbeid

- 39 -

verrig) sal eers 'n beskrywing gegoo word van die huurvoorwaardes van die grond wat vir almal geld.

Voorwaardes waaronder grond en weiveld gehuur word: Die grond en weiveld word onder spesifieke voorwaardes van die sending gehuur.

Die jaarlikse betaling van 1/6 deur elke manlike kleurling vanaf sy agtiende lewensjaar, gee hom o.a. die reg om tuine, lande en weiveld (vir groot- en kleinvee) van die sending te huur. Die huurgelde van saailande bedra 2/6 per morg per jaar of 5/- per sak graan wat gesaai word, terwyl die huurgelde van die tuine 1/6, 2/6 en 3/- per jaar bedra. Die ligging, grondvrugbaarheid en grootte van die betrokke tuin bepaal die hoeveelheid huurgeld. Die jaarlikse fooi vir grootvee bv. beeste, perde en donkies, is ses pennies per kop terwyl daar vir elke 100 skape, £1. 15/- per jaar betaal moet word. Die huurgelde wat die sending vir die tuine, lande en weiregte verg, is derhalwe baie gering, soos ook duidelik sal blyk uit die onderstaande voorbeeld van 'n landbouer wat gemengde boerdery toepas:

Jaarlikse huurgelde:		£	s	d
Huurgelde vir	tuin A	-	1	6
"	" B	-	2	6
"	" C	-	3	-
Weireg	" 150 skape	2	12	6
"	" 10 beeste	-	5	-
Huurgeld vir	6 morg saailand	-	15	-
		3	19	6

- 1) Vroue word onthef van die betaling van hierdie gelde.
- 2) Dit is die gebruik dat op twee morges grond een sak graan gesaai word.

Die wolopbrengs van bogenoemde boer alleen, kan volgens die huidige wolmark, op £100 gestel word.

Die sending laat elke boer toe om soveel lande en/of tuine te huur aswat hy verkies. In geval 'n persoon sy grond egter sleg bewerk, kan die sending die hoeveelheid huurgrond inkort. Is die sending egter tevrede met die wyse waarop die betrokke boer sy grond bewerk, mag sy grond hom nie ontnem of ingekort word nie. Dit gebeur dan ook dikwels dat dieselfde land of tuin vir verskeie geslagte aan dieselfde familie behoort. In sulke gevalle word die grond, soos algemeen bekend „oorgedra aan die familie."

Die sending het in die geval van die graanboere, 'n kommissie bestaande uit vier kleurlinge benoem - bekend as die „Landkommissie", om toesig te hou en advies uit te bring wat betref die graanboerdery. Die lidmaatskaps-tydperk van hierdie komitee is onbeperk. Sodra iemand 'n land wil huur, moet hy eerstens in aanraking met die landkommissie kom. Hierdie persone neem die aspirant-huurder dan na die land wat hy voornemens is om te huur, adviseer hom hoe hy die grond moet bewerk, welke graan-gewas hy behoort te saai ens. Die huurder ontvang dan 'n skriftelike bewys van die bestuurder van die sendingstasie dat verlov aan hom toegestaan word om die betrokke land te huur. Wanneer hy hierdie huurbewys aan die landkommissie

toon, vergesel hulle hom na die betrokke land en gee die grond formeel aan hom af. Die sending verplig die kleurlinge om grond op dié wyse te huur en dit word verwag dat elke huurder die bevele van die landkommissie sal uitvoer. Wanneer daar geskille ontstaan wat betref die lande, weiregte ³⁾ ens. moet die plaaslike bestuurder saam met die landkommissie op die saak ingaan en die geskille uit die weg ruim. Ook gebeur dit dikwels dat die bestuurder en die landkommissie of enkele lede van die kommissie ontmoet om samesprekings te voer i.v.m. die graanboere, landerye ens.

Die sending het al die lande in blokke onderverdeel, d.w.s. elke blok of gedeelte grond bestaan uit 'n aantal afsonderlike lande. Geen persoon mag 'n hele blok huur nie maar wel afsonderlike lande in die betrokke blok. Daar bestaan ongeveer tien blokke en elke blok is opgedeel in 'n vaste aantal lande - afhangende van die ligging en ruimte. Sommige blokke bestaan uit twintig aparte lande. Elke blok het sy eie nommer, bv. Blok C, land 10, asook 'n trekpad om sy grense met 'n breedte van 15 voet; niemand gaan derhalwe oor 'n ander persoon se lande na sy eie nie.

Soos in die geval van die graanlande, is die tuine ook in blokke onderverdeel. Daar is 13 blokke en elkeen bestaan uit 'n aantal tuine. Die hoeveelheid tuine wat 'n blok vorm, word uitsluitlik bepaal deur die ligging van die

3) Sien die paragraaf onder „kleinvee“.

betrokke grondgebied. Sommige blokke bestaan tot selfs uit 100 tuine. Die totale aantal tuine op Elim is ± 600.

Vir die beheer oor die tuinery bestaan daar 'n Tuin-kommissie. Dieselfde prosedure i.v.m. die huur as in die geval van die lande, word by die tuine gevolg. Die grense van elke tuin is omring deur 'n leislout en die lede van die tuinkommissie, of soos meer bekend as die tuinopsieners, moet sorg dra dat regmatige leibeurte aan elke tuinboer toegestaan word. Aangesien daar 'n voldoende watervoorraad op Elim is, vind die reëling van leibeurte eintlik net in die somermaande plaas.

Die sending het, wat betref die kleinvee, 'n ekstra taak aan die landkommissie opgedra. Dit gebeur een keer per jaar, gewoonlik vanaf Kersfees tot einde Maart, dat alle lande oopgestel word vir die kleinvee. In hierdie tydperk mag enige persoon sy kleinvee op enige land laat wei. Vir die res van die jaar egter, gewoonlik vanaf April tot voor Kersfees, is elke huurder weer in volle „besit" van sy lande. Die landkommissie sien toe dat daar reg geskied aan hierdie reëlings. Wanneer die lande „toe" is, mag die kleinvee, veral die skape, in die veld wei mits daar 'n wagter by elke trop is.

Vir die grootvee is daar afsonderlike kampe aangebring. Die hierbo gemelde betaling van ses pennies per kop word o.a. aangewend om die kampe in stand te hou, veral wat betref die omheining, hekke ens.

Kennisgewings i.v.m. die oopstel van die lande word tydens die eredenste sowel as op 'n kennisgewingsbord voor die kantoor van die bestuurder onder die aandag van die kleurlinge gebring.

DIE GRAANBOERE:

Alhoewel die Elimse grond nie besonder geskik is vir graanboudoeleindes nie, is daar nogtans 21 graanboere, drie waarvan vroue is wat na die sterfte van hulle eggenotes die boerdery met behulp van hulle seuns voortgesit het. Sommige van hierdie graanboere saai baie min en hulle is terselfdertyd ook veeboere. Die graan wat hulle saai word hoofsaaklik as veevoer gebruik - meesal in die vorm van groenvoer.

Verskeie graanboere het beweer dat vroeër, voor die begin van die dertigerjare, akkerbou 'n meer belangrike plek in die landboubedrywighede ingeneem het as tans. Met die verskyning van die depressie het etlike graanboere 'n ander heenkome begin soek. Sommige van hulle was genoodsaak om tuinboere te word of om op die omliggende plase te gaan werk. Die lae pryse wat vir die graan aangebied is en die gebrek aan kapitaal, was veral die stremende faktore. Baie lande wat vroeër bewerk was, is tans begroei met bossies en gras.

Omvang van die graanbou: Dit is duidelik dat die pas afgelope oorlog die omvang van die akkerboubedryf aan-

merklik beïnvloed het. Die relatiewe skaarsheid aan bemestingstowwe en golingsakke het verskeie boere genoodsaak om minder te saai.

Die belangrikste graangewasse wat verbou word, is koring, hawer, gars, rog en ertjies. Laasgenoemde drie gewasse word hoofsaaklik vir eie gebruik verbou terwyl eersgenoemde twee die eintlike inkomste moet verskaf. In drie gevalle is daar boere wat tot 15 sak koring en hawer respektiewelik saai; die res wissel van drie tot tien sak van albei gewasse. Gewoonlik is die hoeveelheid hawer wat gesaai word meer as die hoeveelheid koring. Eersgenoemde gewas kan met minder bemestingstowwe klaar-kom as laasgenoemde, terwyl hawer ook meer bestand is teen droogte, ryp ens.; dit word beweer dat hawer „taaiër“ is as koring. Die gesamentlike hoeveelheid graan, veral koring, wat tans gesaai word, word in hoofsaak bepaal deur die kwota bemestingstowwe wat verkry kan word.

Koring skiet gemiddeld van agttot tien sak per sak terwyl dié van hawer ietwat hoër is, nl. van twaalf tot vyftien. Die gemiddelde opbrengs per sak van koring en hawer in die omgewing van Bredasdorp, is gewoonlik om en by 20 en 30 respektiewelik.⁴⁾ Die kleurlinge beweer egter dat die rede hiervoor nie slegs in die beter gehalte grond van die blankes gesoek moet word nie, maar wel ook in die

4) Die soort koring en hawer wat gesaai word, is ook van belang aangesien die verskeie soorte gewoonlik verskillend skiet.

feit dat die blanke boere 'n hoër kwota bemestingstowwe ontvang. Vir een sak saadkoring is minstens drie sakke bemesting nodig en in die meeste gevalle het die kleurlinge slegs een sak ontvang; die totaal wat gesaai word moes noodwendig ingekrimp word. Die kleurlinge vind dit ook moeilik om die bemestingstowwe te bestel. Ook het hulle nie die kontakte wat die blankes het om bv. bemestingstowwe „langs ander weë" te vind nie.

Die totale koringopbrengs het in 1946 en 1947 onderskeidelik 1,050 en 1,900 sak bedra, terwyl dié vir hawer 1,200 en 2,100 vir dieselfde twee jare beloop het. Die hoër opbrengs van 1947 kan toegeskryf word aan die „beter graanjaar"⁵⁾ sowel as aan die ietwat hoër bemestingkwota wat ontvang is. 'n Gunstige koringjaar beteken egter nie noodwendig 'n gunstige hawerjaar nie.

Die metode en tyd van grondbewerking saam met klimaatsomstandighede, bepaal tot 'n groot mate, soos hieronder aangedui sal word, die oes-opbrengs.

Grondbewerking: Ten spyte van die feit dat die meeste graanboere op Elin beweer dat hulle die waarde van deeglike en oordeelkundige grondbewerking besef, is daar nie veel wat hierdie beleid in die praktyk uitvoer nie. Die grond word in die reël vlak geploeg en in baie gevalle in

5) In alle graandistrikte speel die spesifieke jaar 'n belangrike rol wat betref die graanopbrengs. Die weersomstandighede bv. reënval, temperatuur, droogte ens, is belangrike faktore in hierdie verband.

'n verkeerde tydperk van die jaar. Sekere soorte gras bv, groei makliker in spesifieke tye van die jaar sowel as onder spesifieke weersomstandighede. Ook baat dit nie veel om die lande te ploeg nadat die onkruid alreeds ryp saad afgewerp het nie. Dit is gevind dat sommige graanboere hulself bind aan 'n bepaalde tyd van grond-bewerking terwyl ander weer bv, ploeg wanneer hulle die tyd daartoe het - afgesien van die feit of dit wel die gewenste tydstip is. Sommige saai-boere weer, sal hierdie werk uitstel totdat hulle bure klaar geploeg het. aangesien hulle nie oor die nodige implimente en trekvee beskik nie en dit gevolglik van hulle bure moet leen of huur.

Indien die graanboere deskundige voorligting i.v.m. die bewerking van grond, die tipe saad wat gesaai behoort te word ens. kan ontvang, sal die toestande ongetwyfeld verbeter.

Die wisselboustelsel d.w.s. een jaar koring, een jaar hawer en een jaar braak, word deur die meeste boere gevolg. In die laasgenoemde geval word die grond nie gesaai nie maar moet dit „rus". Op hierdie wyse word die grond derhalwe nie aangrootskaalse uitputting blootgestel nie. Die braaklande word dan in die wintermaande geploeg. Die meeste graanboere huur verskeie lande sodat sommige daarvan kan braak lê wanneer die ander gesaai word. Nogtans is daar sommige boere wat rooibou toepas d.w.s. hul saai

die lande jaar na jaar.

Saaityd geskied gewoonlik vanaf Mei tot Junie. Voordat die grond egter gesaai word, word dit allereers geëg en geëg.

Implimente: Die belangrikste implimente wat 'n saaiboer nodig het, is 'n saai- en snymasjien, 'n ploeg, 'n eg en 'n dorsmasjien. Slegs 'n paar boere beskik oor saai- en snymasjiene. In die meeste gevalle word met die hand gesaai of word 'n saaimasjien geleen of gehuur. Elke graanboer besit egter 'n eie ploeg en eg. Die min implimente waarvan die kleurlinge gebruik maak, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat hulle dit nie kan bekostig om die addisionele implimente aan te koop nie.

Die sending het tot omstreeks tien jaar gelede, oor 'n dorsmasjien beskik en het onderneem om die graan van die kleurlinge uit te dors. Hierdie dorsmasjien met 'n trekker, is toe deur 'n groep kleurling-graanboere, wat 'n maatskappy gevorm het, van die sending gekoop. Binne enkele jare was die masjien afbetaal en die winste wat daarna afgewerp is, kon onder die eienaars verdeel word, afhangende van die bedrag wat elke boer op die koopsom van die masjien inbetaal het. Die oeste van verskeie blanke boere in die omgewing van Elim word aangeneem en aansienlike profyte word jaarliks gemaak.

Inkomste en Uitgawe van die Graanboere: Weens die feit

dat die arbeid gewoonlik deur die vader en seuns verrig word, is die uitgawe wat betref die arbeidskoste in die vorm van lone, niks of betreklik gering. Die grootste bronne van uitgawe is die bemestingstowwe, saad, graansakke en die vervoerkoste na die mark. Nogtans het verskeie boere beweer dat hulle inkomste nie veel meer as hulle uitgawe is nie. Geen boer kon egter met sekerheid definitiewe inligting van hulle inkomste en uitgawe verskaf nie aangesien nie een van hulle dit aanteken nie. By sommige is daar natuurlik ook nog die gebruikelike geheimsinnigheid oor hulle finansiële sake.

Die volgende drie gevalle kan as tipiese voorbeelde dien van die finansiële omstandighede van die graanboere.

Geval A : Hierdie boer is 'n voorbeeld van iemand wat graanbou op baie klein skaal toepas en die inkomste moet dus noodwendig op ander maniere aangevul word. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en vier kinders, drie waarvan nog op skool is. Die hoeveelheid graan wat gesaai word, word hoofsaaklik vir eie gebruik aangewend. Indien daar sommige jare 'n surplus koring is, word dit van die hand gesit. Die hawer- en garsopbrengs word as vee- en varkvoer gebruik. Verder word daar gemiddeld sewe varke per jaar verkoop vir £ 40, terwyl die twee tuine wat bewerk word ook 'n addisionele inkomste van £ 15 beteken. Dit blyk dat die jaarlikse gesinsinkomste die uitgawe met ongeveer £ 10 aan kontant klop.

Geval B: Die gesin bestaan uit die vader, moeder en vier seuns, twee waarvan nog op skool is terwyl een seun sy vader behulpsaam is met die boerdery en die ander een in diens is van die plaaslike winkelier. Alhoewel die gesinshoof hom uitsluitlik op graanboerdery toelê, word daar ook 'n tuin bewerk, die opbrengs waarvan vir eie gebruik aangewend word. Daar word jaarliks ongeveer vyf sak koring, vier sak hawer en drie sak gars gesaai wat 'n bruto wins van

* £100 inbring. Die uitgawe aan bemestingstowwe, vervoorkoste, sakke ens. beloop £60. Die gesin beskik derhalwe oor ongeveer £40 profyt na afloop van die oes.

Geval C: Hierdie gesin bestaan uit 'n vader, moeder en ses kinders waarvan twee seuns die gesinshoof behulpsaam is met die boerdery. Daar word jaarliks ongeveer 15 sak koring, 20 sak hawer en 6 sak gars gesaai. Nadat die produk-siekoste afgetrek is, kan die bate op £250 gestel word. Hierdie gesin kan 'n redelike bestaan voer en word as welaf beskou. Vanselfsprekend word die lewenskoste laag gehou deur die aanhou van pluinvee en die bewerking van 'n tuin. Origens word die arbeid (oestyd uitgesonderd) uitsluitlik deur die vader en sy twee seuns verrig. Ten tyde wanneer daar nie besondere werk aan die graanboerdery verbonde is nie, d.w.s. na saai- en oestyd, doen die twee seuns loswerk op die omliggende plase terwyl die gesinshoof die tuin bewerk.

DIE VEEBOERE.

Die veeboere is oor die algemeen die mees welgestelde groep onder die landbouers. Veeboerdery en veral skaapboerdery, het in die afgelope jare meer winsgewend geword; die wolmark was goed en die pryse van veral slagskape het ongekende hoogtes bereik.⁶⁾ Nogtans is die veeboerdery - en veral die skaapboerderybedryf op Elim gestadiglik besig om agteruit te gaan. Die rede hiervoor lê miskien opgesluit in die feit dat dieselfde trop skape nie deurentyd op die Elimse grond kan aard nie en gevolglik moet daar gedurigdeur skape verkoop en gekoop word. Die blanke

6) Sommige van die Elimse skaapboere het met 'n onlangse veeveiling tot £2. 10/- per slagskaap (gewoonlik hamels) en tot £1. 15/- vir oede behaal.

boere in die omtrek beskik gewoonlik óf oor twee of meer plase óf hulle huur weiveld vir sekere tydperke van die jaar. Die kleurlinge kan dit vanselfsprekend nie bekostig nie. Indien die sending nog 'n plaas besit het, die grasgewasse, klimaat ens. waarvan verskillend van dié van Elim, sou die toestande vir die skaapboere veel gunstiger gewees het, aangesien die blote verandering van weiveld en temperatuur die skape gesond en in 'n goeie kondisie hou.

Indien die kleurlinge se finansiële omstandighede gunstiger was, sou hulle bepaald 'n beter tipe skaap kon koop, dit dan na 'n tyd teen 'n wins van die hand sit en weer ander skape by die blanke boere, op veeveilings ens. kon aankoop.

Die totale aantal skaapboere op Elim is 10, elkeen waarvan oor 'n trop skape, wat gewoonlik tussen 100 en 300 wissel, beskik. Die totale aantal skape op Elim is tans † 2,500. Meeste van die boere huur ook 'n paar lande waarop groenvoer vir die skape gesaai word.

Die wol word in die meeste gevalle na die „Farmers Co-operative Union“ in Kaapstad gestuur en verskeie boere het in 1947 tot 35 pennies per pond wol behaal. In 1948 het die pryse gesteig tot om en by 50 pennies. Die inkomste van etlike boere het gewissel van £100 tot £250. Indien die wol deur eksperte geklassifiseer kan word, sou die opbrengs aansienlik hoër wees. Dit is egter die gebruik

op Elim dat elke boer onderneem om sy wol self te klassifiseer en wel slegs in drie groepe nl., rugwol, penswol, en die res. Die veraste aantal groepe volgens die „Farmers Co-operative Union en die „Boere-Saamwerk Beperk“ is selfs tot tien afsonderlike klassifikasies. Die groot probleem hier is miskien die feit dat die blankes gedurigdeur voorligting in dié verband ontvang terwyl die kleurlinge nie hierdie voorreg geniet nie. Die ondersoeker is van mening dat die meeste skaapboere, met die regte voorligting, ongetwyfeld 'n sukses van die klassifikasie-proses sal maak.

Verskeie blanke boere in die omgewing van Elim het beweerd dat die kleurlinge nie die regte medisyne op die regte tydstip aan die skape toedien nie. Ook word die skape nie gereeld „gedip“ nie, ten spyte van die feit dat die sending oor 'n dipgat beskik wat ter eniger tyd deur die skaapboere gebruik mag word.

Die sending het die kleurlinge in die afgelope jare baie aangemoedig om meer skape aan te hou. Vroeër, tot omstreeks 1930, het die sending self drie troppe skape van 500 per trop gehad. 'n Spesiale gedeelte van die Elimse grond, wat uitsluitlik vir dié doel afgesonder was, was nie toeganklik vir die kleinvee van die kleurlinge nie. Om die kleurlinge in staat te stel om op groter skaal vir skaapboerdery in te gaan, is van die gebruik afgesien en die hele plaas is tot die beskikking van die

7)
kleurlinge gestel.

Die werk verbonde aan die veeboerderybedryf is heelwat minder as bv. in die geval van die graan- en tuinbedryf; gevolglik is die meeste veeboere ook graan- of tuinboere. Die skape word bv. opgepas deur een van die kinders terwyl die gesinshoof sy aandag aan ander vorms van die bedryf kan wy. Op hierdie wyse dan is die gemiddelde inkomste van die veeboere hoër as bv. die geval is by die suiwer graan- en/of tuinboere.

Geen boer op Elin is uitsluitlik 'n grootvee-boer nie. Die grootvee dien gewoonlik slegs as 'n aanvulling by die ander vorms van boerdery. Daar word wel beeste aangehou vir spekulasiedoeleindes, maar die donkies en perde word hoofsaaklik as trekvee gebruik. Die totale aantal beeste en donkies is ongeveer 100 en 300 onderskeidelik. Die huidige markprys van beeste wissel van £10 tot £15 terwyl die waarde van 'n donkie op £1, 10/- tot £2 gestel kan word. Die huidige prys vir muile(esels) wissel gewoonlik van £15 tot £20 en dié van perde ± £10. Alhoewel die grootste persentasie donkies aan die graanboere behoort, is daar heelwat tuinboere wat dié diere vir ploegdoeleindes aanhou.

Die volgende gevalle kan as tipiese voorbeelde dien van die finansiële omstandighede van die veeboere.

7) Meegedeel deur S. Will, destydse sakeman van die Sending en tans nog woonagtig te Elin.

Geval A. Hierdie skaapboer is 'n voorbeeld van iemand wat nie op groot skaal vir skaapboerdery ingaan nie en gevolglik sy inkomste op ander wyses moet aanvul. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en sewe kinders, waarvan twee onder skoolgaande ouderdom, drie nog op skool en die oudste twee, 'n seun en 'n dogter, reeds hulle ouers by die huis en boerdery behulpsaam is. Die wolopbrengs van die ongeveer 90 skape wat aangehou word, het in 1947 \pm £50 bedra terwyl die uitgawes verbonde aan die medisyne, veldhuur, skaapskêre en wolsakke \pm £8 bedra het. Die vader en sy seun pas beurtelings die skape op. Origens word drie tuine bewerk terwyl die vader ock af en toe tuine repareer. Hierdie addisionele inkomste bedra jaarliks \pm £20. Die gesin het gevolglik ongeveer £70 waarvolgens die jaarlikse begroting beraam moet word. Hulle kan 'n redelike bestaan voer.

Geval B. Die gesin bestaan uit die vader, moeder en drie dogters, twee waarvan nog op skool en een op 'n nabye plaas werksaam is en al om die twee weke vir 'n naweek huistoe kom. Die vader hou \pm 150 skape aan wat 'n jaarlikse inkomste (volgens die huidige wolmark) van ongeveer £100 beteken. Die koste verbonde hieraan bedra ruim £10 per jaar. Aangesien die gesin slegs een tuin bewerk en daar geen ander noemenswaardige bron van inkomste is nie, kan die gesinsbegroting op \pm £90 beraam word, wat as heeltemal voldoende beskou kan word.

Geval C. Hierdie geval kan dien as 'n voorbeeld van 'n betreklik gegoede gesin. Saam met die moeder van die gesinshoof wat by die gesin inwoon, bestaan die gesin uit die vader, moeder, drie seuns en twee dogters. Twee van die seuns is die vader behulpsaam met die vee- en graanboerdery terwyl twee tuine, hoofsaaklik vir eie gebruik, bewerk word. Behalwe vir die 250 skape wat aangehou word en wat 'n jaarlikse inkomste van \pm £170 beteken, word daar ook lande gehuur waarop hoofsaaklik veevoer gesaai word maar ook 'n graanopbrengs van ongeveer £30 per jaar meebring. Daar word ook 10 beeste (koeie ingesluit) aangehou, waarvan daar jaarliks een of twee verkoop word. Nadat alle koste afgetrek is, het die gesin 'n profyt van \pm £200.

DIE TUINBOERE.

Van die 289 gesinne wat daar op Elim woonagtig is, huur bykans elkeen met uitsondering van die oues van dae, een of meer tuine. Dit is tydens die ondersoek gevind dat selfs sommige oues van dae, wat nie in staat is om self hulle tuine te bewerk nie, wel 'n tuin huur maar dan iemand anders kry om dit vir hulle te bewerk.

Almal wat tuine huur, doen dit egter nie met die doel dat dit as direkte bron van inkomste moet dien nie maar veelmeer dat dit die uitgawes aan voedsel moet verlaag; hulle eintlike bron van inkomste word gevolglik deur ander maniere as tuinbou verkry.

Ofskoon daar tans vir tuinprodukte 'n beter mark is as vroeër, beoefen daar deesdae minder kleurlinge hierdie bedryf. Dié bewering word onderskryf deur die feit dat daar 'n groot aantal tuine op Elim is wat onbewerk lê. Die rede hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die markpryse van tuinprodukte blootgestel is aan groot skommeling.

Die gemiddelde grootte van die tuine is moeilik om vas te stel, aangesien daar geen standaardgrootte is nie. Daar is bv. tuine aangetref wat 'n kwartmorg groot is, terwyl ander slegs 30' by 40' beslaan. Faktore soos die loop van die rivier, die ligging en grondgeaardheid, bepaal die spesifieke grootte.

Soos in die geval van die lande, is daar ook tuine

wat al vir verskeie geslagte deur dieselfde familie gehuur word. Dit is ook gevind dat sommige van die ouer tuine al baie uitgeput is. Daar is egter heelwat kleurlinge wat hulle tuine al om die ander jaar laat rus terwyl ander weer dit af en toe met ertjies beplant, dit dan in die blomstadium omspit om sodoende die vrugbaarheidsgehalte te verhoog.

Die belangrikste tuingewasse is boontjies, mielies, uie, pampoens, aartappels en patats. Die fynere groentesoorte bv. beet, geelwortels, mangels ens. word hoofsaaklik vir eie gebruik gekweek. Sommige tuinboere verkoop egter van die groente aan die blankes en kleurlinge op Elim sowel as aan boere op die omliggende plase. 'n Groot hoeveelheid groente gaan na vriende en verwante in Kaapstad, sommige waarvan gratis gestuur word of in ruil vir klere, losies van kinders ens. Die uie- en aartappeloeste lewer die grootste bron van inkomste van al die tuingewasse. Hierdie produkte word gewoonlik per spoorwegbus na Bredasdorp en vandaar per trein na die Kaapstadse mark gestuur. Die reëlings verbonde hieraan, word deur elke tuinboer self gedoen. Dikwels word hierdie twee tuinprodukte ook aan handelaars op Bredasdorp en Napier verkoop, asook aan ander blankes in die omgewing van Elim.

Die kleurlinge is oor die algemeen baie traag om vrugtebome aan te plant. Die twee hoofbesware hierteen

is eerstens, dat die grond soos trouens in die hele distrik, nie so geskik is vir vrugtebome nie en tweedens dat hulle nie weet (veral die jonger kleurlinge) vir hoe lank hulle die grond sal huur nie. Hulle verklaar dat vrugtebome stadig groei en nie gou vrugte dra nie. Ingeval hulle dan van werk verander ens, sal toekomstige huurders i.p.v. hulself die voordeel daaruit trek.

Vir bykans elke oomblik van die dag word daar persone in die tuine aangetref. Tydens plant- en oestyd lyk die tuine na 'n groot plantasie waarop talle arbeiders werksaam is. Die tuinery bied natuurlik werksgeleentheid vir elke lid van die huisgesin. Alhoewel die taak van die huisvrou hoofsaaklik tot haar huis beperk is, verrig meeste van hulle, veral in die namiddae, ook tuinwerk. Wanneer die manlike kleurlinge op die omliggende plase of op hulle eie lande werksaam is, is die vroue en kinders verantwoordelik vir die tuinery.

Die meeste tuinerye is maar op klein skaal. Dit sou baie moeilik wees om die gemiddelde inkomste van die tuinboere vas te stel. Weliswaar kan dit aanvaar word dat gesinne, wat hulle uitsluitlik op tuinbou toelê, wel 'n bestaan kan maak, terwyl die tuinery, vir dié persone wat ook deelyds ander vorms van werk verrig, 'n belangrike aanvulling tot die totale inkomste vorm. Ook kan daar vryelik aanvaar word dat die suiwer tuinboere die laagste

inkomstegroep op die sendingstasie uitmaak. Meeste van hulle, indien nie almal nie, is verplig om hulle inkomstes op een of ander wyse aan te vul.

Die volgende gevalle kan dien as voorbeelde van die finansiële omstandighede van 'n paar tuinboere. Soos duidelik sal blyk, word die inkomste op verskeie maniere aangevul.

Geval A. Die gesin bestaan uit 'n bejaarde ouerpaar en 'n inwonende dogterskind. Die ses kinders, almal volwassenes en waarvan vier getroud is, werk elders en is nie finansiëel in staat om hulle ouers selfs gedeeltelik te onderhou nie. Behalwe vir 'n gesamentlike ouderdomspensioentoelaag van £2. 10/- per maand is daar geen ander bron van kontant-inkomste nie. Uit die pensioentoelae moet derhalwe kleding, voedselvoorrade (uitgesonderd dié wat self geproduseer word) kerkgeld ens. betaal word. 'n Tuin, waarvoor 2/6 per jaar aan die sending betaal word, word uitsluitlik aangehou vir die kweek van groente vir eie gebruik. Ten tyde van planttyd word iemand gehuur om die grond om te spit ens. Die gesinshoof hou verder self toesig oor sy tuin, lei self water en verwyder self die onkruid.

Geval B. Hierdie gesin bestaan uit die vader, moeder en vyf kinders waarvan drie nog op skool is. Van die oudste twee kinders, albei seuns, werk een op 'n plaas terwyl die ander een sy vader behulpsaam is met die tuinery. In die drie tuine, waarvoor jaarliks 7/6 aan die sending betaal word, word groente vir eie gebruik gekweek asook aartappels en uie vir die mark. Die totale inkomste vir die laaste twee produkte is * £28 per jaar (d.w.s. as die markpryse taamlik gunstig is). Vir een maand van die jaar (gewoonlik Oktober) verhuur die gesinshoof homself as skaapskeerder op die onliggende plase waarvoor hy ongeveer £7 as loon ontvang. Orignens word die inkomste aangevul deur sekere tye van die jaar, bv. ploeg-, saai- en oestyd op plase te werk.

Geval C. Die gesin bestaan uit die ouerpaar en ses kinders. Die twee jongste kinders is nog op skool, twee dogters is huisbediendes in Kaapstad, een seun is saam met sy vader in diens van die Afdelingsraad as padwerker, terwyl die ander seun verantwoordelik is vir die twee tuine wat gehuur word. Die inkomste van die gesin word grootendeels bepaal deur die verdienste van die vader en die seun wat op die pad werksaam is (4/6 en 6/- per dag onderskeidelik), terwyl die tuinopbrengs hoofsaaklik vir eie gebruik bedoel is. Nogtans word daar van die groente plaaslik en op die omliggende plase verkoop - die jaarlikse opbrengs waarvan op ± £20 gestel kan word. Origens verrig die seun wat die tuinboer is, loswerk op Elim bv. in die tuine van die blankes, by die plaaslike graanboere ens. Dié gesin maak 'n redelike bestaan.

Geval D. Hierdie gesin bestaan uit 'n vader, moeder en vier kinders. (drie seuns en een dogter). Die dogter sowel as een van die seuns is op plase in die distrik werksaam, terwyl die vader en die orige twee seuns uitsluitlik tuinboere is. Behalwe groente vir eie gebruik, word jaarliks ongeveer 50 en 70 sak aartappels en uie onderskeidelik gewen wat 'n inkomste van ± £80 oplewer. (Hierdie produkte word op die Kaapstadse mark verkoop). Origens vul die vader die inkomste aan deur groente op die omliggende plase te verkoop. 'n Donkiekar dien as vervoermiddel vir dié doel.

Geval E. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n vooruitstrewende tuinboer. Die gesin bestaan uit die vader, moeder, vier kinders, twee waarvan onder skoolgaande ouderdom is, en grootmoeder. Behalwe vir ongeveer 100 skape wat aangehou word en 'n gemiddelde inkomste van ± £70 per jaar lewer, word vyf tuine bewerk. Met plant- en oestyd word arbeiders gehuur teen 2/6 per dag plus voedsel. Die totale inkomste verbonde aan die tuinprodukte oortref gewoonlik dié van die wol. Die tuine word goed bewerk en gereeld bemes.

DIE LOONARBEIDERS

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat, veral in die geval van die tuinboere, die inkomste ook aangevul word deur loonarbeid, plaaslik of elders, te verrig. In baie gevalle word hierdie werk slegs deelydse gedoen, maar daar is ook 'n groep kleurlinge wat voltydse loonarbeiders is.

Die volgende tabel (tabel no. IV) dui die gemiddelde aantal loonarbeiders aan wat plaaslik sowel as elders ⁸⁾ werksaam is. In die geval van die deelydse loonarbeiders moes die jaarlikse gemiddelde syfer noodwendig geskat word, aangesien deelname aan dié tipe werk in die meeste gevalle na willekeur geskied.

TABEL NO.IV. VOLTYDSE EN DEELTYDSE LOONARBEIDERS OP ELIM EN ELDERS, SOOS AANGETREF IN APRIL 1948.

VOLTYDSE LOONARBEID			DEELTYDSE LOONARBEID		
Tipe Werk [#]	Mans	Vroue	Tipe Werk	Mans	Vroue
Plaaswerk (e)	78	-	Skaapskeerders(e)	35	-
Huiswerk (ep)	-	36	Oes en saai op plase (e)	40	-
Hotelwerk (Her- manus)	11	6	Rietsnyers (ep)	25	-
Ander loonarbeid (ep)	34	3	Sewejaartjie- plukkers (ep)	30	-
			Verwerking van sewejaartjies(p)	10	-
Totaal	123	45	Totaal ^{###}	140	-

[#] e : elders. p : plaaslik. ep : elders en plaaslik.

^{###} Weens die feit dat sommige kleurlinge meer as een tipe deelydse werk verrig is die totaal gevolglik nie heeltemal in juiste weergawe nie.

8) Soos aangetref in April 1948.

Voltydse Loonarbeid:

Plaaswerk: Soos blyk uit die bostaande tabel, was daar in April 1948, 78 kleurlingmans (22.9% van die totale aantal mans bo skoolgaande ouderdom) voltydse plaaswerkers.

Die meeste plaasarbeiders kom in die reël vir die naweke huis toe, afhangende natuurlik van die distansie van hulle werkplek na Elim asook die huurvoorwaardes waardeur hulle gebind is.

Geen plaaswerker het 'n geskrewe werkskontrak met sy werkgever nie. Daar word slegs 'n mondelinge ooreenkoms aangegaan. In die geval van die jonger kleurlingmans word die nodige reëlings i.v.m. die lone, vakansies, tipe werk ens. met die ouers bespreek.

Die lone van die plaaswerkers wissel tussen 3/6 en 4/6 per dag met kos en inwoning ingesluit. Ten tyde van drukke werk bv. oes- en saaityd, word die lone dikwels met ses pennies of 1/- verhoog. Ook gebeur dit heel dikwels dat die boere aan die einde van die week of maand meel, vleis ens. aan hulle arbeiders gee. Dit geskied egter na willekeur van die betrokke werkgevers.

Dit is gevind dat die getroude plaasarbeider in die reël nie groot- of kleinvee aanhou nie omrede die sending vereis dat die vee onder gedurige toesig moet wees. Hulle huur wel tuine waarvoor die vroue en kinders sorg. Die ongetroude plaaswerkers gee in baie gevalle, veral as hulle

ouers bejaard en behoeftig is, maandeliks 'n gedeelte van hulle verdienste aan die ouers af.

Huiswerk: Daar was tydens die ondersoek slegs 36 vroue wat voltyds huiswerk verrig^{het,} ses waarvan by die plaaslike blankes en 30 op die omliggende dorpe en plase. Dit was vir die ondersoeker duidelik dat die vroue nie gretig is om huiswerk op die plase te doen nie. Veelmeer verkies hulle huis- en veral fabriekswerk in Kaapstad.

Die lone wissel van £2 tot £4 per maand, kos en inwoning ingesluit.⁹⁾ Dit gebeur dikwels dat die werkgewers kledingstukke aan die huisbediendes gee. Ook hier, soos in die geval van die plaaswerkers, geskied dit na willekeur van die betrokke werkgewers. Die vroue wat elders werksaam is, kry gewoonlik elke drie of ses maande vir 'n paar dae vakansie en die werkgewers reël self hulle vervoer.

Daar is 17 kleurlinge, 11 mans en 6 vroue onderskeidelik, wat in hotelle op Hermanus werksaam is. Die lone wissel tussen 5/6 en 8/6 per dag en hulle kry gewoonlik elke drie maande vir 'n paar dae verlof.

Ander Loonarbeid: Werk van 'n industriële aard bestaan daar slegs op baie klein skaal op Elim, terwyl die naburige dorpe geen noemenswaardige werkgeleentheid in dié

9) Die ses vroue wat plaaslik huiswerk verrig, woon egter nie by die werkgewers in nie.

verband bied nie. Die plaaslike slaghuis, wat aan 'n blanke behoort, onderneem o.a. om sekere soorte wors bv. vleis- en lewerwors ens. te maak waarvoor hy 'n afset oor die hele land het. Hy het 12 kleurlingmans in diens en hulle lone wissel tussen 4/6 en 7/6 per dag. Die winkel-eienaar het drie vroue in diens wat kranse maak. Hulle ontvang gemiddeld 4/6 per dag.

In die plaaslike winkelstoor is daar twee en in die meul drie kleurlingmans werksaam. Die daaglikse loon van hierdie vyf persone wissel van 4/6 tot 7/-.

Die Bredasdorpse Afdelingsraad het 11 Elimse kleurlinge as padwerkers in diens waarvoor van 4/6 tot 7/- per dag aan lone uitbetaal word. In die reël kom hierdie werkers elke naweek huis toe maar dit gebeur dikwels dat wanneer hulle naby Elim werk, hulle elke aand huis toe kom. Origens is daar ses mans as robslaners op Deyers-eiland werksaam. Die lone verbonde aan hierdie tipe werk is ongeveer 7/6 per dag. Daar word elke drie of ses maande verlof vir 'n paar dae gegee.

Deeltydse Loonarbeid:

Die kleurlinge is oor die algemeen gretig om deeltydse werk te verrig aangesien hulle sodoende nie permanent of vir lang tye aan spesifieke werk gebind is nie.

Skaapskeerders: In Oktober gaan van vier tot vyf spanne kleurlingmans (8 tot 10 persone per span) na die plase

as skaapskeerders. Die boer wat die eerste skeerbeurt het, is verantwoordelik om die skeerspan op Elim te haal terwyl die boer wat die laaste skeerbeurt het, die skeerders weer op die sendingstasie moet terugbesorg. Die Elimse kleurlinge het reeds algemene bekendheid as skeerders verwerf en die meeste boere verkies dat hulle skape deur dié kleurlinge geskeer moet word. Die gemiddelde daaglikse loon kan op 5/- gestel word plus voedsel en inwoning. Die spesifieke loon wissel gewoonlik per persoon aangesien bekwaamheid, of soos algemeen bekend, „skoonskeer“, die hoeveelheid skape wat per dag geskeer word ens. die lone bepaal. 'n Bekwame skeerder kan tot £10 of selfs meer per maand verdien. Daar gaan ook jaarliks van die jonger mans saam met die skeerspan om hierdie tipe werk aan te leer. Hulle ontvang natuurlik heelwat minder as die ervare skeerders.

Oes en saai op plase: Alhoewel die omliggende plase nie veel deeltydse loonarbeid bied nie, is daar nogtans ongeveer 40 kleurlinge wat jaarliks met saai- en oestyd op die plase gaan werk. 'n Boer kom na Elim en werf soveel arbeiders as wat hy nodig het of kan kry. Die lone van hierdie persone is min of meer dieselfde as dié van die voltydse plaasarbeiders in saai- en oestyd.

Rietsnyers: 'n Ander deeltydse bron van inkomste is die sny en verkoop van riet. Op die Elimse grond, maar veral

op die omliggende plase, word groot hoeveelhede riet aangetref. Ongeveer 25 kleurlingmans gaan jaarliks na die plase as rietsnyers. Hulle betaal gewoonlik £12.10/- per 1,000 bos en verkoop dit dan weer teen 'n wins.

Sewejaartjieplukkers en -verwerkers: Die plaaslike winkelier neem elke jaar ongeveer 30 kleurlingmans in diens om sewejaartjies te pluk waarvoor hy £1. 5/- per 100 lbs. betaal. Die verwerking van hierdie blomme, wat in 'n spesiale skuur geskied, word deur ± 10 kleurlinge gedurende Januarie en Februarie gedoen en die loon hieraan verbonde is 4/6 per dag.

AMBAGSWERK

Ofskoon die gemeenskap self nie veel werksgeleentehede vir ambagsmanne bied nie, is daar nogtans 35 kleurlingmans wat een of ander vorm van ambagswerk beoefen. Die meeste van hierdie persone is afhanklik van werk buite Elim en dit word plaaslik of elders verrig.

Die verskeie tipes ambag is as volg:

Ambag	Aantal
Bouers	6
Skilders	3
Skrynwerkers	2
Smede	2
Skoen- en tuiemakers	2
Dekkers	20
Totaal	35

Die bouers en skilders verrig baie min van hulle werk plaaslik. Hulle werk hoofsaaklik op die omliggende plase. Anders as in die geval van die meeste bouers en skilders, neem hulle nie 'n stuk werk aan nie maar ontvang daglone wat gewoonlik van 15/- tot £1 is. Die werkgewers voorsien natuurlik self vir die materiaal waarmee hulle werk bv. verf, sement ens.

Die skrynerkers doen hoofsaaklik plaaslike werk bv. die maak van doodkiste en meubelstukke, reparasiewerk ens. Alhoewel plank tans baie duur en skaars is, maak hulle nogtans 'n goeie bestaan.

Werk soos die oortrek van wa- en karwiele, beslaan van vee en reparasiewerk aan plaasimplimente, vorm die belangrikste take van die smede wat voorsien word deur die blanke boere in die omgewing van Elim.

Die skoen- en tuiemakers, soos in die geval van die smede, sal beswaarlik 'n bestaan kan maak as hulle nie werk kry deur persone buite Elim nie.

Dit is 'n bekende feit dat die Elimse kleurlinge baie goeie dekkers is. Die aanvraag na hierdie tipe werk het in die afgelope aantal jare baie toegeneem. Die dekkers verrig uitsluitlik werk buite Elim en hulle ontvang van 15/- tot £1, 10/- per dag. Aangesien sommige van hulle tot selfs in die Transvaal werk aanneem, is daar vanselfsprekend geen vaste tye wanneer hulle huis toe kom nie.

KLERIKALE EN PROFESSIONELE WERK

Slegs 13 persone, almal boorlinge van Elim, verrig werk wat onder hierdie katagorie val nl. 8 onderwysers, een welsynswerker en 4 winkelklerke. Die inkomste van die winkelklerke wissel van £5 tot £10 per maand, afhange-
ende van die bekwaamheid en diensjare. Die welsynswerker ontvang £2. 10/- per maand terwyl die salarisse van die onderwysers van £12 tot £20 wissel.

SAKEONDERNEMERS

Die totale aantal persone wat in sake-ondernemings betrokke is, is 6, waaronder een kafee-eienaar, twee slagters en drie melkverkopers is.

Die kafee-eienaar, wat terselfdertyd ook een van die grootste graanboere op Elim is, het na herhaaldelike pogings in 1946 verlot van die sending gekry om 'n kafee te open met dien verstande dat hy nie kruideniersware¹⁰⁾ verkoop nie. Daar word gevolglik slegs koeldranke, sigarette, lekkers, brood en groente te kope aangebied. Die kinders van die kafee-eienaar verrig die werk.

Daar was vroeër, tot omstreeks 1943, vier kleurlinge wat slaghuise aangehou het. Op aandrang van die Bredas-

10) Die sending het 'n kontrak met die plaaslike winkelier aangegaan wat o.a. bepaal dat daar nie ander winkel-ondernemings op Elim toegelaat sal word nie.

dorpse gesondheidsinspekteur is twee van hierdie slaghuise egter gesluit. Aangesien die kleurlinge nie baie vleis koop nie, het die slaghuise nie 'n groot klandisie nie.

Die drie melkerye het 'n redelike afset op Elim. Die prys van melk is 4 pennies per pint en die gebruikelike pinte-bottels of gewone bottels word vir dié doel gebruik. Die melk word nie by die huise van die klandisie afgelewer nie, maar laasgenoemdes moet dit self kom afhaal.

Die sake-ondernemers is almal betreklik welgesteld. Almal van hulle vul ook hulle inkomste aan deur skape aan te hou, tuine te bewerk of te saai.

ANDER VASTE BESITTINGS EN LEWENDE HAWE

Van die 289 gesinne wat daar op Elim woonagtig is, besit 268 (92.72%) 'n eie woning. Die geldwaarde van die huise, volgens die plaaslike wardasieskaal, wissel tussen £30 en £250.

Soos in die geval van die wonings, toon die waarde van die meubels ook groot skommeling. 'n Vandisieopbrengs van die meubels wissel gewoonlik tussen £10 en £60. Ongeveer 50 persone besit karre en 20 persone waens, die jaarlikse liksensie waarvan 15/- en £1. 10/- onderskeidelik per rytuig is. Slegs een persoon nl. die kafee-eienaar, besit 'n vragmotor sowel as 'n bestelwa, terwyl sowat 30 van

die jonger kleurlinge fietse het.

Meeste van die kleurlinge hou varke aan terwyl 'n groot aantal van die vroue pluimvee, veral hoenders het. Die prys van uitgegroeide varke wissel gewoonlik tussen £7 en £8. Die vrouens hou nie soseer die hoenders vir slag- of verkoopdoeleindes aan nie, maar veelmeer vir die eiers wat 'n belangrike ruilmiddel is by die plaaslike winkel. In sekere seisoene wanneer eiers skaars is, kry hulle tot 4/- per dosyn.

SPAARMOONTLIKHEDE

Ofskoon ruim 30% van die gesinne op Elim weens hulle finansiële omstandighede genoodsaak is om 'n sukkelbestaan te voer, is daar nogtans 'n groot persentasie van hulle wat nie slegs in hulle onmiddellike materiële behoeftes kan voorsien nie, maar ook in staat is te spaar, al is dit dan ook op baie klein skaal. Dit is opmerklik, soos hieronder aangedui sal word, dat die behoefte om op planmatige wyse te spaar by die kleurlinge self ontstaan het en die inisiatief daarvoor nie van die sending uitgegaan het nie.

Daar is twee verenigings op Elim wat op direkte sowel as op indirekte wyse aan die kleurlinge geleenthede bied om te spaar, t.w.

1. Die Elimse Spaarvereniging en
2. Die Elimse Begrafnisvereniging.

1. Die Elimse Spaarvereniging:

Hierdie vereniging, wat alreeds in Maart 1905 gestig is, het 'n ledetal van 420 (bykans een helfte van die totale bevolking) en het 'n belegging van tussen £7,000 en £8,000 in die Dredasdorpse Eksekuteurskamer Bpk. teen $3\frac{1}{2}\%$.

Dit staan enige inwoner van Elim vry om lid van hierdie vereniging te word mits hy minstens ses pennies per maand bespaar. Vir dié doel het elkeen 'n eie spaarboekie en moet die geld maandeliks by die kassier van die vereniging gedeponeer word. Indien 'n persoon egter nalaat om die verpligte gelde te spaar, word hy, na drie keer herhaling daarvan, met drie pennies beboet. Indien hy vir vier agtereenvolgende maande versuim om die gelde by die kassier in te betaal, verloor hy daardeur sy lidmaatskap asook al die geld wat op sy spaarrekening staan.¹²⁾ Volgens die voorsitter van die vereniging lei hierdie reëling daartoe dat die lede baie getrou is aan die gereelde inbetaling van hulle spaargeld.

Die vereniging beskik oor 'n eie saal waarin die maandelikse vergaderings van dié liggaam plaasvind asook die administratiewe werksaamhede afgehandel word. Daar bestaan 'n bestuur van tien lede en hulle dra die volle

12) In gevalle van siekte word hierdie reël tydelik opgehef.

verantwoordelikheid van die administratiewe aangeleenthede.

Om die lede van die vereniging in staat te stel om lenings te maak, staan dit die lede vry om, op voorwaarde dat hulle minstens twee lede as borge het, geld teen 'n rentekoers van $5\frac{1}{2}\%$ van die vereniging te leen vir 'n tydperk van een jaar. Die rente moet egter vooruitbetaal word. Die totale bedrag wat jaarliks uitgeleen word, wissel gewoonlik tussen £1,000 en £1,500.

Daar word aan die kant van die bestuur van die vereniging groot ywer aan die dag gelê om die ledetal te verhoog. Dit is hulle doel dat al die inwoners van Elim mettertyd lede van die vereniging moet wees.

2. Die Elim-Begrafnisvereniging:

Die doel van hierdie vereniging, wat in April 1913 gestig is, is nie soseer die spaar van geld soos in die geval van die Spaarvereniging nie, maar wel om die kleurlinge op planmatige wyse in staat te stel om, wanneer hulle sterf, daar geld beskikbaar sal wees vir die aankoop van 'n doodskis.

Dit staan enige gesonde inwoner van Elim vry, mits hy bo die ouderdom van twee en nie ouer as 50 jaar is nie, om 'n lid van hierdie vereniging te word. Die vasgestelde maandelikse gelde wat deur alle kinders onder die ouderdom van 15 jaar betaal moet word, is twee pennies terwyl dié van persone bokant die genoemde ouderdom vier pennies bedra.

Die ouers of voogde van kinders wat langer as vier maande lid van die vereniging was, ontvang £1. 10/- in-geval die kind sterf, terwyl die naasbestaandes van vol-wasse lede (d.w.s. diegene bo die ouderdom van 15 jaar) die volgende ontvang:

Na 'n lidmaatskapstydperk van 4 maande	:	£2. 10. 0.
" " " " 5 jaar	:	3. 10. 0.
" " " " 10 jaar	:	4. 15. 0.
" " " " 15 jaar	:	7. 15. 0.
" " " " 20 jaar	:	7. 15. 0.
" " " " 25 jaar	:	10. 5. 0.
" " " " 30 jaar	:	11. 0. 0.

Nadat 'n persoon vir 25 jaar lank lid van die ver-eniging was, word hy onthef van die maandelikse betalings.

Die ledetal van die vereniging het in 1948 die 600-merk oorskry. 'n Totale bedrag van £2,200 was in April 1948 in die Bredasdorpse Eksekuteurskamer Bpk. belê teen 'n rentekoers van $3\frac{1}{2}\%$.

Daar bestaan geen twyfel nie dat hierdie vereniging 'n baie groot diens aan die inwoners van Elim bewys.

Ander Spaarmoontlikhede: Ongeveer 25 kleurlinge, die mees-te waarvan vee- en graanboere, het ook eie beleggings in die poskantoor en/of in die Bredasdorpse Eksekuteurskamer Bpk. Ook het die skool 'n spaarklub waarvan die meeste kinders lede is. Hulle kry hierdeur die geleentheid om van kleinsaf te leer om geld te spaar.

13) Sien Hoofstuk VI. Opvoeding en Onderwys.

SLOTOPMERKINGS

Dit was tydens die ondersoek duidelik dat die lewenskoste van die kleurlinge oor die algemeen laag is, ofskoon ongetwyfeld heelwat hoër as dié van die kleurlinge op die omliggende plase. Daar is verskeie faktore wat 'n lae lewenskoste in die hand werk, die belangrikste waarvan die volgende is:

1. Die geringe huurgelde wat die sending vir die grond en weiregte verg.
2. Die feit dat die grootste persentasie van die gesinne op groter of kleiner skaal landbouers is en sodoende self sekere voedselsoorte soos bv. groentes produseer.
3. Die gratis gebruikmaking van brandhout, water ens.
4. Die afwesigheid van kommersiële vermaaklikheidslokale.
5. Die gebruik van die plaaslike winkelier om alle goedere kontant te verkoop.

Aangesien daar 'n verskeidenheid van beroepe deur die kleurlinge beoefen word, sal die jaarlikse uitgawes van die gesinne natuurlik groot skommeling toon. So byvoorbeeld sal dié van die graanboere heelwat hoër wees as dié van die loonarbeiders omrede eersgenoemde groep jaarliks geld moet spandeer vir die aankoop van landbou-implimente, bemestingstowwe, graansakke ens. terwyl die loonarbeiders weens die aard van hulle werk nie nodig het om dit te doen nie. Nogtans sal die weeklikse gesinsuitgawes aan huishoudelike benodighede relatief nie groot verskille toon nie, daar die lewenstandaard oor die algemeen betreklik

gelykstaande van aard is.

Die volgende huishoudelike begroting kan dien as 'n voorbeeld van die weeklikse uitgawe van 'n gesin bestaande uit ses lede:

	£	s	d.
5 lbs. vleis	-	5	5
20 lbs. meel	-	3	9
1 skaapafval	-	1	-
2 lbs. suiker	-	-	6
1 lbs. koffie	-	1	-
Speserye	-	-	1½
1 bottel lampolie	-	-	4
2 dosies vuurhoutjies	-	-	2
2 kerse	-	-	3
1 koekie seep	-	-	5
Sigarette en tabak	-	2	-
2 pinte melk	-	-	8
Ander benodighede bv. gare, posseëls ens.	-	-	6
Totale uitgawe	-	16	1½

Wanneer klerasie, skoene ens. gekoop word, sal die uitgawes aansienlik hoër wees. Ook sal die feit dat byna al die kleurlinge lede is van een of ander plaaslike vereniging, waarvoor ledegeld geveerg word, die uitgawes verhoog.

Ten spyte van die lae lewenskoste en die aanneemlike voorwaardes van die sending waardeur grond gehuur kan word, is daar nogtans ruim 30% van die gesinne wat 'n sukkel bestaan voer. Onder hierdie aantal gesinne sorteer veral die oues van dae, die voltydse loonarbeiders en 'n groot gedeelte van die tuinboere. Daar was in April 1948, 145

persone (15.2% van die totale bevolking) wat pensioentrekkers was, 135 waarvan ouderdomspensioentrekkers, 3 pensioen vir blindes, 5 ouderhoudstoelaes en 2 ongeskiktheidstoelaes. Die maandelikse bedrag per persoon wissel van £1. 5/- tot £1. 15/-. Die relatiewe groot persentasie ouderdomspensioentrekkers dui daarop dat die kleurlinge, wanneer hulle oud is, besonder behoefdig is. Om dié rede veral, bestaan daar drie verenigings in die gemeenskap, nl. die Kleurling-welsynsvereniging, die Sustersvereniging en die Sustersweldadigheidsvereniging wat, op hoe 'n klein skaal ookal, materiële en finansiële steun bied en in ruim 90% van die gevalle is dit hulp aan die oues van dae. Verskeie pensioentrekkers in die gemeenskap het ook meegedeel dat hulle beswaarlik met die maandelikse toelaes kan uitkom en hulle beskou die hulp van die bovermelde verenigings as 'n werklike uitkoms.

Die rede waarom daar ongeveer 30% van die gesinne op Elim woonagtig is wat dit moeilik vind om 'n suksesvolle bestaan te maak, kan veral aan twee oorsake toegeskryf word:

In die eerste instansie dra die sending nie sorg dat die landbouers gereëld deskundige voorligting ontvang nie. So byvoorbeeld is dit dringend nodig dat die tuinboere voorligting i.v.m. intensiewe tuinbou moet kry. In die

14) Vir 'n uiteensetting van die spesifieke werksaamhede van hierdie verenigings, sien Bylae I.

omgewing van Elim word daar tans met groot welslae aarbeie, waarvoor daar 'n goeie mark is, aangeplant, terwyl die Elimse kleurlinge nog gladnie aan dié nuwe moontlike bron van inkomste gedink het nie.¹⁵⁾ Indien die graanboere deskundige voorligting i.v.m. die spesifieke soort graan wat daar op die Elimse grond behoort gesaai te word, die tydstop van die jaar, doeltreffende grondbewerking ens. kon ontvang, sou die toestande baie verbeter.

In die tweede instansie is daar 'n gebrek aan bekwaamheid en inisiatief by die kleurlinge self om ten volle gebruik te maak van die geleentheid wat die sending nogtans bied. Daar word nie genoegsaam gebruik gemaak van die billike huurvoorwaardes van die sending nie. 'n Groot aantal tuine en lande wat vroeër verbou was, lê tans onbewerk. Die feit dat die sendingstasie ver vanaf 'n stedelike mark verwyder is, is geen verskoning nie, aangesien 'n spoorwegbus die gemeenskap gereeld drie keer per week besoek.

Die ondersoeker is die mening toegedaan dat, indien die sending vir die nodige voorligting i.v.m. die landboubedrywigheid kan voorsien, die kleurlinge ook groter ywer aan die dag sal lê om 'n sukses van dié bedryf te maak en die ekonomiese omstandighede van die betrokke boere sal aanmerklik verbeter.

15) Die fabrikante kom die aarbeie by die boere afhaal sodat daar geen vervoerprobleem is nie.

H O O F S T U K VI

OPVOEDING EN ONDERWYS

Die Kerk, veral die Sendingkerk, het 'n belangrike rol gespeel i.v.m. Kleurlingonderwys. Meeste kleurlingskole op die platteland het hulle bestaan direk aan een of ander sendinggenootskap te danke. In hierdie gemeenskappe is kerk- en skoolgebou gewoonlik dieselfde, aangesien die nodige fondse vir die oprigting van skoolgeboue ontbreek. In die geval van Elim bestaan daar egter ruim skoolgeboue wat uitsluitlik vir dié doel opgerig is. Ook hierdie skool het sy bestaan alleenlik aan die Morawiese Sendingkerk te danke. Aangesien laasgenoemde liggaam die allenige eienaar van Elim is en gevolglik by magte is om die oprigting van skole onder ander genootskappe te verbied, bestaan daar slegs een skool en wel onder toesig van die Morawiese Sending.

Die oorspronklike doel van die sending, nl. dat die onderwys hand aan hand met die godsdiens moes gaan, word nog deurgaans op Elim gehandhaaf. Vandaar dan ook dat die uitdruklike doel van die sendelinge die oprigting van 'n „schoolplaats" was. Deur die opvoeding van die jeug moes nie slegs beter landsburgers gevorm word nie, maar hulle moes ook veral daardeur gehelp word om die dieper Christelike beginsels te begryp en te aanvaar.

Die Opvoedingspeil van die Volwasse Inwoners.

Deurdad die Morawiese Sending baie streng is i.v.m. skoolbesoek, het elke volwasse persoon op Elim een of ander vorm van skoolonderwys geniet. Anders as wat gevind word by die ouer plaaskleurlinge, van wie die meeste nooit skoolgegaan het nie, is daar derhalwe geen analfabete op die sendingstasie nie. Dit is opmerklik dat ongeveer 10% van die volwasse inwoners, wat hoofsaaklik vroue is wat met Elimse mans getroud is en nie Elimers van geboorte is nie, nie so vlot kan lees en skryf as die ander inwoners nie. Die mate van skoolopvoeding wat persone bo die ouderdom van 50 tot 60 jaar geniet het, was hoofsaaklik om te leer lees, skryf en om eenvoudige sommetjies te maak. Daar was destyds nie aparte klasse of standerds soos tans nie. Meeste van hierdie groep kleurlinge het slegs twee of drie jaar die skool besoek. Die medium waardeur onderrig ontvang is, was Nederlands - gevolglik verkies hulle tans nog om die Nederlandse Bybel en Nederlandse verhale te lees. Die manlike sowel as vroulike inwoners tot by ongeveer 40 jaar, het die skool van hulle sewende tot veertiende jaar besoek. Etlikes het selfs in die Std. VI-eksamen geslaag. Hierdie groep persone kan oor die algemeen vlot lees en skryf.

Eintlik bestaan daar geen fasiliteite vir volwasse opvoeding nie. Behalwe die kerk, waarvan almal lede is,

is daar egter agt verenigings waarby die kleurlinge kan aansluit. Soos elders aangedui word,¹⁾ is meeste kleurlinge lede van een of meer van hierdie verenigings, en deelname hieraan is natuurlik opvoedkundig waardevol.


Die Skool.

Verpligte Onderwys en Skoolbesoek: Alhoewel op die nieblanke bevolking van Suid-Afrika verpligte en vry onderwys nie van toepassing is nie, is dit wel die geval op Elim en alle Morawiese sendingstasies. Omdat die Morawiese Sending, wat soos ons weet die eienaar van die sendingstasie is, dit as 'n vereiste neerlê dat die kinders van die inwoners die skool moet besoek vanaf die sesde tot die veertiende jaar, is dit dan ook gewis dié uitstaande kenmerk wat die onderwysaangeleentehede op Elim betref. Die kleurlinge aanvaar die verpligte onderwys op die sendingstasie net soos die blankes dit in die land doen en besef ook die belangrikheid van die opvoeding van hulle kinders. Teenstand word dan ook nie gebied nie en volgens die skoolhoof besef baie dat, indien hierdie verpligte onderwysstelsel nie in swang was nie, hulle hul kinders in die meeste gevalle op 'n vroeë ouderdom permanent uit die skool sou geneem het om tuis behulpsaam te wees.

1) Sien Hoofstukke oor Vermaaklikheid en Ontspanning en die Ekonomiese Omstandighede asook Bylae I.


GRAFIEK NO.I

Gemiddelde Aantal Leerlinge (1905 - 1948)



GRAFIEK NO.II

Gemiddelde aantal seuns en dogters (1905 - 1948)



'n Ander faktor wat ook baie bevorderlik is vir die onderwys, is die feit dat die skoolbywoning op Elin besonders goed is. Daar bestaan 'n reël, neergelê deur die sending, dat wanneer 'n leerling deur siekte of onvermydelike omstandighede verhinder word om skool toe te kom, die skoolhoof skriftelik of mondelings daarvan verwittig moet word deur die betrokke ouer of voog. Vroeër moes die bestuurder van die sendingstasie in kennis gestel word van siekte ens., en hy, op sy beurt, verwittig dan weer die skoolhoof daarvan. „Uit vrees en plig is skoolbesoek baie gereëld op Elin" - aldus die skoolhoof, en stokkiesdraai kom bykans nie voor nie.

Skoolbywoning: Soos reeds vermeld, bestaan daar slegs een skool op Elin. Die skoolbywoning van die afgelope ²⁾ 50 jaar, soos aangegee in die volgende tabel (tabel No.V) en grafieke, toon baie duidelik dat die totale aantal kinders wat die skool in dié tydperk besoek het, nie noemenswaardig toegeneem het nie.

Die gemiddelde aantal kinders wat die skool jaarliks besoek het, is volgens die syfers in die onderstaande tabel 255.3. Die gemiddelde aantal seuns en dogters vir die ooreenstemmende periode is 132 en 123.3 respektiewelik. Die rede waarom die gemiddelde aantal leerlinge in die genoemde periode min of meer konstant gebly het, kan toe-

2) Inligting verkry uit die skoolregisters vanaf 1901-1948.

geskryf word aan die feit dat die totale bevolking, volgens die sensusopnames, nie noemenswaardig verminder of ³⁾vermeerder het nie.

TABEL NO. V. GEMIDDELDE SKOOLBYWONING IN RONDE SYFERS VANAF 1901 - 1948.

Tydperk	Gemiddelde aantal seuns	Gemiddelde aantal dogters	Totaal
1901 - 1905	120	114	234
1906 - 1910	121	105	226
1911 - 1915	131	128	259
1916 - 1920	113	128	241
1921 - 1925	116	130	246
1926 - 1930	142	125	267
1931 - 1935	149	127	276
1936 - 1940	163	122	285
1941 - 1945	143	125	268
1946 - 1948	122	129	251

Ook kan hier vermeld word dat daar tans, relatief gesproke, 'n ouer groep kleurlinge op Elim woonagtig is as voorheen; die jonger kleurlinge trek weg om elders werk te soek en kom dan op 'n gevorderde leeftyd weer op Elim woon.

Volgens grafiek No. I het die totale aantal leerlinge, veral die seuns, om en by die twintigerjare, gedaal. Dit kan toegeskryf word aan die griepepidemie van 1918. Grafiek No. II toon aan dat die aantal dogters vanaf omstreeks 1915 taamlik konstant gebly het terwyl die aantal seuns vanaf veral 1940 aanmerklik gedaal het. Dit wil

3) Vergelyk Hoofstuk III. Bevolking.

voorkom asof die rede hiervoor is dat die seuns, wat nie in die Std. VI-eksamen kan slaag nie, die skool verlaat om te gaan werk.

Die volgende tabel (Tabel No. VI) dui aan dat die klasse, oor die algemeen gesproke, nie te groot is om deeglike werk te doen nie, veral ook as in aanmerking geneem word dat elke onderwyser slegs een klas het.

TABEL VI. GROOTTE VAN DIE KLASSE VIR 1946, 1947 EN 1948.

Klas	1946	1947	1948
Std. VI	26	22	19
" V	32	31	22
" IV	30	31	39
" III	33	33	33
" II	34	33	33
" I	36	32	36
Sub std. B	36	33	37
" " A	34	31	28
Totaal	261	246	247

Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat daar, altans in 1946 en 1947, nie 'n groot verskil was in die grootte van die laer en hoër standerds nie. Die verpligte onderwys tot by die veertiende jaar wat op Elim geldig is, is waarskynlik verantwoordelik hiervoor. Die skoolhoof stel die gemiddelde aantal kinders wat jaarliks die skool verlaat op **†** 35. Ook is hy van mening dat daar jaarliks ongeveer tien kinders in die skool opgeneem word wie se

ouers elders woonagtig is. In die meeste gevalle woon dié kinders by die grootouers in, grotendeels met die doel om as hulp en geselskap te dien. Geen vaste losiesgelde word in die reël geverg nie, maar die ouers stuur af en toe geld, voedsel of klere as teenprestasie wanneer hulle daartoe in staat is.

Die Personeel: Vanaf 1842 is die onderwys op Elim deur kleurlinge waargeneem; tot voor 1935 het hulle hoofsaaklik hul opleiding op Genadendal ontvang terwyl na dié datum, toe die Kweekskool aldaar gesluit is, die grootste persentasie in Kaapstad opgelei is. Daar is tans agt onderwysers op die skoolpersoneel - vyf is mans en drie vroue. Die onderwysers(esse), wat almal Elimers van geboorte is, het die Std. X-sertifikaat asook 'n onderwysers-diploma. Die plekke van studie was hoofsaaklik Zonnebloem-kollege (Kaapstad)⁴⁾, Battswood-opleidingskool⁵⁾ (Wynberg) en die Athlone-opleidingskool⁶⁾ (Paarl). Die skoolhoof het ook aanvanklik aan die eertydse Kweekskool te Genadendal gestudeer, maar het daarna in Kaapstad verdere opleiding geniet. Laasgenoemde onderrig die std.VI-klas, terwyl die orige vier mans die klasse van stds. II tot V onder hulle toesig het en die drie onderwyseresse

4) Anglikaanse Kerk

5) Nederduits Gereformeerde Kerk

6) Interkerklik.

die sub-standerds en std. I.

Die onderwysers(esse) maak almal 'n besonder gunstige indruk. Persoonlike netheid, beleefdheid, vriendelikheid en hulpvaardigheid is die uitstaande kenmerke. Almal het baie intelligent voorgekom en het met graagte inligting verstrek en behulpsaam gewees waar hulle kon. Die skoolhoof veral, wat terselfdertyd ook tweede leraar van die gemeente is, is baie intelligent, dink nugter oor sake van aktuele belang en is ongetwyfeld 'n besondere bate vir die gemeenskap. Soos in die geval van die skoolhoof, tree die ander leerkragte nie slegs as opvoeders van die jeug op nie, maar neem almal aktief deel aan die gemeenskapsbedrywighede. Die invloed wat hulle so doende uitoefen, is ongetwyfeld prysenswaardig. Sommige neem veral deel aan die verenigingslewe op Elim. Een ongetroude onderwyser is bv. voorsitter van die Jongelingsvereniging terwyl een van die onderwyseresse voorsitster van die Jonge-dogtersvereniging is. Meeste van hulle dien ook in die uitvoerende besture van die verskeie verenigings. Een van die onderwysers is ook die plaaslike kerkkorrelis en het die kerk- sowel as die skoolkoor onder sy leiding. Verder is hy ook leier van die Elimse blaasorkes wat 'n besondere naam in die distrik verwerf het. Behalwe vir die skoolvoetbal, tree twee van die mans ook as breiers op van die twee dorps-voetbalspanne.

Aangesien die onderwysers almal Elimers van geboorte is, het hulle 'n goeie kennis van die gemeenskapstruktuur. Hulle is verder die ontwikkelde lede van die gemeenskap na wie opgesien word om leiding. Origens woon hulle ook taamlik verspreid oor die gemeenskap en dit stel hulle in die geleentheid om hulle invloed te laat geld.

Die skoolwerk wat gelewer word, is volgens die inspekteursrapporte baie bevredigend. In sommige gevalle is daar wel melding gemaak van kleinighede wat verbeter kan word, maar oor die algemeen is die standaard van 'n goeie gehalte. Daar moet natuurlik in aanmerking geneem word dat die taak van die kleurlingonderwyser geensins 'n maklike is nie. Die huislike omstandighede van verskeie kleurlingkinders affekteer die skoolwerk nadelig. Sommige kinders moet na skoolure tuinwerk of huislike pligte verrig, terwyl daar in baie huise nie 'n stil plek is waar die kinders ongestoord hulle huiswerk kan doen nie. Tog is dit gevind dat daar spesiale aandag aan sulke gevalle deur die onderwysers gegee word en dit is hulle doel en strewe dat die kinders aan die einde van die jaar na 'n volgende klas moet promoveer.

Vashoukrag van die Skool: Volgens die skoolhoof is daar jaarliks van vyf tot agt leerlinge op skool wat, alhoewel ouer as veertien, nogtans die skool besoek totdat std. VI behaal is. Die plaaslike bestuurder sowel as die onder-

wysers probeer ook gedurigdeur om die ouers te oorreed om nie hulle kinders uit die skool te haal alvorens hulle in die std. VI-eksamen geslaag het nie.

Die Leerplan: Die leerplan sluit hoofsaaklik die gewone primêre skoolvakke in, bv. die twee landstale, geskiedenis, aardrykskunde, rekenkunde ens. Ook word daar voorsiening gemaak vir onderrig in godsdiens en gesondheidsleer, terwyl elke onderwyser(es) in die wintermaande 'n tydjie afsonder vir liggaamsopvoeding. Die spesiale vakke wat by die leerplan ingesluit is, is houtwerk vir die seuns en naaldwerk vir die dogters. Die houtwerkonderrig word gegee deur 'n onderwyser wat spesiale opleiding in dié vak gehad het en voorwerpe soos waentjies, rakke, handdoekhangers ens. word vervaardig. Die Provinsiale Departement van Onderwys voorsien in die nodige hout en elke leerling ontvang die voorwerp wat hy gemaak het na afloop van die skoolinspeksie óf aan die einde van die skooljaar. Ook ontvang die kleiner seuns onderrig in mandjiesvleg, raffia- en kartonwerk.

Elkeen van die drie onderwyseresse is verantwoordelik om, behalwe gewone klaswerk, aan minstens twee klasse onderrig in naald- en breiwerk te gee. Die Provinsiale Departement van Onderwys voorsien in 'n gedeelte van die materiaal en die artikels wat hieruit vervaardig word, bly skoolleidendom. Ook leen die sendingkerk jaarliks 'n

klein sommetjie geld aan die skool vir die aankoop van materiaal; die dogters is dan daarop geregtig om die artikels wat hulle gemaak het teen 'n geringe prys te koop en die geld wat hiervoor ontvang word, word weer terugbetaal aan die sendingkerk.

Aan gesamentlike sang en koorsang word daar besonder baie tyd bestee. Die sangonderrig gaan ook gedeeltelik gepaard met die godsdiensoefening. Die skooldag word begin deur 'n gedeelte uit die Bybel voor te lees en die sing van gewyde liedere - bekend as die „môreseën". Op dieselfde manier word weer afgesluit. Daar word gewoonlik een keer per jaar meegeding by sangkompetisies waaraan die omliggende skole deelneem.

Die praktiese waarde van die leerplan vir die kinders is soortgelyk aan dié van ander primêre skole, met dié verskil dat die leerlinge op Elim 'n beter onderrig in die Bybelgeskiedenis ontvang. Ook geniet die kinders deurgaans beter en langer onderwys as bv. die kleurlingkinders op die omliggende plase, aangesien hulle, in die meeste gevalle, vir agt jaar op skool bly. Die plaaskleurlinge ontvang óf geen skoolonderrig nie óf woon die skool by vir slegs 'n paar jaar.

Ander Fasiliteite van die Skool.

Skool-Voedingskema: „Vandat die skool-voedingskema in werking getree het, is die uiterlike tekens van ondervoe-

ding minder sigbaar" - aldus die skoolhoof. Die „sendingkombuis", wat eertyds vir die gemeenskaplike huishouding van die sendelinge gebruik was, het vir die afgelope aantal jare as „sopkombuis" van die skool diens gedoen. Aan die einde van 1947 kon die skool se eie sopkombuis eger in gebruik geneem word. Hierdie kombuis word uitsluitlik vir die skool-voedingsdiens gebruik en vir dié doel is daar die nodige potte, drievoet ens. (Daar kon ongelukkig nog nie 'n stoof aangekoop word nie.)

Die huidige voedingskema is soos volg: Op Maandae en Woensdae word daar, in die vrugteseisoen, vars vrugte aan die leerlinge verskaf terwyl dit in tye wanneer vrugte skaars is deur gedroogde vrugte vervang word. Op Dinsdae ontvang die leerlinge melk, op Donderdae toebroodjies met botter en kaas en op Vrydae sop. Elke onderwyser(es) is verantwoordelik vir die uitdeel van hierdie voedsel aan sy (haar) eie klas, terwyl dit voorberei word deur vroue wat spesiale besoldiging vir hulle dienste ontvang. Die Provinsiale Administrasie ken voeding ter waarde van twee pennies per leerling per dag toe. Die totale bedrag wat tans per kwartaal ontvang word, is £102 : 10/-. Uit hierdie fonds word die voedsel gekoop asook die vroue betaal wat die voorbereiding doen. Die vrugte word gewoonlik d.m.v. die Sagte-Vrugte-raad verkry. Die Provinsiale Departement van Onderwys het aanvanklik ± £40 uitbetaal vir die aankoop van bekere,

lepelens. Hierdie voedingskema is baie gewild onder die ouers sowel as onder die kinders en die gunstige uitwerking, soos reeds vermeld, is baie opvallend.

Gedeeltelike Vryboekstelsel: Alle boeke en ander skoolbenodigdhede word van die Provinsiale Departement van Onderwys bestel. Laasgenoemde betaal 50% van die koste verbonde aan die boeke terwyl die orige 50% deur die ouers self betaal word. Meeste van hierdie boeke, veral dié wat jaar na jaar gebruik word, word onderling deur die leerlinge self verkoop aangesien dit hulle eiendom word deur die betaling van 50% van die koste. Die onderwyser sien toe dat die boeke in goeie toestand gehou word om sodoende die leerlinge in staat te stel om dit weer van die hand te sit. In gevalle van ouers wat baie behoefte is, word spesiale reëlins i.v.m. die betaling van die boekrekening getref. Volgens die skoolhoof is sulke reëlins in baie uitsonderlike gevalle nodig aangesien daar van die ouerskant alle ywer aan die dag gelê word om vir die boeke te betaal.

Die Skoolbiblioteek en ander Leesstof: Die skool beskik oor 'n klein biblioteek wat bestaan uit sowat 360 boeke, waarvan 180 Engelse en die res Afrikaanse boeke is. Die tipe boeke is almal, sonder uitsondering, verhale. Dié wat vir die kleiner kinders bedoel is, is natuurlik eenvoudige sprokies en verhaaltjies van 'n denkbeeldige aard.

Die hoër klasse veral, d.w.s. stds. III tot VI, lees baie graag en die verhale word dikwels tuis hardop voorgelees of oorvertel. Ook ontvang die skool gereeld elke maand ⁷⁾ 50 kopieë van die Jong Springbok, asook weekliks ongeveer 80 kopieë van Die Huisvriend. Hierdie blaaië word onder die kinders gesirkuleer en veral eersgenoemde blad word gratig gelees. Ook word 'n paar ander tydskrifte bv. Die Huisgenoot en Die Naweek deur die onderwysers aan die kinders gegee om te lees.

Georganiseerde Sport: Die skool se deelname aan georganiseerde sport kom by die eerste oogopslag as baie gering voor. Daar moet egter in aanmerking geneem word dat Elim landelik van aard is - die sendingstasie is omring deur heuwels, vlaktes, vleiagtige gedeeltes ens. en die jeug, soos in die geval van 'n plaas, vind 'n groot gedeelte van hulle vermaak in dié oorde. Ook moet in aanmerking geneem word dat die meeste ouers die dienste van hulle kinders na skoolure nodig het en baie kinders kry gevolglik nie voldoende tyd om aan georganiseerde sport deel te neem nie. Nogtans bestaan daar twee voetbalspanne vir seuns en vier netbalspanne vir dogters. Deelname aan hierdie twee sportsoorte is vrywillig en daar heers groot entoesiasme onder die leerlinge vir hierdie

7) 'n Maandblaadjie uitgegee deur die Spaarvereniging

8) 'n Weeklikse godsdienstige Sondagblad, uitgegee deur die Rynse-, Belynse- en Morawiese-Sendinggenootskap.

spele. Die eerste en tweede spanne van genoemde sportsoorte ding onderskeidelik mee om 'n Junior- en Senior-skild. Daar word gevolglik wedstryde op Elim, Bredasdorp, Napier ens. gespeel. Die kinders word per vragmotor na hierdie plekke vervoer en die ouers dra self die vervoerkoste. Op hierdie manier kry die kinders ook die geleentheid om ander plekke te sien. Die seuns oefen gewoonlik op die voetbalvelde van die twee „dorpsklubs” wat net bokant die skoolgeboue geleë is, terwyl die dogters hul eie twee netbalbane het. Ongelukkig is daar nog nooit uitstappies na die see ens. gereël nie - dit word egter, volgens die skoolhoof, in die nabye toekoms beoog.

Skoolkonserte: In die reël word daar al om die tweede jaar 'n skoolkonsert gehou. Al die kinders neem deel aan die program en die toegangsgeld, wat gewoonlik 6 pennies bedra, word aangewend vir die aankoop van addisionele biblioteekboeke.

Sangkompetisies: Wanneer daar aan sangkompetisies deelgeneem word, geskied die oefeninge na skoolure. Soos in die geval van die twee sportsoorte, word daar in die sangkompetisies ook om 'n Junior- en Seniorskild meegeeding. Die Elimse skool het betreklik onlangs nog die Juniorskild verower. Die mededinging geskied gewoonlik op Bredasdorp en die skoolinspekteur vir musiek tree as beoordelaar op.

Die Skool-Spaarklub: Alhoewel daar 'n Spaarvereniging op Elim bestaan waarvan sommige kinders ook lede is, het die personeel dit nogtans raadsaam geag om 'n skool-spaarklub in die lewe te roep. Al die leerlinge, met uitsondering van $\frac{1}{2}$ 20, behoort hieraan. Elke onderwyser is verantwoordelik vir die invordering van die spaargeld van sy eie klas. 'n Bedrag van £300 is tans in die poskantoor belê. In die meeste gevalle eis die leerlinge aan die einde van die jaar 'n gedeelte van die geld op met die doel om kersgeskenke ens. te koop. Aan die einde van 1947 is bv. gesamentlik £86 deur die leerlinge opgeeis. Sodra 'n leerling die skool verlaat, ontvang hy/sy al die geld wat gespaar is. Alhoewel, volgens die onderwysers, die invordering van die geld sowel as die daarmeegepaardgaande administrasie, veel tyd in beslag neem, moedig hulle die kinders aan om soveel geld as moontlik te spaar.

Die Skoolgeboue: Die skoolakkomodasie bestaan eintlik uit vyf afsonderlike geboue. Die twee hoofgeboue staan parallel teenoor mekaar met 'n tussenspasië van ongeveer 100 voet. Dan is daar twee aparte geboue wat as houtwerk-kamer en sopkombuis diens doen asook die gebou vir sanitêre doeleindes. Om 'n duidelike beeld van die akkomodasie wat die skool aanbied te kry, sal 'n kort uiteensetting van elke gebou gegee word.

Hoofgebou A: Hierdie gebou, waarin substds. A en B sowel as stds. I en II gehuisves word, bestaan uit vier afsonderlike klaskamers. Dit is ook die oudste van die skoolgeboue wat tans gebruik word. Die gebou, wat van klip en rousteen gemaak is, is voorsien van hoë mure, 'n rietdak, drie buitedeure, 16 vensters, plankvloere, plankplafonne en 'n ruim solder waarop boeke, kaste ens, gestoor word. Die grootte van die klaskamers is nie almal dieselfde nie, maar die gemiddelde is ongeveer 24' by 26'. Daar is derhalwe voldoende ruimte beskikbaar. Slegs een klaskamer is nie met 'n middeldeur aan die ander verbind nie, terwyl een klaskamer nie oor 'n buitedeur beskik nie. Dit is onbevredigend in dié opsig dat die klank maklik van die een na die ander klaskamer dra. Elke vertrek is voorsien van twee ruim vensters met skuiframe aan die oos- en noordekant onderskeidelik. Lig en lug is gevolglik voldoende.

Hoofgebou B: Hierdie gebou, wat heelwat nuwer as die bogenoemde een is, is ook van klip en rousteen gebou en het 'n sinkdak. Origns is dit in byna elke opsig dieselfde as hoofgebou A. Stds. III tot VI word hierin gehuisves en daar is oorgenoeg ruimte in die klaskamers. Drie van die klaskamers is met skuifdeure verbind, terwyl die laaste vertrek aan die suid-oostelike kant van 'n ruim ingeboude verhoog voorsien is. Ten tyde van konserte,

basaars, vergaderings ens. word die skuifdeure oopgemaak en die drie klaskamers tesaam doen dan diens as saal. Ook hierdie vier klaskamers het slegs drie buitedeure. Anders as hoofgebou A is hierdie gebou van elektriese beligting voorsien.

Die Houtwerkkamer: Hierdie klaskamer is 'n betreklik nuwe alleenstaande gebou. Dit het 'n sinkdak, plankvloer, asbesplafon en vier ruim vensters. Die voorkoms van hierdie gebou is baie goed.

Die Skoolkombuis: Die skoolkombuis, meer algemeen bekend as die sopkombuis, is in 1947 voltooi en is ook 'n alleenstaande gebou met 'n rietdak, asbesplafon, 'n kleivloer en twee ruim vensters. Ook is daar in hierdie gebou 'n groot bakoond en vuurherd aangebring. Daar word gehoop om binnekort 'n stoof aan te koop.

Sanitêre geriewe en drinkwatervoorsiening: Die sanitêre geriewe bestaan uit twee afdelings - een afdeling vir die seuns en dogters onderskeidelik. Die geriewe is voldoende en die nagvuil word, volgens die skoolhoof, gereeld verwyder. Ook is beide afdelings netjies van binne. Een van die twee plekke op die buitewyke van die sendingstasie waar die drinkwater gehaal word, is naby die skoolgeboue. Daar is derhalwe nie ekstra voorsiening vir drinkwater gemaak nie.

Ameublement: Alhoewel die ameublement, algemeen gespro-

ke, voldoende is, is dit egter nie so doeltreffend as wat verkies word nie. Daar is genoeg banke in elke klaskamer, maar in hoofgebou A bestaan dit uit die outydse lang banke sonder rugleunings waarop agt leerlinge tegelyk moet sit. Hoofgebou B is egter voorsien van banke met rugleunings wat sitplek vir vyf leerlinge tegelyk bied. Dit is die begeerte van die onderwysers dat hierdie banke met die nuwere een- of tweepersoons opklapbanke vervang moet word. Daar is in elk geval genoeg ruimte daarvoor. Ook beskik elke klaskamer oor voldoende swartborde en toesluitbare kaste waarin boeke, handwerk ens. gebêre kan word. In die sogenaamde saal is daar 'n klavier, verhoog en 'n ekstra rak waarin die biblioteekboeke geplaas word. Origens bestaan die ameublement uit die gebruikelike, bv. 'n stoel en tafel vir die onderwyser (es) ens., behalwe miskien vir die houtwerkkamer wat oor 'n groot verskeidenheid van gereedskap bv. beitels, hamers, sae ens. beskik.

Die algemene indruk van die klaskamers is besonders goed. Al die vertrekke is netjies uitgewit en die houtwerk geskilder. Die mure van die hoër klasse is versier met prente, landkaarte ens. terwyl dié van die laer klasse 'n egte kindertuin-atmosfeer skep. Daar is bv. sketse van huise, vrugte ens., deur die leerlinge self geteken, teen die mure aangebring. Ook word daar gereeld blomme, veral in die klaskamers van die substanderds,

geplaas.

Dit is moeilik om die juiste grense van die skoolterrein te beskryf, aangesien dit nie toegekamp is nie. Die skoolgeboue is geleë tussen die werf en die woonhuise van die kleurlinge. Aan die bokant van die skool is daar 'n ruim stuk grond wat deel uitmaak van die werf maar waarop ook die voetbalvelde van die twee dorpspanne aangetref word. Hierdie stuk grond word ook deur die kinders as speelterrein gebruik.

Die algemene voorkoms van die skoolgeboue laat 'n baie goeie indruk. Dit word elke jaar gewit en die persoon wat belas is met die uitveeg en skrop van die klas-kamers dra ook sorg dat die terrein tussen die skoolgeboue skoon gehou word. Voor hoofgebou A is daar sipresbome en tussen laasgenoemde en hoofgebou B is daar blougombome aangeplant. Hierdie bome is nie slegs om etiese redes geplant nie maar dit bied ook skaduwee aan die leerlinge in die somermaande.

Die Beheer en Administrasie: Die wetgewende outoriteit vir kleurlingonderwys in elke provinsie is die Provinsiale Raad. Die administrasie van kleurlingonderwys in die Kaap-Provinsie berus by die Superintendent-Generaal van Onderwys, onderworpe aan die beheer van die Administrateur en die Uitvoerende Komitee. In die Kaapse Departement

van Onderwys bestaan daar spesiale voorsiening vir Kleurlingonderwys en wel in 'n afsonderlike afdeling van die hoofkantoor, wat dan ook slegs met kleurlingonderwys te doen het.

Die toesig oor die plaaslike skool berus by die bestuurder van die sendingstasie. Laasgenoemde, saam met die skoolinspekteurs, is die direkte skakel tussen die Elimse skool en die Provinsiale Administrasie.

Alhoewel artikel 28 van Ordonnansie No. 17 van 1930 voorsiening maak vir die benoeming van 'n skoolkomitee (met die goedkeuring van die betrokke Departement) is daar op Elim nog nie tot so 'n stap oorgegaan nie. Dit is egter die uitgesproke wens van die skoolhoof en sy personeel, asook van verskeie kleurlingbewoners van die sendingstasie, dat 'n skoolkomitee aangestel moet word. Hierdie persone voel dat die tyd aangebreek het vir groter seggenskap in sake van aktuele belang in die gemeenskap, soos bv. die beheer oor skoolsake en veral die aanstelling van onderwysers. Tans is die prosedure dat, ingeval 'n onderwyser sy betrekking neerlê, hy sy bedanking by die bestuurder moet indien. Laasgenoemde gee dan aan die Superintendent van die Morawiese Kerk kennis dat daar 'n betrekking in die plaaslike skool vakant word, en die Superintendent, in medewerking met die Kerkbestuur, beroep dan 'n onderwyser.

Die Elinse skool word deur dieselfde inspekteurs (skool-, gesondheids-, en handwerkinspekteurs) besoek as die skole vir blankes in dieselfde area en hierdie persone is dan verantwoordig aan die Provinsiale Departement van Onderwys verskuldig oor die gehalte werk, gesondheid van die leerlinge, die toestand van die skoolgeboue ens.

Die skoolgeboue behoort aan die Morawiese Sending en die Provinsiale Departement van Onderwys huur dit van eersgenoemde liggaam.

Verdere professionele en beroepsleiding: Oor die algemeen is daar baie min leerlinge wat na die voltooiing van std. VI verder studeer of beroepsleiding ontvang. Volgens die skoolhoof is daar tans 12 oud-leerlinge wat aan hoërskole bv. Genadendal en Kaapstad studeer met die oog op 'n onderwyskursus; ses persone studeer aan opleidingskolleges, en een volg die B.A.-kursus aan die Universiteit, Kaapstad. Daar het vier dames in die afgelope drie jaar die verpleegsterskursus aan die Nuwe Somerset-Hospitaal, Kaapstad, voltooi. In slegs 'n paar van die bogenoemde gevalle het die sending finansiële steun toegestaan.

Die Skool en die Ouers: Dit het tydens die ondersoek duidelik geblyk dat meeste van die ouers in noue voeling is met die skoolbedrywighede. Die feit dat die onderwysers (esse) tussen die gesinne woonagtig is, dra ongetwyfeld hiertoe by. Ook beskou hulle die gereelde skoolbesoek

van hulle kinders nie as 'n verpligting wat deur die sending opgelê is nie maar as 'n voorreg vir hulle kinders. Die ouers besef dan ook hulle verantwoordelikheid om toe te sien dat gebruik van die geleentheid tot opvoeding gemaak word.

Ten tyde van basaars, skoolkonserte ens. kan daar gereken word op die hulp en ondersteuning van die ouers. I.v.m. skoelsport, word daar van ouerskant onderneem om self die koste, verbonde aan die sportbenodigdhede, te dra bv. die aankoop van voetbaljersies, netbalklere, voerkoste, ens.

Slotopmerking: Die skool op Elim neem miskien die mees gunstige plek in die samestelling van die gemeenskapstruktuur in. Die goeie organisasie daarvan en die gunstige invloed wat van die skool uitgaan, is faktore van uiterse belang.

H O O F S T U K VII

BEHUISINGSTOESTANDE

„ Die behuisingstoestande, as 'n geheel geneem, waaronder die Kleurlinggemeenskappe vandag dwarsdeur die Unie lewe, kan slegs as betreurenswaardig beskryf word Die oorgrote meerderheid woon in huise van een of twee kamers met té veel mense daarin; in die ergste gevalle met meer as een gesin in dieselfde kamer.“¹⁾

Tot hierdie gevolgtrekking het die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie in 1937 geraak. Mens sou rede hê om aan te neem dat hierdie toestande in die afgelope dekade geensins verbeter het nie, maar dat die pasafgelope oorlog die behuisingstoestande nog meer akuut gemaak het.

Wanneer die behuisingstoestande op Elim nagegaan word, kan dit egter as taanlik gunstig bestempel word, veral as dit vergelyk word met die behuisingstoestande van die kleurlinge op die omliggende plase.

Die Topografie van die Sendingstasie.

Die Elim-sendingstasie is min of meer in die sentrum van die Elim-plaas geleë en wel teenaan 'n bult. Die uitsig vanaf die teenoorgestelde rigting van Elim lewer 'n baie mooi blik op die gemeenskap as geheel.

Die sendingstasie het nie na willekeur ontwikkel nie, maar is wel volgens 'n definitiewe plan uitgelê.²⁾ Die

1) Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie. U.G. No.54, par.624.

2) Sien die meegaande sketskaart.

gemeenskap bestaan uit twee afdelings, nl.

(a) Die werf, waarop die woonhuise van die blankes, die kerkgebou, die skoolgeboue, die winkel, die slaghuis, die losieshuis, die poskantoor en die polisiestatie aange-tref word.

(b) Die woonbuurt van die Kleurlinge.

Die werf, wat in hoofsaak vir die blankes ge-reserveerd is en die res van die sendingstasie, word geskei deur die kerk- en skoolgeboue; hierdie geboue vorm eintlik 'n soort oorgang tussen die twee afsonderlike dele. Die woonbuurtes van blank en nie-blank is dus apart. Sover vasgestel kon word was aparte woonbuurtes vir blank en gekleur ook die uitdruklike doel van die eerste sendelinge.

Die totale aantal strate is 13, waarvan 8 in 'n noord-suid rigting gaan, d.w.s. dwars teenaan die bult. Die orige 5 strate wat betreklik kort is in vergelyking met die eersgenoemde 8, loop in 'n oos-wes rigting, d.w.s. reg opwaarts teenaan die bult.


Vanaf die begin, d.w.s. vanaf 1824, is die werf geskei van die terrein waar die kleurlinge hulle huise sou bou. Die tweede laagste straat teenaan die bult nl. Kerkstraat, is die oudste straat op Elin; nadat die straat afgesteek is, het die kleurlinge verlof gekry om aan weerskante daarvan huise te bou. Vanselfsprekend moes daar, met die groei van die sendingstasie, gedurigdeur nuwe strate aange-

van die gemeenskap en is reeds in die vorige eeu gebou.

Die agterste gedeelte van elke perseel is bedoel vir 'n agterplaas. Alhoewel die sending verwag dat dit toegebou of toegekamp moet word, is daar ± 35% van die wonings waarvan die agterplase heeltemal oop is. Die aangewese standplaas van die latrine is in die agterplaas en dit is verpligtend dat elke woning 'n eie latrine moet hê.


Die voordeur van elke woning moet op die straat uitkyk; gevolglik is die agterkant van al die wonings teenoor mekaar soos blyk uit die onderstaande skets.

Sketskaart: Die Ligging van die Woonhuise, Strate en Gange




a

- a : Straat
- b : Sypaadjie
- c : Woning
- d : Agterplaas
- e : Gang



e



lê word.

Die Perseel waarop die huise staan: Die persele waarop die huise staan is gemiddeld 20' by 24'; gewoonlik word die huise op die een helfte van die perseel gebou, d.w.s. 12' by 20'. Die ander helfte word dan as agterplaas gebruik. Geen perseel is omhein nie, en die afstand tussen die verskeie wonings is ongeveer 6 voet (sien meegaande skets) op bls. 103.

Die reëls i.v.m. Behuising soos opgestel deur die Sending.

Daar bestaan geen geskrewe reëls i.v.m. behuisingsaangeleenthede nie, maar die vereistes van die sending word mondeling deur die bestuurder van die sendingstasie aan die kleurlinge verduidelik.

Sodra iemand voornemens is om 'n huis op Elim te bou, moet hy allereers die verlof van die bestuurder daartoe verkry. Die terrein sowel as die grootte daarvan word ook deur laasgenoemde gekeur. In die reël word daar geen grond op die buitewyke van die sendingstasie vir boudoeleindes uitgegee nie maar wel oop terreine binne die gemeenskap. Die gemiddelde grootte van die terreine, soos hierbo vermeld, kan op ongeveer 20' by 24' gestel word.

Alle wonings moet alleenstaande wees en daar bestaan 'n verbod op die bou van platdakhuse. Tweevertrek-wonings word tans verbied terwyl die bou van drievertrek-wonings sterk afgeraai word. Die vyf tweevertrek-wonings wat daar op Elim aangetref is, is almal in die oudste gedeelte

Elke gesinshoof word verplig om die terrein waarop sy woning staan sowel as die helfte van die straat reg voor sy woning en die helfte van die gange tussen en langs sy woning, skoon en in stand te hou.

Daar mag nie meer as een gesin in dieselfde huis woon nie. Hierdie reël is, sover nagegaan kon word, alreeds geldig vanaf die vroegste jare in die geskiedenis van Elim. Die redes vir die bestaan van hierdie reël is om oorbevolking te verhoed, sowel as die voorkoming van huislike probleme wat so dikwels ontstaan wanneer verskillende gesinne saamwoon. Daar was selfs, tot omstreeks 1920, 'n reël in swang wat elke gesinshoof verplig het om die bestuurder in kennis te stel indien daar persone van buite in sy huis oornag of kuier. Weens die veelvuldige werksaamhede van die bestuurder sowel as die onwilligheid van die kleurlinge om hierdie reël na te kom, is dit afgeskaf.

Alhoewel die sending niemand verbied om in 'n huurhuis te woon nie, moedig die bestuurder nogtans die kleurlinge aan om, indien moontlik, 'n eie woning te besit.

DIE WOONHUISE:

Behuisingsstatistiek: Die totale aantal kleurling-woonhuise op Elim is tans 345. Van hierdie huise is 56, d.w.s. 19.45% onbewoon, alhoewel in 'n goeie toestand. Ongeveer 10 van hierdie onbewoonde huise word as tuishuise gebruik deur die betrokke eienaars wat in die omgewing van Elim

woonagtig is, terwyl die eienaars van die orige 45 elders, veral in Kaapstad, werksaam en woonagtig is en net met Paasfees of vakansies na Elim kom. In die afgelope 15 jaar is daar slegs 5 nuwe huise op Elim gebou.

Die Tipe Gebou: Al die woonhuise op Elim (die bewoonde sowel as die onbewoonde) is alleenstaande; die sending het vanuit die staanspoor, d.w.s. vanaf 1824, die oprigting van half-alleenstaande en ryhuise verbied. Hierdie verbod is deurgaans gehandhaaf.³⁾ Ook bestaan daar geen dubbelverdieping woonhuis op die sendingstasie nie.

Die Boumateriaal: Die boumateriaal van die ouer tipe wonings verskil aanmerklik van dié van die nuweres. Die oudste huise op Elim is gebou uit klip en rou klei. Hierdie wonings is besonder sterk en stewig en in etlike gevalle kan die klipfondament bo die oppervlakte van die grond gesien word. Die mure is egter taanlik grof en onegalig - nie so glad afgepleister as die huise wat later gebou is nie. Sommige mure is selfs baie windskeef, en as 'n mens nie bewus is van die feit dat die boumateriaal hoofsaaklik uit klip bestaan nie, sou verwag word dat die betrokke huise mag ineenstort.

Die boumateriaal van die nuwere wonings is uitsluitlik rousteen en 'n mengsel van klei en/of sement. Die

3) Sien paragraaf oor die reëls i.v.m. behuising soos opgestel deur die sending.

mure van hierdie wonings is heelwat dunner as die ouer wonings, maar is nogtans stewig en goed gebou. 'n Hele aantal van hierdie wonings is nog onafgepleister. Die rede hiervoor is egter nie agtelosigheid nie maar wel omdat dit gevind is dat die mure eers vir 'n paar jaar aan die reën blootgestel moet word. Wanneer dit dan gepleister word, is daar weinig te vrese dat die pleistering barste sal gee en afval. Sommige wonings staan egter alreeds vir die afgelope 15 - 20 jaar onafgepleister.

Sover vasgestel kon word is daar geen huise op Elim van baksteen gebou nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: nie slegs is bakstene duur nie, maar die Elimse grond is nie geskik vir die maak van hierdie tipe steen nie en daar is ook nie persone in die nabyheid van Elim wat die maak van dié stene onderneem nie. Daar is ook geen woning aangetref wat uit beton gebou is nie; in hierdie geval word dit beweer dat die sement te duur is.

Die Dakmateriaal: Van die 289 huise wat bewoon word, het 244 (84.43%) rietdakke, 39 (13.50%) sinkdakke en 6 (2.076%) gedeeltelik 'n riet- en sinkdak. Riet vorm derhalwe die gewildste dakmateriaal. Dit groei baie volop en weelderig op die Elimse gronde asook op die omliggende plase. In die vroeëre jare was riet baie goedkoop en niemand sou ander dakmateriaal as riet kies nie. Dié wat op die Elimse grond groei, word gratis aan die kleurlinge afgestaan,

terwyl die omringende boerogemeenskap die kleurlinge ver-
lof gegee het om soveel riet te sny as wat hulle nodig
het - in baie gevalle met 'n baie geringe teenprestasie.
Waar riet vandag egter 'n gewilde dakmateriaal is, ver-
koop die boere dit teen dieselfde prys aan die kleurlinge
as aan die blankes.

In die oudste gedeelte van Elim is daar omtrent geen
sinkdakke nie; slegs in gevalle van persone wat taamlik
welgesteld is, is die oorspronklike rietdakke deur sink
vervang. In die nuwere gedeelte van die sendingstasie
word daar egter meer sinkdakke aangetref maar dit is nog
heeltemal in die minderheid. Sommige kleurlinge het hulle
rietdakke met sink vervang „ omdat dit mooier is" - andere
het weer 'n sementdam aangebou en verkies sink om sodoende
die reënwater op te vang.

Die Plafon: Netso algemeen soos die rietdakwonings is,
eweso algemeen is die spaansrietplafon. Die spaansriet
word self gekweek en kan ook goedkoop aangeskaf word.
Van die 289 huise wat bewoon word, het 273 (94.48%) 'n
spaansrietplafon, 5 (1.73%) 'n plankplafon, 8 (2.77%)
spaansriet sowel as plank, een 'n asbesplafon en twee slegs
gedeeltelik 'n spaansrietplafon. Daar is nie een woning
wat nie in die geheel of gedeeltelik oor 'n plafon beskik
nie; in die twee wonings wat slegs gedeeltelik oor 'n
plafon beskik, is die kombuise die vertrekke wat geen plafon

het nie. Die kleurlinge beskou 'n huis sonder 'n plafon soos „ 'n huis sonder 'n kombuis."

Die rietdakke sowel as die spaansrietplafon het eintlik 'n tradisie op Elim geword en die grootste persentasie van die kleurlinge verkies 'n spaansrietplafon bo 'n plank solder. Die spaansriet word in hoofsaak in die tuine gekweek. Sodra 'n persoon van plan is om 'n huis te bou, sal hy eerstens sorg dra dat hy oor 'n voldoende voorraad spaansriet beskik en tweedens, dat daar riet vir die dak beskikbaar is.

Die rietsolders word as volg gebou: nadat die huis balkshoogte is, word die balke gelê en dan die dak opgesit. Daarna word die spaansriet styf teenaan mekaar „gelê", vasgeheg d.m.v. 'n raamwerk aan die balke en dan met toue aan mekaar gevleg. Sodra die plafon dan voltooi is, word 'n laag klei daarop gegooi sodat die plafon heeltemal dig is. Hierdie spaansrietsolders is baie sterk en daar kan baie artikels op gebêre word. Een algemene klagte is egter dat dit baie stof en korreltjies sand deurlaat, maar die ekstra werk wat hierdeur meegebring word, word as van weinig belang beskou. In die meeste gevalle word die spaansriet, nadat die plafon voltooi is, gewit, en afgesien van die estetiese waarde daarvan, verminder dit die deursyfering van stof.

Die Vloere: Van die 289 wonings het 277 (95.85%) klei-

vloere, 8(2.77%) gedeeltelik klei- en plankvloere en 4 (1.38%) geheel-en-al plankvloere. Alhoewel die klei-vloere in enkele gevalle met matte bedek is, is dit die gebruik dat dit minstens een keer per week gesmeer word. Die paar wonings wat in die geheel of gedeeltelik van plankvloere voorsien is, behoort, sonder uitsondering, aan die meer goeie persone; tog is dit opmerklik dat heelwat kleurlinge wat dit kan bekostig om die klei- met plankvloere te vervang, nogtans verkies om eersgenoemde te behou. Die rede hiervoor kan óf aan die mag van die gewoonte óf aan die gebrek aan ondernemingsgees toegeskryf word. Veral die ouer persone is baie traag om aan hulle huise te werk of te laat werk - nie weens die feit dat hulle nie die gerief daarvan vir 'n lang tyd sal ondervind nie, maar bloot omrede hulle dit as 'n beslommernis beskou.

Vensters: Die vensters van die ouer wonings is gewoonlik baie klein - in die meeste gevalle $1\frac{1}{2}'$ by $2'$. In hierdie geval word vensters gebruik wat kan oop- en toeklap; die raamwerk is deurgaans van hout gemaak. Die vensters van $\pm 50\%$ van die wonings is van skuiframe voorsien en behalwe enkele uitsonderings is die raamwerk ook van hout. Elke vertrek beskik oor een venster terwyl daar in etlike gevalle 'n klein venstertjie van ongeveer $2'$ by $10''$ bokant die voordeur aangebring is.

Pleistering: Soos reeds vermeld, is 'n groot persentasie van die wonings wel van buite afgepleister maar 'n gedeelte ondergaan nog die „uitwasproses“. Al die huise is egter van binne afgepleister. In die meeste gevalle, veral wat betref die ouer wonings, word daar strooi of ander veselagtige plante-materiaal by 'n mengsel van klei en/of sand en sement gevoeg by die aanmaak van die pleistering; die veselagtige materiaal help om die pleister beter aan mekaar te heg.

Die Algemene voorkoms van die huise van buite: Oor die algemeen is die voorkoms van die huise van buite baie aantreklik. Die ou gebruik dat elke huiseienaar 'n vyeboom voor sy woning moet plant, word veral in die ouer gedeelte van die sendingstasie aangetref. Voor elke huis is daar gewoonlik 'n kliptrappie en in sommige gevalle 'n klipstoep. Slegs vyf wonings het 'n veranda, terwyl omtrent 20 van sementstoepe voorsien is.

Alhoewel dit die gebruik op Elim is om die huise net voor Paasfees af te wit, is daar tog verskeie huiseienaars wat in gebreke bly om dié taak uit te voer. Tydens die ondersoek was 172, d.w.s. 59.85% van die wonings rondom afgewit, 107 d.w.s. 37.02% slegs aan die voorkant en 10 d.w.s. 3.46% gladnie afgewit nie. In etlike gevalle was dit moeilik om te onderskei of 'n huis wel afgewit is al dan nie; die rede wat hiervoor aangegee word,

is dat die kalk nie aan die kleimure wil kleef nie.

Die vensterrame en die voordeur word gewoonlik óf bruin óf groen geskilder, maar dit is dikwels gevind dat die agterdeur of kombuisdeur nie geskilder word nie. Daar bestaan die algemene neiging by die kleurlinge om baie meer aandag aan die voorkoms van die voorkant as aan die agterkant van die wonings te gee.

Weens die gebrek aan ruimte is daar baie min huise wat 'n blomtuin aan die voorkant het; in sommige gevalle, waar daar wel 'n blomtuin aangebring is, is die lengte daarvan dieselfde as dié van die woning en die breedte ongeveer 4 voet.

Alhoewel dit verkies sou word dat elke woning oor 'n toegeboude agterplaas moet beskik, is daar tog 103 of 35.6% van die wonings aangetref wat dit nie het nie. Elke gesin is egter geregtig op 'n gedeelte grond aan die agterkant van die woning om gebruik te word as agterplaas. Van die 289 wonings beskik slegs 61.9% oor 'n toegeboude agterplaas.

Die vastgestelde plek vir die latrine is die agterplaas; ook word dié terrein as pluimveekamp, stoorplek vir brandhout, tuingereedskap ens. gebruik. In etlike gevalle is daar selfs 'n klein kamertjie of sinkgeboutjie of selfs 'n sink- of houtafskorting in die agterplase, uitsluitlik vir pakdoeleindes, aangebring; die voorkoms van die agter-

plase word noodwendig hierdeur benadeel. In die wintermaande is die agterplase baie nat; reënwater kan nie weggelei word nie aangesien daar geen slote vir dié doel in die strate aangebring is nie. Verskeie persone het, om die voorkoms van die agterplaas meer aantreklik te maak, 'n boom en/of blomme daarin geplant.

Die Binnenshuise toestande:

Die grootte van die wonings: Die gemiddelde grootte van die nuwere wonings op Elim is 20' by 33', terwyl dié van die ouere wonings 12' by 20' is. Hier moet egter in aanmerking geneem word dat daar heelwat huise aangetref is waar ekstra kamer(s) aangebou is. Daar kan egter vryelik aanvaar word dat bogenoemde mate die oorspronklike grootte van al die woonhuise was.

TABEL VII. DIE HOEVEELHEID VERTREKKE PER WONING

Aantal vertrekke	Aantal vertrekke	persentasie
2	5	1.73
3	53	18.34
4	169	58.47
5	53	18.34
6	7	2.42
7	2	.692
Totaal	289	100.00

Volgens die bostaande tabel bestaan meer as 58% van die huise uit vier vertrekke. Sonder uitsondering word twee van hierdie vier vertrekke as slaapkamers gebruik,

een as voorhuis en een as kombuis. Die persentasie wonings wat uit drie en vyf vertrekke bestaan, is in beide gevalle 18.34%, terwyl daar baie min huise aangetref word wat uit minder as drie en meer as vyf vertrekke bestaan.

Die grootte van die vertrekke wissel baie, maar dit is gevind dat die vertrekke van die ouer tipe wonings heelwat kleiner is as dié van die nuwere huise. 'n Gemiddelde grootte van die vertrekke vir die ouer wonings kan op ongeveer 6' by 8' gestel word, terwyl dié van die nuwere wonings op ongeveer 8' by 10' gestel kan word.

Mate van oorbevolking: Daar is tydens die ondersoek nie een huis gevind wat oorbevolk is nie. In die naweke egter, gewoonlik vanaf Saterdagand tot Sondagaand, kom sommige gesinslede wat elders werk, huistoe; in sulke gevalle mag daar dan wel te veel persone in een huis slaap, maar dit is slegs vir een nag. Die kinders wat permanent elders werksaam is, kom in die reël nie tege-lyk vir vakansies huis toe nie, veral as hulle reeds 'n eie gesin het. Gedurende feestye, in die besonder met Paasfees, is etlike huise wel oorbevolk. Een huisvrou het bv. meegedeel dat sy met die onlangse Paasnaweek 20 familielede gehuisves het in haar woning van vier vertrekke. Waarom daar, behalwe in die bogenoemde gevalle, nie oorbevolkte huise op Elim aangetref word nie, kan aan die

volgende oorsake toegeskryf word:

1. Sodra die kinders die skool verlaat, gaan hulle gewoonlik elders werk; slegs een of twee bly miskien tuis om die ouers behulpsaam te wees.

2. Volgens 'n reël, neergelê deur die sending,⁴⁾ mag twee gesinne nie in dieselfde huis woon nie. In sommige gevalle woon daar slegs 'n vader of moeder by die gesinne in.

3. Die wonings is oor die algemeen taamlik groot met die gevolg dat daar voldoende slaapvertrekke is.

Die verskillende vertrekke:

Soos die onderstaande tabel aandui, beskik die wonings op Elim slegs oor die allernodigste vertrekke - „luukse" vertrekke ontbreek byna deurgaans, bv. badkamers, spense ens.

TABEL VIII. DIE SPESIFIEKE VERTREKKE IN VERHOUDING MET DIE TOTALE AANTAL WONINGS.


Spesifieke vertrekke	Aantal wonings	persentasie
Voorhuise	283	98.26%
Kombuise	289	100.00%
Latrines	289	100.00%
een slaapkamer	53	18.34%
twee slaapkamers	169	58.47%
drie slaapkamers	52	17.99%
vier slaapkamers	5	1.73%
Studeerkamers	1	99.99%
Sitkamers	11	3.8 %

'n Voorhuis, kombuis en latrine is derhalwe vertrekke wat in so te sê alle wonings aangetref word, terwyl 81.66% van die huise oor twee of meer slaapkamers beskik.

⁴⁾ Sien paragraaf oor die reëls i.v.m. behuising soos opgestel deur die sending.

Studeer- en sitkamers is 'n seldsame verskynsel, veral omrede die meeste kleurlinge dit nie nodig het nie.

Slaapkamers: Slegs 5 (1.73%) wonings beskik oor vier slaapkamers; die eienaars van hierdie huise is deurgaans betreklik gegoede persone. Een slaapkamer word elk deur die ouers, seuns en dogters gebruik terwyl die vierde slaapvertrek as spaarkamer dien. Die aantal wonings wat oor drie en een slaapkamer beskik, is respektiewelik 52 (17.99%) en 53 (18.34%). By verre die grootste persentasie wonings (169 of 58.47%) bestaan egter uit 'n voorhuis, kombuis en twee slaapkamers. Hierdie tipe woning se plan is gewoonlik die volgende:



a en d == slaapkamers
b == voorhuis
c == kombuis.

Die groot slaapkamer (a) word gewoonlik deur die ouers gebruik terwyl die kleiner slaapkamer (d) aan die kinders afgestaan word. Dit is gevind dat die dogters in hierdie tipe huis in dieselfde kamer as die ouers slaap, terwyl die ander slaapkamer vir die seuns bedoel is.

Voorhuise: Slegs vyf van die 289 wonings beskik nie oor 'n voorhuis nie; hierdie vyf wonings bestaan almal uit slegs twee vertrekke, nl. 'n kombuis en 'n slaapkamer. Dit is gevind dat die aantal persone wat in hierdie vyf

huise woon, deurgaans uit twee bestaan, t.w. die gesins-
hoof en sy eggenote. In die reël egter, is die Elimers
baie gesteld daarop dat hulle wonings oor 'n voorhuis moet
beskik. Twee-vertrek wonings word slegs in die oudste
gedeelte van die sendingstasie aangetref. Die bou van
hierdie tipe woning word tans verbied deur die sending,
terwyl die bou van drievertrek-huise deur die sending
sowel as deur bewoners van die sendingstasie sterk afge-
raai word aan aspirantbouers.

Baie van die voorhuise beskik nie oor binneure nie
maar wel oor gordynafskortings. Dit geld veral by die
uitgange na die slaapkamers.

Sitkamers: Van die 289 wonings beskik slegs 11 (3.8%)
oor sitkamers; hierdie vertrekke word uitsluitlik gebruik
wanneer buitengewone gaste ontvang word, d.w.s. vir vrien-
de en besoekers afkomstig van buite Elim. In etlike ge-
valle is dit gevind dat dié vertrekke nie oorspronklik
as sitkamers gebou was nie maar wel as slaapkamers; sodra
die kinders egter gaan werk, het die ouers een van die
voorste vertrekke as sitkamer ingerig. Hierdie wonings
bestaan almal uit ses of sewe vertrekke, d.w.s. dit is
net in die groter woonhuise waar dié „luukse" aangetref
word.

Kombuise: Elke woning beskik natuurlik oor 'n kombuis.
Hierdie vertrek word, veel meer nog as die sitkamer en

voorhuis, ook gebruik as die vergaderplek van die gesin en die ontvangsplek van vriende. Gedurende die wintermaande veral, verkeer die gesin gesellig saam om die vuur in die kombuis.

Latrines: Dit is, volgens die reëls van die sendingstasie, verpligtend dat elke woning sy eie latrine moet hê. Verskeie latrines wat besigtig is, laat veel te wense oor wat sindelikheid betref. In die reël is daar ook geen deksels op die sitplekke nie.

Badkamers: Nie een woning op Elim het 'n badkamer nie. Die gesinslede gebruik die slaapkamers om hulle te was en 'n kom of klein badjie word vir dié doel aangewend. Etlike kleurlinge het beweer dat hulle nie 'n bad kan bekostig nie terwyl daar ook nie water na die wonings aangelê is nie.

Ander vertrekke: Slegs die skoolhoof beskik oor 'n studeerkamer; hierdie vertrek dien ook as kantoor van verskeie kerklike aangeleenthede. Verskeie kleurlinge het ook, soos in 'n vorige paragraaf vermeld, aan die agterkant van hul wonings 'n pakkamer aangebou en hierdie vertrekke word uitsluitlik vir dié doel gebruik. In etlike huise is gange aangetref; in die meeste gevalle is dit aangebring wanneer die wonings vergroot is. Alhoewel hierdie gange nie as pakplek bedoel is nie, word dit tog

deur verskeie persone vir dié doel gebruik.

Beligting en Belugting: Die beligting sowel as die belugting van die nuwere wonings is baie beter as dié van die ouere geboue. Nie slegs is die mure hoër in die eersgenoemde geval nie, maar is die vensters ook groter. Ook beslaan die gemiddelde grootte van die vertrekke 'n groter oppervlakte as die ouer wonings. Dit was vroeër die gewoonte dat vensters van ongeveer 2' by 1' ingesit is; in hierdie gevalle is gevind dat die stukkende ruite dikwels deur karton vervang, terwyl sommige vensters geheel-en-al uit luike bestaan. Die lig- en lugtoevoer moet noodwendig hierdeur belemmer word. Oor die algemeen is die wonings taamlik bedompig van binne aangesien die kleurlinge geneig is om die deure en vensters toe te hou.

Ameublement: Die ameublement, as dit vergelyk word met dié van kleurlinghuise op die omliggende plase, kan as baie gunstig bestempel word. Daar kan verskeie redes hiervoor aangevoer word. In die eerste instansie is 'n groot gedeelte van die meubels erfstukke. Na die dood van die ouers word die meubels gewoonlik gelykop onder die kinders verdeel. Hierdie meubelstukke, soos bykans alle ou meubels, is besonder sterk en stewig. In etlike gevalle is stinkhoutstoele aangetref terwyl die outydse „hemelbeddens" by sommige gesinne al vir 'n paar geslagte diens doen.

In die tweede instansie, kan meubels baie goedkoop op die Elimse vendusies gekoop word. Wanneer persone wegtrek of wanneer die kinders verkies dat die meubels van hulle ouers moet verkoop i.p.v. onderverdeel word, word dit op 'n openbare veiling gedoen. Daar is geen blankes met wie gekonkureer behoef te word nie - gevolglik wissel hierdie meubelstukke nie van gemeenskap nie, maar wel van huis in dieselfde gemeenskap.

In die derde instansie is daar talle kleurlinge aangetref wat meubels besit wat deur vorige werkgewers aan hulle gegee is of waarvoor 'n geringe teenprestasie geverg is.

Vierdens, was daar vanaf die vroegste jare in die bestaan van Elim, skrynwerkers wat meubelstukke teen 'n baie lae tarief vervaardig het. Dit is tans egter nie meer die geval nie aangesien hout baie duur en moeilik verkrygbaar is.

Nuwerwetse of moderne meubels is in baie weinig gevalle aangetref. Oor die algemeen is die kleurlinge baie konserwatief wat hulle meubels betref. Etlikes het beweerd dat „wat vir my voorouers goed was, is vir my ook goed“. Dit is gevind dat daar wel sekere gesinne is wat beter meubels kan bekostig, maar dat hulle in gebreke bly om dit aan te koop.

Lamlendige meubels is nie veel gevind nie; oor die algemeen is die kleurlinge handig, en repareer graag meu-

belstukke wat nie stewig genoeg vir die daaglikse gebruik is nie.

Die slaapkamerameublement bestaan gewoonlik uit twee dubbelbeddens, 'n klerekas en 'n tafeltjie met 'n gewone hangspieël. In slegs 'n paar gevalle is volledige kamerstelle aangetref en wel in die huise van die onderwysers. Outydse spieëltafels is geensins 'n seldsaamheid nie terwyl die outydse hout- en ysterbeddens byna deurgaans gebruik word. Strooi- en sewejaartjiematrasse word in alle wonings gevind. Die matras waarop die ouers slaap sowel as dié van die spaarkamer, bestaan, indien enigsins moontlik, uit vere. Die gebruik van tenminste een laken is baie algemeen.

Die voorhuisameublement bestaan byna deurgaans uit 'n tafel, 'n outydse houtrusbank, (sommige waarvan uit stinkhout vervaardig is) 'n paar stoele en 'n klein tafeltjie waarop porseleinornamente, koppies, glase ens. uitgestal word. In die meeste wonings is daar 'n rak teen die muur vasgespyker waarop 'n outydse huishorlosie en ander ornamente pryk. Hanglampe, die meeste waarvan reg bokant die tafel hang, is 'n ander baie populêre meubelstuk.

Die ameublement van die paar wonings wat oor 'n sitkamer beskik, is eintlik maar dieselfde as wat in die voorhuise gevind word. In slegs een woning, nl. dié van 'n onderwyser, is 'n moderne „chesterfield"-stel aangetref.

In een ander geval ('n afgetrede leraar/onderwyser), bestaan die sitkamerameublement uit grasstoele en in twee gevalle het 'n paar outydse armstoele die ameublement van die sitkamers gevorm.

Die meubels wat algemeen in die kombuise gebruik word, is min of meer as volg: 'n tafel, 'n paar stoele of 'n houtbankie sonder rugleuning en 'n staankassie of muurrak wat as bêreplek vir die eetware dien; 'n paar blikke en/of emmers water staan gewoonlik op 'n parafienkissie.

Van die 289 wonings is daar 202 (69.9%) waarin ysterstowe is wat, as die gesinshoof enigsins daartoe in staat is, aangekoop word. Van die nuwere huise is daar baie weinig wat nie oor 'n stoof beskik nie. In baie gevalle word die kookgeriewe aangevul deur die aankoop van 'n klein oliestofie. In veral die ouer gedeelte van Elim is die tipiese outydse bakoond nog 'n algemene verskynsel en van die ouer inwoners verkies die bakoond bo die „nuwerwetse" stowe. Dit is gevind dat baie van die stowe al vir baie jare in gebruik is; daar word gewoonlik baie sterk op 'n stoof op die publieke veilinggebiede.

Algemene Netheid en Sindelikheid.

Oor die algemeen is die wonings waarin daar klein kindertjies is, minder net as die res. Verskeie kleur-

lingvroue het verklaar dat dit nie help om hulle huise aan die kant te maak nie aangesien „die kinders dit tog maar weer omkrap“. Hierdeur word egter nie beweer dat die huise slordig voorkom nie - inteendeel, oor die algemeen is die wonings besonder net.

Die beddens word gewoonlik „hoog“ opgemaak. In die spaarkamer (indien daar een beskikbaar is) is daar in die meeste gevalle 'n wit deken oor die bed terwyl dié in die ander kamers met 'n kombes bedek word. Persone wat dit enigsins kan bekostig, gooi 'n matjie voor die bed asook een in die voorhuis. In etlike huise wat in die voormiddag besoek is, is gevind dat die beddens nog nie opgemaak was nie. Die verskoning van die huisvrou was gewoonlik dat daar nog nie tyd voor was nie aangesien daar van vroeg af in die tuine gewerk is, dat dit wasdag is of dat inkopies by die winkel gedoen moes word.

Dit is gevind dat die kombuis minder net as die slaapkamers en voorhuise is; vuil skottelgoed is dikwels op die tafels aangetref terwyl sakkies of mandjies met groente, vrugte ens. oral rondstaan. Die vroue het gewoonlik beweer dat die kombuis die eintlike woon- en werkplek is en dat dit gevolglik moeilik is om aan die kant te hou.

Nagemaakte papierblomme, droë blomme, glas- en porseleinornamente ens. dien as die versiermiddels in die voorhuis; vir dié doel is dit uitgestal op 'n muurak

of klein tafeltjie. Die mure is in die reël met die portrette van vorige werkgewers, familieledes, Bybeltekse, almanakke ens. versier. Dit is gevind dat in bykans alle wonings waarin daar een of meer persone wat ouer as 50 jaar woonagtig is, daar 'n „jubeleumportret" aan die mure hang. Die bereiking van die ouderdom van 50 jaar word as 'n mylpaal in die lewe van die betrokke persoon beskou, en dié portret dien as 'n soort „onderskeidings-teken". Die gewoonte van die plaaskleurlinge om die mure met advertensiefotos, tydskrifportrette ens. te beplak, word nie op Elim aangetref nie.

Oor die algemeen is die wonings smaakvol ingerig - in aanmerking geneem dat die meubels deurgaans baie ouderwets is. Die rangskikking is goed, m.a.w. dit is so gerangskik dat die voorkoms van die vertrek aantreklik is en dat daar voldoende ruimte beskikbaar is. Dit is die gebruik dat veral die voorhuismeubels, gereeld afgestof en opgevryf word.

Van die 289 wonings is 204 (70.5%) van binne gewit. Aangesien dit met kalk gewit word, is die kleur spierwit. In etlike gevalle egter, het die mure 'n oranje-kleur. Hierdie kleur word deur 'n mengsel van water en potklei, wat in die slote aangetref word, verkry. Die kombuise is byna deurgaans met hierdie mengsel geskilder. Slegs 71 (24.57%) van die wonings is geplak. Die plakpapier is

deurgaans van 'n goedkoop soort met 'n skema wat saamgestel is uit strepe, blokke of blomme. Hoe meer uitstaande die patroon, des te aantrekliker vir die kleurlinge. In slegs vier gevalle is dit gevind dat die huise van binne uitgeworf is.

Die misvloere, wat in die meeste gevalle een keer per week gesmeer word, word minstens tweekeer per dag geveeg - in die voor- sowel as in die namiddag. Vir dié doel word die vloer eers met water besprinkel sodat dit stofdeeltjies aan die vogtigheid kan vaskleef. Die spaansrietplafon is gewoonlik ondig en laat baie stof en korreltjies sand deur, veral wanneer iemand op die solder loop. Die vloere moet gevolglik dikwels geveeg word.

Dit is 'n vaste gebruik dat die vensters met gordyne behang moet word; die materiaal is gewoonlik van 'n ka-toenagtige soort.

Watervoorsiening en Sanitêre toestande: Soos later in Hoofstuk IX ⁵⁾ behandel sal word, is daar 'n voldoende watervoorraad op Elim ofskoon drinkwater slegs by twee skepplekke en wel op die buitewyke van die sendingstasie, gekry kan word. Dit is vanselfsprekend dat, weens die terreine van die skepplekke, verskeie kleurlinge ver moet loop om drinkwater te kry. Die sending het ongeveer twee jaar gelede daaraan gedink om 'n stoordam te bou en die water dan d.m.v. pype na sentrale plekke in die gemeenskap
5) Gesondheidstoestande en -Dienste.

aan te lê. Die bedrag wat vir hierdie doel beskikbaar gestel is, was egter heeltemal onvoldoende en daar is gevolglik van hierdie plan afgesien.

Die sanitêre toestande ⁶⁾ vergelyk ongetwyfeld gunstig met dié van kleurlinge op die omliggende plase. Elke woning beskik oor 'n eie latrine terwyl hierdie gerief by weinig of geen woning van plaaskleurlinge aangetref word nie. Elke gesinshoof moet toesien dat sy latrine in 'n skoon toestand gehou word, dat die nagvuil gereeld verwyder word ens.

Die Besit van Wonings.

'n Uitstaande kenmerk van die kleurlinge op Elim is die neiging om 'n eie woonhuis te besit. Slegs 21 persone (7.26% van die totale aantal gesinne) woon in huurhuise. Dit word beweer dat huurhuise vroeër 'n onbekende verskynsel was; die rede waarom daar tans 21 persone is wat huise huur, is omdat hulle dit nie kan bekostig om 'n eie woning te bou of aan te koop nie. Hierdie feit verklaar dan ook die rede waarom daar in die afgelope 15 -20 jaar maar slegs ongeveer vyf nuwe wonings op Elim gebou is. Huiseienaars wat elders gaan woon, is in die reël gretig om hulle huise te verkoop. Sommige verkies egter om in besit van 'n woning te bly aangesien hulle met feestye en vakansies dan daarheen kan kom. Weens die

6) 'n Volledige uiteensetting word in Hoofstuk IX gegee.

feit dat dit baie kos om 'n nuwe huis te bou, verkies die kleurlinge om liever 'n ou woning te koop. Dit sou vandag tussen £200 en £250 kos om 'n gewone huis op Elim te bou, terwyl wonings wat op vendusies kom, gewoonlik tussen £20 en £60 behaal, aangesien net lede van die Elimse gemeente 'n huis op Elim mag besit.

Ten spyte van die feit dat bykans 93% van die gesinne in hulle eie huise woon, bly die perseel waarop die wonings staan die eiendom van die sending.

Algemene Gevolgtrekkings i.v.m. die Behuisingstoestande:

Soos bostaande gegewens aandui, is die behuisingstoestande op Elim, algemeen gesproke, taamlik gunstig. Daar is geen tekort aan woonhuise nie, aangesien bykans 20% van die huise onbewoon is. Al die wonings is alleenstaande, stewig gebou, van staandakke voorsien en redelik goed gemeubeleer. Van die totale aantal wonings is slegs $\frac{1}{2}$ 2% tweevertrekwonings terwyl byna 60% uit vier vertrekke bestaan. Meer as 90% van die gesinne besit 'n eie woning; benewens ander besittings het hierdie groot persentasie gesinne derhalwe nog 'n vaste belegging of bate van gemiddeld £70 - £80.⁷⁾

Minder gunstige faktore m.b.t. die behuisingstoestande is die volgende:

7) Volgens die plaaslike wardasieskaal.

- 1) Die slegte ventilasie van die ouer wonings
- 2) Die ver afstande van die drinkwaterbronne
- 3) Die afwesigheid van slote vir afloop- en reënwater
- 4) Die klein ruimte tussen die verskillende wonings.

Nogtans is die behuisingstoestande op Elim heeltemal gunstig, veral as dit vergelyk word met dié van kleurlinge op die omliggende plase sowel as met verskeie blanke bywoners in die onmiddellike omgewing van Elim.

H O O F S T U K VIII

DIE VOEDING VAN DIE GESINNE

In 'n plattelandse gemeenskap soos Elim, waar die landbouberoep deur byna elke gesin beoefen word, is dit vanselfsprekend dat 'n groot gedeelte van die daaglikse voedsel self geproduseer word. Sekere faktore soos bv. die voldoende watervoorraad, die doeltreffendheid van die grond vir verbouing, die gunstige weersomstandighede en die aanneemlike voorwaardes waaronder die grond gehuur kan word, het ongetwyfeld die beoefening van die landboubedryf gunstig beïnvloed. Eintlik is die oorgrote meerderheid van die kleurlinge ook verplig om hulle bestaan uit die grond te maak aangesien die gemeenskap self, sowel as die omgewing, nie ander vorms van werk op groot skaal bied nie.

Voedsel wat self geproduseer word: Soos in hoofstuk ¹⁾V vermeld, is die belangrikste tuingewasse wat verbou word aartappels, uie, patats, pampoen, boontjies, ertjies en mielies, terwyl fynere groentesoorte soos beet, geelwortels, mangels, tamaties ens. ook op kleiner skaal gekweek word. In etlike tuine is daar ook vrugtebome, veral kwepers, appels, pere en lemoene aangeplant deur die huidige huurders of hulle voorgangers. Aangesien byna elke gesin op Elim

1) Die Ekonomiese Omstandighede

een of meer tuine huur, maak tuinprodukte 'n belangrike deel uit van die daaglikse voedsel-program. Ook is daar 21 kleurlinge wat saai en sodoende hulle eie brood wen. Die 10 skaapboere het wel hul eie slagvee, maar verskeie van hulle het meegedeel dat, die stand van die huidige wol- en skaapmark in aanmerking geneem, dit meer betalend is om vleis by die plaaslike slaghuise te koop. Die kleurlinge wat beeste besit, koop ook gewoonlik hul vleis by die slaghuise, tensy 'n groep miskien gesamentlik 'n bees koop en die vleis dan onderling verdeel. 'n Aantal kleurlinge, veral die tuinboere, hou ook varke aan; daar word dan gewoonlik een of tweekeer per jaar 'n vark geslag, nie soseer omrede die vleis nie, maar wel vir die vet wat uitgebraai word. Byna al die vroue hou pluimvee, veral hoenders, aan. Die hoendereiërs word vir eet- sowel as handelsdoeleindes gebruik, terwyl daar in baie uitsonderlike gevalle bv. verjaarsdae of Kersfees, 'n hoender geslag word. Baie min kleurlinge hou melkkoeie aan, terwyl botter 'n seldsame artikel op Elim is.

Voedselsoorte wat gekoop word: Die belangrikste voedselsoorte wat gekoop word is meel, vleis, vis, melk en kruideniersware. Vanselfsprekend sal die graanboere nie meel koop nie omrede hulle dit self produseer. Persone wat nie self saai nie, koop hulle meel by die plaaslike winkelier. Vleis word óf by die kleurling-slagters óf

by die plaaslike slaghuis, wat aan 'n blanke behoort, gekoop. Dit is opmerklik dat die melkboere 'n goeie afset kry op Elim. Waar die pryse van meel en vleis min of meer gelykstaande is aan dié op Bredasdorp, is die melk ietwat goedkoper, nl. vier pennies per pint. Kleurlingmans wat af en toe gaan visvang en/of vis opkoop, asook 'n paar kleurlinge wat by die see woon en dan vis na Elim bring om te verkoop, het 'n baie goeie plaaslike afset. Die kleurlinge is baie lief vir vis en is selfs bereid om in skaars tye 'n hoë prys daarvoor te betaal. Vis word óf vars óf gedroog gekoop. Die pryse van die kruideniersware vergelyk baie gunstig met dié op Bredasdorp - grootliks as gevolg van die feit dat meeste van die pryse in die afgelope tyd vasgestel is. Verskeie kleurlinge het beween dat daar vroeër buitensporige pryse vir kruideniersware geverg is; die rede hiervoor lê moontlik opgesluit in die destydse hoë vervoerkoste asook in die feit dat by gebrek aan voldoende kommunikasiemiddels, die gemeenskap destyds meer geïsoleerd was. Alhoewel by verre die meeste kleurlinge hulle kruideniersware op Elim koop, koop sommige kleurlinge hierdie artikels tog ook op Bredasdorp - veral as hulle per geleentheid of per spoorwegbus na Bredasdorp gaan vir besigheid ens. Volgens die plaaslike winkelier is die belangrikste kruideniersware wat gekoop word veral suiker en koffie, terwyl sout, blikkiesvis, -konfyt en jellie ook 'n redelike afset het.

Vanselfsprekend word artikels soos kerrie, koeksoda ens. ook dikwels gekoop.

In die reël ontvang geen loonarbeider voedsel as deel van die loon nie; af en toe sal 'n boer bv. meel en vleis aan sy arbeider gee wanneer hy huistoe gaan vir 'n naweek of vakansie, maar dit geskied na willekeur.

Die aard van die maaltyd: Die graan- en veeboere, sowel as die sakemanne en die professionele werkers, n.a.w. die meer gegoede kleurlinge, hou ongetwyfeld 'n „beter tafel" as die orige kleurlinge d.w.s. die tuinboere en die gesinne van die loonarbeiders. Hierdie groep kleurlinge eet bv. meer vleis omrede hulle dit beter kan bekostig. Een tuinboer het bv. verklaar: „ons kan nie eet soos ons wil nie maar soos ons kan." Nogtans maak die kleurlinge deurgaans te min gebruik van groente as voeding. Dit mag enersyds onkunde wees wat betref die voedingswaarde daarvan, of andersyds, dat die vroue die moeite om dit voor te berei, ontsien. Oor die algemeen egter, hou die kleurlinge ook nie van groente nie. Vleis, sop, koffie en brood is ongetwyfeld die voedselsoorte wat die meeste genuttig word.

Die ontbyt bestaan gewoonlik uit koffie en brood en, as dit beskikbaar is, droë vis. Dit is baie selde gevind dat daar bv. meelpap in die oggend geëet word. Die kinders ontvang in die meeste gevalle swart koffie en brood

met vet en/of konfyt terwyl die ouers met kort tussenposes, d.w.s. vandat hulle opstaan tot by die middagete, koffie drink. Wanneer die markwaarde van eiers laag is, mag 'n gekookte of gebakte eier deel van die ontbyt uitmaak, maar dan slegs vir die volwassenes.

Die gebruiklike middagmaal is óf sop met vleis saam daarin gekook, koffie en brood, óf 'n droë maaltyd, d.w.s. kool wat saam met vleis gekook is, beter bekend as smoorkool, kerrieboontjies en mielierys, aartappels plus soutvleis, ens. In die meeste gevalle vorm gebakte patats 'n aanvulling by die voedsel. Wanneer daar ander groentesoorte bv. geelwortels, beet ens, beskikbaar is, mag dit ook bedien word, maar in die reël kom die groente in die sop. In die weksdae ontbreek nagereg geheel-en-al by die middagmaal. Wanneer vis voorberei word, word daar gewoonlik nie ander voedsel gekook nie. Dit gebeur baie selde dat daar slaai gemaak word of dat sekere groentes bv. wortels, rou geëet word.

Dit is gevind dat 'n groot aantal kleurlinge by die weeksmaltye sonder vleis sal klaarkom maar dat daar op Sondaë wel vleis op tafel moet wees. By hierdie geleentheid word daar ook 'n groter verskeidenheid van groente voorberei, asook soms 'n nagereg bedien.

Die aandete bestaan gewoonlik uit die opgewarmde kos van die middagete, saam met koffie en brood.

Oor die algemeen wil dit voorkom asof sop, brood en koffie die belangrikste voedselsoorte is.

Voorbereiding van die Voedsel: Die huisvrou is die persoon wat deurgaans verantwoordelik is om die voedsel voor te berei. Die hoeveelheid tyd wat daaraan bestee word, is in die reël baie min. As sy bv. in die tuin gaan werk in die voormiddag, sal sy die kos op die vuur sit en omstreeks 10.30 of 11 vm. huistoe kom om dit verder voor te berei. Wanneer ander lede van die gesin in die tuine werk, sal sy bv. een keer in die voormiddag en een keer in die namiddag koffie en brood na die tuin bring of stuur. Oor die algemeen vereis die tipe voedsel wat voorberei word nie veel tyd nie. As die groente bv. geskil is en dit op die vuur is, sal daar na die winkel, tuine of vriende gegaan word - solank daar net genoeg vuur is om die kos gaar te maak. Tydens die ondersoek is daar verskeie gesinne, wat in die voormiddag besoek is, aangetref waar nog geen kos op die vuur was nie. In sulke gevalle word die voedsel van die vorige dag moontlik net voor die etensuur opgewarm of daar word nie spesiaal gekook nie.

Bykans 70% van die gesinne op Elim het stowe. Die orige 30% kook op 'n drie-voet en bak hulle brood in die bakoond wat reg agter die vuurmaakplek gebou is. Geen gesin besit 'n oormaat van kastrolle, potte ens. nie; slegs

die allernodigste bv. 'n waterpot, twee of drie kastrolle, 'n koffieketel ens. word aangeskaf. In baie uitsonderlike gevalle is daar oliestofies.

Oor die algemeen dra die vroue nie besondere kennis aangaande die voorbereiding van die voedsel nie. Sommige vroue, veral dié wat vroeër by blankes werksaam was, het wel die kennis maar dit word in die reël nie toegepas nie. Niemand sal ooit praat van 'n gebalanseerde diëet nie; wat daar is om te eet word eenvoudig genuttig.

Die kombuise is oor die algemeen nie baie net nie; dit kan miskien toegeskryf word aan die beknoptheid van die vertrekke sowel as aan die feit dat die kombuis die eintlike woonvertrek van die gesin vorm. Nogtans wil dit voorkom asof die vroue betreklik sindelik is wat betref die voorbereiding van die voedsel.

Eetgewoontes: In die reël word die ete in die kombuis genuttig. Wanneer daar egter vriende kuier ens. word die voorhuis vir dié doel gebruik. Tydens die middagmaal sal die gesin wel rondom die tafel sit maar met ontbyt en die aandete neem die gesinslede hulle kos en gaan sit waar hulle verkies. Verskeie kleurlinge het meegedeel dat daar aan tafel gebid en gedank word.

Die tafel word eintlik net vir die middagmaal gedek. In baie gevalle egter, word die voedsel deur die huisvrou uit die potte geskep en dan aan die gesinslede oorhandig.

Opskepskottels word baie selde gebruik. Die tafelige-reedskap bestaan eintlik net uit 'n bord, mes, vurk en lepel; die gebruik van messe en vurke is nie eens by almal 'n vaste reël nie. Daar word selde of ooit van 'n tafeldoek gebruik gemaak. Die middagete word gewoonlik om twaalfuur genuttig, maar die aard van die werksaamhede van die dag bepaal gewoonlik die spesifieke tyd. Dit gebeur ook dikwels dat die middagmaal van die mans na die tuine, lande ens. gebring word.

Die Skoolvoedingskema: Soos in hoofstuk VI²⁾ vermeld, dien die skoolvoedingskema as 'n belangrike aanvulling by die daaglikse voedselprogram. Dit is, volgens die huidige skoolhoof, baie duidelik dat die skoolvoedingskema 'n gunstige uitwerking laat op die algemene gesondheidstoestand van die kinders. Die skoolhoof het ook verder meegedeel dat dit tot Junie 1948 die gebruik was om die skoolvoedsel om twaalf-uur aan die leerlinge uit te deel. Aangesien die middagete wat tuis genuttig word kort hierna volg, was verskeie ouers die mening toegedaan dat die middagmaal tuis derhalwe ingekrimp kan word. Tans word die skoolvoeding om half-elf gegee ten spyte van die feit dat daar aanvanklik groot teenkanting aan die kant van sommige ouers was.

2) Opvoeding en Onderwys.

Slotopmerkings: Weens die feit dat daar, relatief gesproke, geen skaarsheid aan voedsel, veral groentes, op Elim is of behoort te wees nie, sou die huisvroue, indien hulle die nodige voorligting kon kry, instaat wees om 'n gebalanseerde diëet vir hulle gesinne voor te berei. Die huidige gebruik i.v.m. die voorbereiding van voedsel is egter baie onbevredigend.

H O O F S T U K IX

DIE GESONDHEIDSTOESTANDE EN - DIENSTE

Soos in hierdie hoofstuk aangedui sal word, is die gesondheidstoestande van die kleurlinge op Elim nie baie gunstig nie, terwyl die geneeskundige dienste heeltemal onvoldoende is. Die huidige distriksgeneesheer het bv. meegedeel dat daar oorgenoeg werk vir twee voltydse geneeshere is. Hierdie bewering mag miskien 'n oordrewe voorstelling wees maar dit dui nogtans op die feit dat die gesondheidstoestande van die kleurlinge veel te wense oorlaat. Daar is ook tydens die ondersoek gevind dat die meeste gesinne een of meer siekes het. Die aard van die siekte was in etlike gevalle onbeduidend, maar dit lewer nogtans bewys dat die kleurlinge fisies nie baie sterk is nie.

Volgens die distriksgeneesheer lê die juiste oorsake van die swak gesondheidstoestande in ander faktore opgesluit as die klimaat en topografie van die sendingstasie. Die matige temperatuur en seelug behoort eerder 'n gunstige uitwerking op die gesondheid van die kleurlinge te hê.

Lewenstatistiek:

In hoofstuk III is daarop gewys dat die bevolking van Elim vir die afgelope 25 jaar min of meer konstant gebly het. Uit tabel no. IX, , wat die geboortes en sterf-

tes vir die jare 1943 tot 1947 aandui, is dit duidelik dat beide die geboorte- en sterftesyfer min of meer konstant gebly het. Tabel no. X gee ons die geboortes en sterftes per 1,000 van die bevolking vir Elim sowel as vir die kleurlinge en die blankes in die distrik Bredasdorp.

TABEL NO. IX GEBOORTE- EN STERFTESYFERS VANAF 1943 TOT 1947¹⁾

Jaar	Aantal geboortes	Aantal sterftes
1943	34	29
1944	32	30
1945	35	30
1946	37	29
1947	29	34
Totaal	167	152
Gemiddelde	33.4	30.4

TABEL NO. X. GEBOORTES EN STERFTES PER 1,000 VAN DIE BEVOLKING

Gebied	Geboortes	Sterftes
Kleurlinge te Elim	36.9	28.9
Kleurlinge, dist. Bredasdorp	42.4	22.5
Blankes, dist. Bredasdorp	21.9	11.7

Dié tabel dui duidelik aan dat die geboortesyfer onder die kleurlinge op Elim besonder laag is (36.9 per 1,000 van die bevolking) in vergelyking met dié van die kleurlinge in die magistraatsdistrik van Bredasdorp.

Aan die ander kant is die sterftesyfer weer besonder hoog

1) Inligting verkry by die Magistraatskantoor, Bredasdorp.

in vergelyking met dié van die totale kleurlingbevolking in die distrik. Die relatiewe lae geboortesyfer en hoë sterftesyfer vir Elim kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Elim se bevolking hoofsaaklik uit ouer persone bestaan, baie waarvan alreeds verby die vrugbaarheidsperiode is.

2)
Kindersterftes: Wanneer die aantal sterftes van kinders onder een jaar oud nagegaan word, is dit opvallend dat hierdie syfers besonder hoog is vir die kleurlingbevolking van Elim sowel as vir dié van die distrik.

TABEL NO. XI. KINDERSTERFTES ONDER EEN JAAR
 VANAF 1943 TOT 1947.

Gebied	Aantal	% van totale aantal sterftes
Kleurlinge te Elim	33	21.6
Kleurlinge, dist. Bredasdorp	225	33.3
Blankes, dist. Bredasdorp	6	1.2

Soos duidelik blyk uit tabel no. XI is die kindersterftesyfer onder een jaar vir kleurlinge in die distrik heelwat hoër as dié vir kleurlinge op Elim. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die mediese dienste van kleurlinge in die distrik nog gebrekkiger is as op Elim. Ook is die kindersterftesyfer (onder een jaar) onder die kleurlinge in die distrik besonder hoog in vergelyking met dié van die blankes. Dit is egter 'n alge-

2) Inligting verkry by die Magistraatskantoor, Bredasdorp.

meen bekende feit dat die sterftesyfer onder die nie-blanke rassegroepe in Suid-Afrika, veral dié van kinders, baie hoër is as dié van blankes.

Oorsake van Sterfte:

In tabel no. XII word die kindersterftes (onder een jaar) vanaf 1943 tot 1947 vir Elim sowel as dié vir die Bredasdorpse distrik, geklassifiseer volgens die belangrikste oorsake. Die feit dat die oorsake van dood in hierdie twee gebiede aanmerklik verskille toon, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die juiste oorsake van dood in die meeste gevalle nie deur 'n geneesheer gespesifiseer is nie, maar wel deur die betrokke ouers self. So byvoorbeeld blyk dit onwaarskynlik te wees dat daar op Elim in die afgelope vyf jaar geen kindersterftes a.g.v. maagkwale en té vroeë geboortes voorgekom het nie, terwyl die jaarlikse gemiddelde persentasies van hierdie twee siektes vir die res van die distrik, 16.7% en 14.2% onderskeidelik was. Weliswaar mag die feit dat die kleurlinge op Elim beter mediese- en kraamdienste het as bv. die plaaskleurlinge, 'n rol speel i.v.m. die sterfte-aantal by té vroeë geboortes, maar die mediese- sowel as die kraamdienste op Elim is geensins van so 'n gunstige aard dat dit sterftes a.g.v. té vroeë geboortes, geheel-en-al kan verhoed nie.

Dit blyk nogtans duidelik uit die tabel dat stuipe

(wat dikwels veroorsaak word deur verkeerde voeding) en borskwale, waaronder siektes soos bronchitis, longkwale ens. ingesluit is, taamlik dikwels in albei gebiede voorkom. Die kindersterftes wat onder die opskrif „ander“ ingesluit is, is o.a. tandekoors, binnekoors, ruggraatkoors, nierkwale ens.

TABEL NO.XIII.3) OORSAKE VAN STERFTES ONDER KLEURLINGE OP ELIM BO EEN JAAR, VANAF 1943 TOT 1947

Jaar	1943	1944	1945	1946	1947	Gemiddelde % vanaf 1943-1947
Oorsake	%	%	%	%	%	
Tuberkulose	24.0	40.9	18.2	16.7	33.3	26.6
Longontsteking	16.0	-	18.2	33.3	7.4	15.0
Hartkwale	8.0	4.5	14.5	8.3	14.8	10.0
Kanker	16.0	22.7	-	4.2	14.8	11.5
Benoude bors	8.0	4.5	9.1	-	3.7	5.1
Beroerte	8.0	9.1	9.1	20.8	14.8	12.4
Ander	20.0	18.2	31.8	16.7	11.1	19.6
TOTAAL	100.00	100.00	100.00	100.00	100.00	100.00

Soos duidelik blyk uit tabel no.XIII is tuberkulose die oorsaak van die grootste persentasie sterftes (26.6%) onder kleurlinge bo een jaar vanaf 1943 tot 1947.

Indien alle oorsake van sterftes deur 'n geneesheer gespesifiseer kan word, sal die persentasie sterfgevallen a.g.v. tuberkulose ongetwyfeld hoër wees aangesien dit,

3) Die oorsake van sterfte onder die ander kleurlinge in die distrik, soos aangegee in die register van sterftes, is so onvolledig dat dit nie geskik is vir vergelykingsdoeleindes nie.

- 144 -

volgens die distriksgeneesheer, dikwels gebeur dat persone wat in werklikheid aan tuberkulose sterf, se dood aan longontsteking deur hul verwante aangegee word. Dit is ook waarskynlik dat die juiste oorsaak van sommige persone wat aan longontsteking oorlede is, ook tuberkulose mag wees aangesien hierdie twee siektes nou verwant is aan mekaar. Die persentasie sterftes aan hartkwale, beroerte en kanker is min of meer gelyk (10.0%, 12.4% en 11.5%) vir die genoemde tydperk. Siektesoorte wat onder die opskrif „ander“ geklassifiseer is, is o.a. harsingskoors, maagkoors, binnekoors, wurmkoors, suikersiekte, „ouderdom“, dermverstopping, bloedstorting en hoë bloeddruk.

Geneeskundige Dienste:

Die feit dat die geneeskundige dienste op Elim, soos hieronder verduidelik sal word, heeltemal onvoldoende is, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie.

Die distriksgeneesheer, woonagtig te Napier, besoek die sendingstasie op die tweede en laaste Vrydag van die maand, d.w.s. slegs tweekeer per maand. Die besoekure is vanaf 10 vm. tot 1 nm. Die sending het twee vertrekke van 'n woning op die werf, wat vroeër deur die posmeester bewoon was, aan die geneesheer as spreeklokaal afgestaan en ingerig. Die een vertrek word as wagkamer gebruik en vir dié doel is dit voorsien van 'n paar banke. Die an-

der vertrek word as spreek- en ondersoekkamer gebruik en die ameublement bestaan uit 'n bed, 'n wastafel met kom en beker en 'n klein tafeltjie waarop die geneesheer sy apparaat, medisyne ens. plaas. Volgens die geneesheer behandel hy gemiddels 30 gevalle tydens elke besoek aan Elim.

Behoeftige persone ontvang, volgens 'n ooreenkoms tussen die geneesheer en die plaaslike Welsynsvereniging, vry mediese behandeling op voorwaarde dat hulle 'n „verlofkaartjie", uitgereik deur die sekretaris van die Welsynsvereniging, aan die geneesheer oorhandig. In sulke gevalle word medisyne gratis, of as 'n persoon bereid is en kans sien om iets te betaal, teen 'n verminderde tarief verskaf. Hierdie ooreenkoms is aangegaan omrede die sekretaris van die Welsynsvereniging goed bekend is met die ekonomiese omstandighede van die kleurlinge en die werklik behoeftige gesinne derhalwe instaat gestel kan word om mediese behandeling te ontvang. Indien behoeftige persone bedlêend is, kan hulle, deur die sekretaris van die Welsynsvereniging in kennis te stel, tuis deur die geneesheer besoek word. In 1947 is daar bv. 75 verlofkaartjies deur die Welsynsvereniging uitgereik.

Persone wat ekonomies beter gestel is, moet self reëlings tref met die geneesheer indien hulle tuis besoek wil word. Volgens die geneesheer is daar wel vaste fooie

wat vir behandeling en medisyne geveerg word. Vereffening geskied in baie gevalle onmiddellik na behandeling, maar dit gebeur dikwels dat daar in paaiemente afbetaal word. Ook gebruik die geneesheer sy eie diskressie in gevalle waar persone om 'n verlaging van doktersgelde vra.

Dit gebeur baie dikwels dat die geneesheer ontbied moet word na siekes in die gemeenskap. 'n Groot gedeelte van die inwoners van Elim laat die reëling hiervan in die hande van die Welsynsvereniging. In gevalle van behoeftige persone, tree die sekretaris van bogenoemde vereniging in verbinding met die magistraat van Bredasdorp om sodoende die geneesheer gratis na Elim te laat kom. In 1947 moes die sekretaris van die Welsynsvereniging bv. 63 keer die geneesheer ontbied na siekes in die gemeenskap.

Die distriksgeneesheer vervul ook die rol van tandarts op Elim. Diegene wat kunstande kan bekostig gaan hiervoor na die tandarts op Bredasdorp.

Sommige kleurlinge, veral die meer gegoede persone, verkies om ten tyde van siekte die vorige distriksgeneesheer, wat op Bredasdorp woonagtig is, in te roep. Laasgenoemde wat, volgens die skoolhoof, baie gewild is onder die kleurlinge, vul in werklikheid die mediese dienste op Elim aan, veral omrede verskeie kleurlinge, wanneer hy na Elim kom, van sy dienste gebruik maak.

Vanaf ongeveer die begin van 1948 besoek ook 'n ander

geneesheer van Bredasdorp die sendingstasie tweekeer per maand. Hierdie besoeke is egter nie so gereeld as dié van die distriksgeneesheer nie. Persone wat van hierdie geneesheer behandeling ontvang, moet egter self daarvoor betaal. Verskeie kleurlinge het meegedeel dat hulle meer waarde heg aan die dienste van 'n geneesheer wat nie as distriksgeneesheer optree nie omdat hulle meen dat hulle deegliker behandeling kry.

Soos op alle Morawiese sendingstasies die geval is, beskik die plaaslike sendelinge ook oor 'n verskeidenheid van medisyne. Dit gebeur dan ook daaglik op Elim dat van die kleurlinge na die sendeling kom, hulle siekte aan laasgenoemde verduidelik en dan medisyne ontvang⁴⁾ waarvoor hulle 'n klein bedraggie betaal. Hierdie dienste was vanaf die vroegste jare die gebruik op Elim. Dit gaan nie gepaard met 'n ondersoek nie maar die sendeling handel volgens die verklaring van die pasiënt. 'n Elementêre kennis van siekte en medisyne is 'n vereiste wat aan alle Morawiese sendelinge gestel word voordat hulle na ander lande as sendelinge mag gaan. Om dié rede was daar ook in Duitsland voorsiening hiervoor gemaak in die opleidingskursus van die aspirant sendelinge.

'n Gesondheidskliniek saam met die dienste van 'n voltydse verpleegster, sou ongetwyfeld in 'n besondere

4) Die gelde wat hiervolgens ingevorder word, word uitsluitlik aangewend vir die koop van 'n voorraad medisyne.

behoefte voorsien.

Verplegingsdienste: Alhoewel daar reeds in omstreeks 1940 groot ywer aan die dag gelê is om 'n verpleegster op Elim aan te stel, het dit om verskeie redes nog nie geskied nie. Aanvanklik kon geen verpleegster gevind word nie en toe die Welsynsvereniging in 1944 gestig is, is van dié plan afgesien omrede die Afdelingsraad van Bredasdorp nie sy weg oopgesien het om subsidietoelae aan bogenoemde vereniging en 'n verplegingsdiens te gee nie. Hierdie saak is egter opnuut in 1947 by die Departement van Gesondheid aanhangig gemaak. Tot dusver is slegs kennis gegee dat dit die aandag van die betrokke Departement geniet.

Die eggenote van die plaaslike sendeling, wat 'n verpleegsters-opleiding in Duitsland ontvang het, help gratis waar moontlik, maar dit word algemeen gevoel dat die dienste van 'n voltydse verpleegster in 'n baie groot behoefte sal voorsien.

Daar is slegs twee vroue in die gemeenskap wat as vroedvroue optree. Geen-een beskik egter oor die nodige kwalifikasies nie. Weliswaar is een van hierdie vroue in besit van 'n getuigskrif van 'n Kaapstadse geneesheer met wie sy saamgewerk het, maar sy het geen opleiding as vroedvrou gehad nie. Alhoewel die gemiddelde aantal geboortes per maand slegs van drie tot vier is, het beide

vroue verklaar dat, saam met hulle eie huislike pligte, die werk té veel is. Die gelde wat vir hierdie dienste geverg word bedra £1 per geval. Indien daar ook van die vroedvroue verwag word om die huishouding oor te neem solank die vroue die bed moet hou, is die fooi £2. Beide vroue het egter meegedeel dat hulle verplig sal wees om sommige kraamgevallen in die toekoms te weier aangesien dié persone nalaat om die vereiste gelde te betaal. Volgens die geneesheer lewer die vroedvroue onbevredigende werk. Hulle werk nie genoegsaam higiënies nie en hy skryf die algemene verskynsel van vrouekwale op Elim uitsluitlik hieraan toe.

Hospitaalfasiliteite: Die naaste algemene hospitaal aan Elim is dié op Caledon. Aangesien hierdie hospitaal baie min beddens tot die beskikking van nie-blankes het, gebeur dit selde dat die kleurlinge daarvan gebruik maak. In die reël gebeur dit ook min dat die kleurlinge van Elim na enige hospitaal vir mediese behandeling gaan. In 1947 is daar twee kleurlinge in die Groote Schuur Hospitaal opgeneem; in albei gevalle het die distriksgeneesheer die hospitaalreëlings getref terwyl die vervoerkoste gedeeltelik deur die pasiënte self en gedeeltelik met behulp van die Bredasdorpse magistraat gedek is.

Daar is in die afgelope vyf jaar geen tuberkulose- of geslagsiekte-lyers na 'n hospitaal vir aansteeklike

siektes geneem nie. Die naaste hospitaal vir tuberkuloselyers is dié op Stellenbosch. Vanselfsprekend speel die ver afstand in hierdie verband ook 'n belangrike rol.

Spesiale Gesondheidsdienste:

Vir Moeders en Suigeling: Voorgeboorte-versorging berus by die vroue self. Indien mediese raad ingewin moet word, word dit by die geneesheer gedoen. Laasgenoemde het egter meegedeel dat vroue baie selde opdaag vir voor-geboorte-behandeling. Slegs in gevalle van abnormale geboortes word die geneesheer ontbied. Die versorging van suigeling berus uitsluitlik by die moeders self.

Skoolkinders: Daar is reeds in die hoofstuk oor die Opvoeding en Onderwys vermeld dat die skoolgeneesheer jaarliks die plaaslike skool besoek. Soos in die geval van ander plattelandse skole, word daar weinig ag geslaan op die aanbevelings van hierdie geneesheer. Laasgenoemde wys jaarliks op die feit dat 'n groot aantal van die kinders slegte tande het en dat byna almal, in 'n mindere of meerdere mate, ondervoed is. Volgens die skoolhoof word daar wel in baie gevalle uitvoering gegee aan die verwydering van slegte tande, maar voorskrifte i.v.m. 'n gebalanseerde diëet word geheel-en-al oor die hoof gesien. Hy skryf hierdie feit daaraan toe dat die ouers hoegenaamd nie bewus is van die waarde van 'n gebalanseerde diëet en

veral van groente nie. Gereelde voorligting in verband hiermee, sal ongetwyfeld 'n gunstige uitwerking meebring. In die hoofstuk oor die Opvoeding en die Onderwys is ook daarop bewys dat die skool-voedingskema 'n belangrike teenmiddel teen ondervoeding vorm. Nogtans moet die saamewerking aan die kant van die ouers verkry word alvorens die algemene gesondheidstoestande van die kinders genoegsaam begunstig sal word.

Voorkoming en Behandeling van Oordraagbare Siektes:

Daar bestaan geen georganiseerde optrede op Elim om aansteeklike en oordraagbare siektes te voorkom en te bestry nie.

Die distriksgeneesheer is die mening toegedaan dat ruim 75% van sy pasiënte aan een of ander graad van tuberkulose ly. As bestrydingsmiddel hierteen, voeg hy 'n hoeveelheid visolie by die medisyne wat hy aan die pasiënte gee. Hierdie metode word nagevolg, omrede die kleurlinge weier om van skoon visolie gebruik te maak.

Veneriese siektes kom, in bykans al die gevalle, slegs voor by die jonger kleurlinge wat in Kaapstad werk saam is en dan na hulle ouers terugkom sodra hulle hul werk moet opgee a.g.v. hierdie siekte. Die omvang van hierdie siekte is egter baie klein op Elim. Al bestrydingsmaatreël wat die geneesheer aanwend, is die toediening van gereelde inspuitings.

Ander vorms van aansteeklike siektes is baie seldsaam op Elim. Daar was in 1943 wel 'n paar maagkoorsgevalle, maar nadat die drinkwaterbronne deur die gesondheidsinspekteur ontsmet is, het dié siekte nie weer voorgekom nie. Kindersiektes bv. masels, kinkhoes ens. verskyn dikwels maar daar word geen georganiseerde poging aangewend om dit teen te gaan nie. Die kleurlinge sien die kindersiektes geensins in 'n ernstige lig nie.

Gebreklikheid: Daar is tydens die ondersoek slegs een kreupel seun en twee swaksinniges, 'n seun en vrou, op Elim aangetref. Volgens die skoolhoof kom kreupelheid en swaksinnigheid baie selde in die gemeenskap voor. Bogenoemde persone ontvang geen spesiale behandeling nie maar word slegs deur hulle ouers versorg.

Ander dienste vir Vrywaring van die Gesondheid van die Gemeenskap.

Die gesondheid van die inwoners van enige gemeenskap word ook geaffekteer deur die wyse waarop daar vir suiwer drinkwater voorsiening gemaak word, die toesig oor die verkoop van onbesmette voedselsoorte bv. melk, botter ens. asook die doeltreffendheid van en toesig oor die sanitêre geriewe.

Watervoorsiening: Elim beskik oor 'n voldoende watervoorraad en daar is nog nooit in die verlede 'n waterskaarste ondervind nie. Daar bestaan egter slegs twee drink-

waterbronne en wel op die buitewyke van die sendingstasie. Die drinkwater word hier d.m.v. emmers of paraffienblikke gehaal. Die een bron, wat naby die skool geleë is, het sy oorsprong in 'n fontein ongeveer een myl uit die dorp. Die water word d.m.v. 'n sloot na die sendingstasie gebring en vir die laaste ± 100 treë loop 'n gedeelte daarvan in 'n waterpyp tot by die skepplek waar daar 'n kraan is. Die res van die water gaan eers na 'n stoordam en vandaar per sloot verby die bo-ent van die tuinery na die rivier. In hierdie sloot, wat parallel met die laagste straat nl. Waterkantstraat loop, word die wasgoed gedoen en dit is 'n reël van die sendingstasie dat geen drinkwater hieruit geskep mag word nie. Die ander waterbron, wat ook sy oorsprong in 'n fontein het, sowat 300 treë buite Elim, word ook d.m.v. 'n sloot opgevang maar daar is geen waterpyp of kraan aangebring nie; die water word direk vanuit die sloot geskep.

Die waterslote waaruit die drinkwater verkry word, word gereeld een keer per jaar deur die volwasse manlike kleurlinge van Elim skoongemaak. Die bestuurder van die sendingstasie bepaal 'n dag daarvoor, kondig dit aan tydens die eredienste sowel as op 'n kennisgewingbord voor sy kantoor en elkeen is verplig om sy gereedskap bv. grawe, pikke ens. te bring en te help met die werk. Hierdie taak staan bekend as gemeentewerk.

Tot voor 1944 was daar geen voorsiening gemaak vir

die suiwering van drinkwater nie. Weliswaar was daar 'n ongeskrewe reël wat bepaal het dat geen groot- en kleinvee bokant die skepplekke mag water suip nie, maar selfs hierdie reël is dikwels oortree. Soos reeds gemeld, het daar in 1943 'n paar maagkoorsgevalle op Elim voorgekom. Op aanbeveling van die distriksgeneesheer is die gesondheidsinspekteur van die Bredasdorpse Afdelingsraad gelas om ondersoek in te stel na die waterbronne. Laasgenoemde het o.a. die drinkwater d.m.v. chloor ontsmet en daar was daarna geen verdere gevalle van maagkoors nie. Voortaan besoek die gesondheidsinspekteur die sendingstasie gereeld elke Woensdagmiddag en behalwe ander pligte dra hy sorg dat daar voortdurend bokant elke skepplek 'n klein sakkie met chloor in die water is. Die drinkwater ondergaan derhalwe gedurigdeur 'n reinigingsproses.

Nagvuil- en Vuilgoedverwydering: Die sending vereis dat elke woning op die sendingstasie 'n eie latrine moet hê. Daar word deurgaans van die emmerstelsel gebruik gemaak aangesien die putstelsel te duur is terwyl daar, veral in die ouer gedeelte van Elim, geen ruimte vir die maak van putte is nie, aangesien die wonings baie dig op mekaar gebou is. Met uitsondering van 'n paar gesinne, word daar slegs een emmer gebruik. Die sending het onderneem om 'n groot aantal emmers tegelyk te koop en verkoop dit

dan weer aan die kleurlinge. Op hierdie wyse kon die pryse van die emmers aansienlik verlaag word.

Daar bestaan 'n vaste reël, neergelê deur die sending, dat elke gesin sorg moet dra dat die emmers elke dag, voor ses-uur in die oggend, in spesiale putte, ongeveer 'n halfmyl buite Elim, geledig moet word. Nadat die emmers geledig is, moet dit in 'n drom wat 'n ontsmettingsvloei-stof bevat, gedompel word. Daarna word elke dag 'n put gemaak waarin die nagvuil gegooi moet word en na ses-uur in die oggend word dit met grond toegegooi. Die sending het 'n spesiale persoon in diens vir die maak en toegooi van die putte en hy moet ook toesien dat die kleurlinge wel die emmers in die drom met die ontsmettingsvloei-stof dompel.

Die gesondheidsinspekteur besoek elke Woensdag 'n aantal latrines en ingeval hy dit nie in 'n sindelike toestand aantref nie, word die betrokke eienaars gewaarsku of by die bestuurder van die sendingstasie aangekla. Eersgenoemde tref voortdurend kleurlinge aan wat in gebreke bly om die nagvuil gereeld te verwyder, ofskoon hulle bewus is dat hy op Woensdae na Elim kom. Ook beweer hy dat sommige latrines in 'n baie slordige toestand gelaat word. Aan die ander kant egter, is die meerderheid van die kleurlinge baie gesteld op dié pligte.

Voedselafval word aan die varke en pluimvee gegee terwyl ander vorms van huisafval bv. blikkies, papiere,

lappe ens. op 'n spesiale terrein verbrand moet word. Die gesondheidsinspekteur let ook daarop dat daar nie huisafval in die agterplase gestoor word nie.

Dit is duidelik uit bostaande dat daar geensins voldoende toesig oor die nagvuil- en vuilgoedverwydering op Elim is nie. Die roetine-besoeke van die gesondheidsinspekteur sal van groter waarde wees indien sy besoeke nie op 'n spesifieke dag geskied nie.

Toesig oor Melk- en Voedsel: Die melk word óf in gewone bottels óf pint-bottels verkoop. In etlike gevalle word daar selfs van emmertjies of bekere gebruik gemaak. Die koeie word in stalle buite die sendingstasie gemelk en die melk word dan d.m.v. emmers na die woonhuise van die eienaars gebring. Geeneen van die drie melkverkopers het 'n aparte melkkamer nie. Die melk word in die kombuise gebottel en elke koper moet dit daar kom afhaal.

Die gesondheidsinspekteur besoek gereeld die koeistalle, toets die melk en sien toe dat die melkkoeie gesond is. Hy is van mening dat die melkverkopers sindelik te werk gaan, maar sou graag wou sien dat aparte melkkamers aangebou word.

Bederfbare voedselsoorte soos bv. botter, kaas ens. wat in die plaaslike winkel verkoop word, word in 'n koelkas bewaar, terwyl ander voedselsoorte soos suiker, rys, meel ens. in houtkaste wat met plaat uitgevoer is, gestoor word.

H O O F S T U K X

DIE GESINSLEWE

Die gesinslewe van die kleurlinge op Elim kan ongetwyfeld as 'n gunstige faktor in die gemeenskapstruktuur bestempel word. Die invloed van die sending is direk en indirek hiervoor verantwoordelik. Verder is die sendingstasie ook 'n geïsoleerde gemeenskap; kragte van buite wat nadelig op die gesinslewe kan inwerk, is tot 'n groot mate afwesig.

Huwelikstaat van die Gesinshoofde: Vanaf die vroegste jare in die bestaan van Elim, was die aangaan van 'n wettige huwelik die primêre vereiste vir die opbou van 'n gesin en is dit tans ook nog die geval. In die eerste instansie is die Morawiese Sending direk hiervoor verantwoordelik. Geen gesin sal inwoningsreg op Elim verkry alvorens die ouers wettiglik getroud is nie. Gevalle van persone wat saamleef is, sover nagegaan kon word, onbekend in die geskiedenis van die sendingstasie. Die wettige aangaan van die huwelik is in die tweede instansie, ook 'n vereiste wat die ouers aan hulle kinders stel. Ook hiervoor is die invloed van die sending grootliks verantwoordelik; die eise wat die sending aan die ouers gestel het, stel laasgenoemdes nou weer aan hulle kinders. In hierdie opsig verskil die plaaslike kleurlinge aanmerklik van dié op die omliggende plase sowel as verskeie ander

plattelandse kleurlinggemeenskappe, waar dit 'n algemene verskynsel is dat die vader en moeder nie getroud is nie. Uit 'n groep van 126 kleurlinggesinne, woonagtig op 'n aantal vrugteplase in die Tulbaghse distrik, is bv. 36 (28.6%) aangetref van wie die ouers slegs saamleef sonder dat dit deur 'n huwelik voorafgegaan is.¹⁾

Gesinstipes in die gemeenskap: Die onderstaande tabel toon die gesinstipes in die gemeenskap aan.

TABEL NO. XIV. DIE GESINSTIPES.

Gesinstipes [ⓧ]	Aantal gesinne	Persentasie
M	17	5.88
V	13	4.50
M.V.	18	6.23
M.K.	6	2.08
V.K.	35	12.11
M.V.K.	107	37.02
M.F.	7	2.42
V.F.	10	3.46
M.V.F.	9	3.12
M.K.F.	2	.69
V.K.F.	21	7.27
M.V.K.F.	44	15.22
Totaal	289	100.00

ⓧ M : Alleenlopende man, V: alleenlopende vrou.
 M.V.: Man en Vrou. M.K.: Man en Kinders.
 V.K.: Vrou en Kinders. M.V.K.: Man, Vrou en Kinders. F: Verwante.

Dit is duidelik uit die voorafgaande tabel, dat byna twee-vyfdes van die gesinne uit 'n vader, sy eggenote en kinders bestaan. Die aantal gesinne wat slegs uit 'n man

1) du Toit, J.B. Plaasarbeiders. M.A.-Tesis. Carnegie-Biblioteek, Universiteit Stellenbosch. (1947).

en sy eggenote bestaan, is relatief gesproke, klein (6.23%) terwyl die aantal gesinne wat uit 'n vader en kinders bestaan, heelwat minder is as die aantal wat uit 'n vrou en kinders bestaan - 2.076 % en 12.11% onderskeidelik. Die totale aantal alleenlopende mans en vroue toon nie 'n groot verskil nie. Dit is verder opvallend dat by meer as 32% van die totale aantal gesinne, daar verwante inwoon. In die meeste gevalle is dit 'n vader, moeder, broer of suster van die gesinshoof of sy vrou, terwyl by 'n aantal gesinne ook kleinkinders, die meeste van wie die ouers in Kaapstad werksaam is, inwoon. Daar is geen gesin aangetref by wie daar nie-verwante persone inwoon nie.

Huweliksgebruike en Huweliksontbinding: Die huwelik op Elim word as dié uitstaande gebeurtenis in 'n persoonse lewe beskou. Aangesien die kerklike huwelik en die daarmee-gepaardgaande formaliteite 'n besondere vorm aanneem, sal dit kortliks bespreek word.

Wanneer twee persone besluit om te trou, word die huweliksgebooie vir drie agtereenvolgende Sondae afgekondig, terwyl die huweliksplegtigheid gewoonlik plaasvind op die eerste Saterdagmiddag na die derde gebod. Die bruid en bruidegom moet, wanneer die leraar gevra word om hulle te trou, verklaar of hulle huwelik eerbaar is al dan nie. Indien wel, word daar sekere kerklike voorregte aan hulle

toegestaan, bv. die gelui van die kerkklok voor die huweliksplegtigheid, 'n tapyt voor die preekstoel en die speel van die orrel tydens die huweliksdienst. Verder mag die bruid in 'n wit trouabberd (sluier en kranse ingesluit) gekleed wees. Persone wat móét trou, se huwelik word wel in die kerk voltrek maar hulle mag nie in die bogenoemde voorregte deel nie. Die bruid bv. mag nie 'n wit trourok aanhê nie. Die doel van die sending hierdeur is om aan die gemeente te toon dat die troupaar nie 'n eerbare huwelik aangaan nie.

Die bruid en bruidegom trek hulle trouklere in verskillende huise aan en hulle mag mekaar nie sien voor binne die kerkgebou nie. Die vader gee sy dogter voor die preekstoel aan die bruidegom af. Die bruidsgevolg bestaan gewoonlik uit een strooimeisie en een strooijonker. Na die voltrekking van die huwelik stap die bruid en bruidegom sowel as die gaste inge haak na die woning van die bruid se ouers waar die onthaal volg. Hierdie optog wat bekend staan as die „haal“, geskied met die egpaar aan die voerpunt, dan die familie, gevolg deur die ander gaste. Die leraar en die familie gaan dan saam met die bruidspaar binne die woning terwyl die ander gaste buite wag. Nadat die leraar 'n kort diens gehou het, stel hy 'n heildronk op die egpaar in. Hierdie gebruik staan algemeen bekend as „hy maak die drink oop“, aangesien

die eintlike feestelikheid hierna 'n aanvang neem. Eers word die familie en dan die ander gaste op koffie, koek en strakteer. Intussen word daar toesprake gehou en dit word van al die gaste verwag om die egpaar geluk te wens. Vir dié doel neem laasgenoemde plaas in 'n aparte vertrek. Sodra almal iets geniet het gaan al die gaste, behalwe die genooïdes, huistoe, aangesien die bruilofsmaal wat hierop volg slegs bedoel is vir die genooïdes. Na afloop van die ete word die verrigtinge afgesluit deur huisgodsdiens - algemeen bekend as die „aandseën."

Dit is 'n reël van die sending dat, net vir die instel van die heildronk, alkohol tydens die bruilofsviering gebruik mag word. Ook mag daar nie gedans word nie. Dit gebeur soms dat die egpaar en van hulle vriende na afloop van die bruilofsmaal na 'n omliggende dorp of plaas gaan om te dans. Geen egpaar op Elim gaan op 'n wittebroodsreis na die huweliksplegtigheid nie; indien hulle op Elim gaan woon, neem hulle onmiddellik intrek in hulle eie woning.

Dit word van die bruid se vader verwag dat hy sy woning sal opknop, afwit en skilder voordat sy dogter in die huwelik tree. Op die vooraand van die huwelik word die voordeur in die vorm van 'n boog deur palmtakke versier. Hierdie gebruik staan bekend as „kransdraai". Dit is die plig van die bruid om in al die vertrekke blomme te plaas terwyl haar moeder vir die eetgerei sorg.

Vir 'n onlangse bruilofsmaal op Elim is daar, benewens ander diere, 14 hoenders geslag.

Dit is opmerklik dat daar nooit 'n huwelikskontrak aangegaan word nie. Wanneer die man of vrou sterf, is dié een wat agterbly volle besitter van die eiendom. Dit gebeur baie selde dat die bruidspaar voor die magistraat trou. Indien wel, kom hulle na afloop daarvan na Elim en vra die leraar om hulle huwelik „in te seën” in die teenwoordigheid van hulle ouers en familie. Sommige kleurlinge wat moes trou het in die vroeër jare besluit om liever voor die magistraat te trou. In geen geval het hulle egter die kerk²⁾tug hierdeur ontduik nie.

Oor die algemeen vind huwelike nie op 'n té vroeë ouderdom plaas nie; in die meeste gevalle trou die vroue egter op 'n jonger leeftyd as die mans. Die gemiddelde ouderdomme kan op 20 en 24 onderskeidelik gestel word.

Volgens die tweede leraar kom daar selde of ooit gevalle van egskeidings of verlatings op Elim voor. In die afgelope 10 jaar was daar geen gevalle nie. Wat wel gebeur het, is dat 'n paar kleurlingdogters wat met mans in Kaapstad getrou het, geskei het, en toe weer by hulle ouers op Elim kom inwoon het.

Familiegebruike: Aangesien die kleurlinggesin op Elim, algemeen gesproke, 'n hegte sosiale eenheid vorm, bestaan

2) Sien hoofstuk oor Die Rol van die Kerk.

daar gevolglik vaste gebruike en gewoontes in die familiekring. Hierdie gebruike en gewoontes word nie doelbewus nagevolg nie, maar dit word veelmeer as vanselfsprekend aangeneem. Die gewoonte van bv. vroeg opstaan en vroeg gaan slaap is heeltemal algemeen. Wanneer dit begin dag word, is die „vroee koffie" al gemaak - die eerste taak van die huisvrou. Die mans gaan dan na die tuine, lande ens. en die vroue dra sorg dat die kinders in gereedheid gebring word om skool toe te gaan. Ontbyt word gewoonlik óf gladnie genuttig nie óf die individuele gesinslede eet wanneer hulle tyd daarvoor het. Sodra die huisvrou se werk klaar is, gaan sy haar man in die tuin help, doen sy lapwerk of gaan sy inkopies doen. Met posdae, d.w.s. Maandag-, Woensdag- en Vrydagoggende, gaan sy gewoonlik die pos afhaal en gaan sy terselfdertyd by die winkel langs vir inkopies. Dit is ook 'n vaste gebruik by die meeste vroue om op Maandae die wasgoed te doen, terwyl Dinsdag dan die strykdag is.

Die middagmaal word gewoonlik saam genuttig en dit is die taak van die gesinshoof om, indien dit die gebruik is, die seën te vra. Na ete gaan veral die ouer kleurlinge, vir ongeveer 'n halfuur rus en hervat daarna die dag se werksaamhede.

Dit is die taak van die kinders om die pluimvee te versorg en die drinkwater na die huis te bring.

Na afloop van die aandete hou sommige kleurlinge eers

huisgodsdienst voordat hulle gaan slaap. Dit is gevind dat etlike gesinne nog aandgodsdienst hou, maar die ou gewoonte van oggendgodsdienst het byna heeltemal uitgesterf. Die gesinshoof of een van die kinders, lees gewoonlik 'n gedeelte uit die Bybel voor, wat weekliks in Die Huisvriend aangekondig word. Daarna word 'n gebed gedoen en 'n gewyde lied gesing. Oor die algemeen gaan die kleurlinge in die wintermaande heelwat vroeër slaap as in die somermaande. Ook word daar in die winter baie selde besoeke in die aande afgelê, terwyl dit 'n algemene verskynsel is in die somer.

In die reël word die verjaarsdae nie gevier nie, veral nie dié van die kinders nie. Ook gebeur dit baie selde dat daar geskenke oor en weer gegee word. Sodra die vader of moeder egter die ouderdom van 50 jaar bereik, vind daar 'n buitengewone verjaardagviering plaas - algemeen bekend as die „jubelfees“. Vir hierdie geleentheid word die woonhuis netjies afgewit en geskilder, word die vriende uitgenooi en word dit ook verwag van die kinders wat elders woonagtig is, om teenwoordig te wees. Die verjaardagviering begin gewoonlik met 'n middagmaal vir die familie terwyl die ander gaste in die namiddag opdaag. 'n Jubeleumportret word geneem waarop ook later die vyftigjarige se naam, geboortedatum ens. gedruk word.

Wanneer 'n baba gedoop word, word daar 'n spesiale

doopmaal voorberei, terwyl daar in die middag, gewoonlik vanaf drieuur, koffie en koek aan vriende wat die ouers kom gelukwens, voorgesit word.

Kersfees is by die sendingstasie 'n fees waaraan die hele gemeenskap gesamentlik deelneem en dit is nie 'n huisfees of familiefees nie.

Eintlik bestaan daar geen verskil tussen die daaglikse werksaamhede van die verskillende weksdae nie. Saterdag word beskou as 'n gewone werksdag. Op Sondae egter, word dit van die gesinslede verwag om die kerkdienste by te woon, terwyl dit 'n algemene gebruik van die ouer persone in die gemeenskap is om in die middag siekes te besoek, ander besoeke af te lê of in die veld te gaan stap. Dit is ook 'n gebruik van die tuinboere om op Sondagmiddae hul- le tuine te gaan besigtig.

Slotopmerkings: Dit was duidelik tydens die ondersoek dat die gesinslewe van die inwoners van die sendingstasie baie heg en gesond is. Elke gesin vorm 'n sosiale eenheid binne die gemeenskap.

Die kleurlinge op Elim is nie in gedurige kontak met persone van buite nie en gesinsverbrotting in die uiterlike vorms van verlatting en egskeiding, het hier nognié ingang gevind nie. Die geïsoleerdheid van die gemeenskap sowel as die invloed van die sendingkerk speel natuurlik in verband hiermee 'n belangrike rol.

H O O F S T U K XI

VERMAAKLIKHEID EN ONTSPANNING

Die hoeveelheid vrye tyd wat enige individu tot sy beskikking het, sal in hoofsaak afhang van die beroep of werk wat hy beoefen. Die wyse waarop 'n persoon sy vrye tyd bestee, staan weer in noue verband met sy finansiële omstandighede sowel as die mate van opvoeding wat hy geniet het. Dit is bv. gevind dat die vryetydsbesteding van die onderwysers op Elim aanmerklik verskil van dié van die ander inwoners van die sendingstasie ¹⁾ - grootliks as gevolg van bogenoemde faktore. Die voorsiening wat daar in 'n gemeenskap gemaak word vir georganiseerde vermaaklikheids- en ontspanningsfasiliteite, sal noodwendig ook 'n invloed op die vryetydsbesteding van die inwoners hê.

Beperkings deur die Sending neergelê: Die sending het, met die verloop van jare, sekere beperkings neergelê i.v.m. die vermaaklikheid en ontspanning van die kleurlinge. Daar mag geen vereniging of klub op die sendingstasie gestig word alvorens die verlot van die sending daartoe verkry is nie. Ook gee laasgenoemde liggaam toestemming al dan nie tot die hou van politieke vergaderings. Dobbel, kaartspel en dans is ook verbode. 'n Verdere beperking is

1) Hulle is bv. ywerige lesers asook die enigste tennispelers in die gemeenskap.

die algehele verbod op enige vorm van kommersiële vermaaklikheid.

Dit was tydens die ondersoek duidelik, aangesien die meeste van hierdie beperkings al vir baie jare in swang is, dat die kleurlinge dit as 'n deel van hulle leefwyse aanvaar.

ONGEORGANISEERDE VERMAAKLIKHEIDS- EN ONTSPANNINGSAKTIWITEITE

Die deelname aan ongeorganiseerde vermaaklikheid en ontspanning berus vanselfsprekend by elke individu of gesin self. Dit was dan ook duidelik tydens die ondersoek dat die grootste hoeveelheid vrye tyd van elke persoon na willekeur en op ongeorganiseerde wyse bestee word.

Die Kinders: Die aktiwiteite van die kinders hang nou saam met die werk wat die ouers aan hulle opdra. Hierdeur word bedoel, dat wanneer die kinders na die veld, tuine, winkel ens. gestuur word, spel-aktiwiteite daarmee gepaard gaan. Hulle sal bv. 'n wiel of bal met hulle saanneem en die taak wat aan hulle opgedra is, al spelende uitvoer. Dit is iets algemeens om na skoolure 'n groot aantal kinders op die skoolgronde of op straat te sien saamdrom waar hulle hulself met allerlei speletjies vermaak. Ook is hulle baie lief om voor die kafé en die winkel saam te kom - twee publieke plekke in die gemeenskap waar die meeste voertuie stilstaan en waar hulle gevolglik met die buite-

wêreld kan kennis maak. Dit is ook opmerklik dat die seuns en dogters gewoonlik aparte groepe vorm. Spele soos bv. „wegkruipertjie“, „bal-bal“, „aanslaan“, „padda-spring“ ens. is dikwels waargeneem.

Die binnenshuise ontspanningsaktiwiteite word tot 'n groot mate gekortwiek deur die gebrek aan ruimte. Die groter kinders is oor die algemeen ywerige lesers en dit gebeur dikwels dat hulle, veral in die aand, verhale aan hulle ouers voorlees. Ook is dit gevind dat die meeste kinders aan hulle ouerhuise meedoen aan gesprekke wat deur die volwassenes gevoer word.

Die Volwassenes: Die tuis-vermaaklikhede van die volwassenes berus tot 'n groot mate op rondsit en gesels. Weens die besondere gasvryheid, wat 'n uitstaande kenmerk van die kleurlinge is, word daar baie besoeke oor en weer afgelê. Hierdie besoeke is gewoonlik heeltemal informeel. Wanneer die kleurlinge van die tuine, lande, veld, winkel of poskantoor kom, word daar baie straatgesprekke gevoer. Dit is dan ook 'n algemene verskynsel om groepies persone teen die laat-middag voor die wonings te sien sit of staan en gesels. Die hooftrekke van die gesprekke is byna deurgaans boerderyaangeleenthede en siekte-voorvalle.

Lees, behalwe in die geval van die onderwysers, is nie 'n belangrike aktiwiteit by die volwasse kleurlinge nie.

Hulle leesstof bestaan hoofsaaklik uit die weeklikse Huisvriend, wat deur die meeste gesinne ontvang word, sowel as godsdienstige traktaatjies wat van tyd tot tyd deur die Morawiese Sending gepubliseer word. Daar is slegs 9 en 25 gesinshoofde onderskeidelik wat op Engelse en Afrikaanse koerante inteken. Ook is daar ongeveer 10 intekenaars op tydskrifte soos bv. Die Huisgenoot en Die Naweek. Die skool-biblioteekboeke, wat deur die kinders uitgeneem word, dien as belangrike aanvullende leesstof vir die ouers, terwyl die Jongelingsvereniging, soos in 'n latere paragraaf verduidelik sal word, 'n eie boekery het.

Die vrouens verrig selde spesiale naaldwerk, veral kunsnaaldwerk, in hulle vrye tyd. Die naaldwerk wat gedoen word is stop, lap, die maak van klere ens. en dit word as 'n deel van die werk van die huisvrou beskou. Die mans doen ook nie hout- of timmerwerk vir ontspanning nie, maar beskou dit as werk wat moet verrig word.

Daar is baie min gesinne wat tuisspel-apparaat bv. „slange en lere“, 'n dambord ens. besit. Waar hierdie apparaat wel bestaan, behoort dit aan die jonger lede van die gesin en word dit ook slegs deur hulle gebruik.

Musiekinstrumente is ook 'n seldsaamheid op die sendingstasie terwyl daar aan die anderkant min kleurlinggesinne in die omgewing van Elim is wat nie bv. 'n ghuitaar of mondfluitjie het nie. Twee van die onder-

- 170 -

wysers, nl. die orrelis en die skoolhoof, is in besit van klaviere. In die laasgenoemde geval word die instrumente deur die kinders bespeel wat in verband hiermee leiding van hulle ouers ontvang alhoewel laasgenoemdes self nie eintlik goed kan speel nie. 'n Paar van die jonger mans het uitaars. Die skoolhoof is die enigste kleurling wat 'n radio besit.

Die vervoerfasiliteite van die kleurlinge is nie soseer aangeskaf vir vervoerdoeleindes na vriende, verwante ens. nie maar veelmeer in die belang van die werk van die betrokke eienaars self. Nogtans word die vervoermiddels wel ook soms gebruik vir vermaaklikheids- en ontspanningsdoeleindes bv. besoeke ens. Slegs een kleurling, nl. die kafé-eienaar, besit 'n bestelwa sowel as 'n vragmotor. Die laasgenoemde voertuig word o.a. ook gebruik om die lede van die sportklubs te vervoer na naburige dorpe ten tyde van wedstryde. Ongeveer 40 persone besit 'n perde-, donkie-, of oskar terwyl sowat 30, die meeste waarvan jong kleurlinge is, fietse het. Daar is sommige wat van die spoorwegbus gebruik maak, maar in die meeste gevalle is dit slegs vir besigheid op Bredasdorp.

Volgens die skoolhoof is daar ongeveer 50 gesinne wat jaarliks, rondom Nuwejaar, vir $\frac{1}{2}$ twee weke na strandoorde soos Buffeljachtsbaai, Jessie, Die Dam, Nuwe Rus, Waenhuiskrans en Uilkraalsmond gaan. Al hierdie strande is

sowat 20 myl vanaf Elim geleë terwyl Waenhuiskrans 'n ietwat verder is. Verskeie gesinshoofde het meegedeel dat hierdie twee weke die enigste tyd van die jaar is wanneer hulle werklik rus en ontspan. Baie van die mans vang vis gedurende hierdie vakansies.

GEORGANISEERDE VERMAAKLIKHEIDS- EN ONTSPANNINGSFASILITEITE

Dit is opvallend dat die inisiatief vir die daargestelling van georganiseerde vermaaklikheids- en ontspanningsfasiliteite, nie soseer uitgaan van die plaaslike sendingkerk nie, maar wel van die kleurlinge self.

Die Kinders: Soos in Hoofstuk VI²⁾ vermeld, maak die skool wel voorsiening vir die vermaaklikheid en ontspanning van die leerlinge. Ongetwyfeld het hierdie feit 'n gunstige uitwerking op die deelname van die leerlinge na skoolverlating, aan die georganiseerde aktiwiteite in die gemeenskap.

Die bywoning van die eredienste is ongetwyfeld, veral vir die jonger kinders, 'n vorm van vermaak en ontspanning. Dit geld veral met Kerkfeeste soos Paasfees en Kersfees, wanneer die dienste en verrigtinge besonder aantreklik gemaak word.

2) Opvoeding en Onderwys.

Die Volwassenes: Behalwe die eredienste, kerkbasaars ens. waarvoor die kerk direk verantwoordelik is, is daar verskeie georganiseerde fasiliteite binne die gemeenskap waaraan die kleurlinge kan deelneem.

Die Verenigingslewe: Daar bestaan agt verenigings op die sendingstasie en byna al die volwasse kleurlinge is lede van een of meer van hierdie organisasies. Die verskeie verenigings staan onder die volgende benamings bekend :

1. Die Kleurling-welsynsvereniging
2. Die Sustersvereniging
3. Die Susters-weldadigheidsvereniging
4. Die Spaarvereniging
5. Die Begrafnisvereniging
6. Die Jongelingsvereniging
7. Die Jonge-dogtersvereniging
8. Die Liefde- en Genadetempel.

Al hierdie verenigings staan in noue verband met die vryetydsbesteding van die kleurlinge, aangesien deelname daaraan in die vrye tyd van die lede geskied. So byvoorbeeld, vind die vergaderings meesal in die aande plaas, terwyl die spesifieke pligte wat die verenigings aan die lede opdra, uitgevoer word nadat die formele daaglikse werksaamhede van die betrokke lid afgehandel is.

Die Begrafnis- sowel as die Spaarvereniging is beide van suiwer ekonomiese belang en geeneen verskaf veel geleenthede tot die besteding van die vrye tyd van die lede nie. Die orige drie verenigings, nl. die Kleurling-

welsynsvereniging, die Sustersvereniging en die Sustersweldadigheidsvereniging bied wel, uit die aard van hul werksaamhede, geleent³⁾hede daartoe.

Die Jongelingsvereniging asook die Jonge-dogtersvereniging, is beide gestig met vermaaklikheid en ontspanning as hoofdoel. Om hierdie rede sal die werksaamhede van elkeen breedvoerig bespreek word.

Die Jongelingsvereniging:

Die bestaan van hierdie vereniging dateer vanaf 1908. Aangesien daar nie baie jong mans op Elim is nie, was die ledetal nog nooit meer as 40 nie. Die huidige ledetal is 37.

Werksaamhede: Die bestuur van die vereniging bestaan uit elf lede, terwyl twee van hulle 'n sub-komitee, nl. 'n siek-komitee vorm. Dit is hulle taak om gereeld die siek lede van die vereniging te besoek en dan aan die bestuur te rapporteer. Daar word elke Sondagmiddag en Donderdagaand 'n vergadering gehou. By die Sondagmiddagvergaderings, algemeen bekend as die geestelike vergaderings, word daar gewyde liedere gesing, geestelike lektuur voorgelees en gebid. Elke lid kry ook om die beurt 'n geleentheid om verhale, wat handel oor goeie deugde ens. te vertel. Die program van die vergaderings wat Donder-

3) Sien Hoofstuk V. Die Ekonomiese Omstandighede.

dagaande plaasvind, bestaan gewoonlik uit 'n debat, klein opvoerings, sekere spele soos dambord, kaart ens. Dit is opvallend dat die lede van hierdie vereniging wel kaartspel, ten spyte van die feit dat die sending dié spel verbied het. Hierdie laasgenoemde vergaderings veral, is baie gewild onder die lede en die opkoms daarheen is deurgaans buitengewoon goed.

Aan die begin van hierdie jaar, is daar 'n vakansiefonds ingestel. Dit word van elke lid verwag om gedurende die jaar spaargeld na die kassier te bring en aan die einde van die jaar word die geld weer teruggegee vir vakansiedoeleindes. Dit vind algemene byval en die waarde daarvan is vanselfsprekend.

Die metode van fondse-insameling geskied deur 'n jaarlikse konsert sowel as deur 1/- intreegeld van alle nuwe lede. Sodra 'n lid egter trou, verbeur hy sy lidmaatskap. Die fondse word gebruik vir die aankoop van boeke, geldelike skenkings aan siek lede, die aankoop van speel-apparaat, die bestryding van die koste verbonde aan 'n jaarlikse uitstappie na die see en vir geskenke aan lede wat trou.

Die vereniging beskik oor 'n biblioteek bestaande uit 140 boeke - twee-derdes waarvan Afrikaanse boeke is. In een van die klaskamers van die skool is 'n spesiale kas aangebring waarin die boeke gebêre word. Die voorsitter

van die vereniging, een van die onderwysers, het meege-deel dat daar verskeie lode van die vereniging is wat reeds al die boeke deurgelees het.

Die verjaarsdag van die vereniging word elke jaar gevier en vir dié geleentheid word die Jonge-dogtersver-eniging daarheen uitgenooi.

Daar bestaan geen twyfel dat die Jongelingsvereniging 'n gesonde en belangrike bron van vermaaklikheid en ont-spanning aan die jong mans van die gemeenskap bied nie.

Die Jonge-dogtersvereniging:

Die bestaan van hierdie vereniging dateer vanaf 1 Julie 1941, toe dit gestig is deur dr. F. Freymark, die huidige sendeling op Elim. Die ledetal was nog altyd baie klein in vergelyking met die Jongelingsvereniging, omrede die meeste meisies elders gaan werk sodra hulle die skool verlaat. Die huidige ledetal is 15.

Werksaamhede: Soos in die geval van die Jongelingsver-eniging, is die doel van hierdie vereniging die verskaffing van gesonde vermaak en ontspanning aan die ongetroude mei-sies in die gemeenskap. Die bestuur bestaan uit vier lede en daar word elke Dinsdagaand 'n vergadering gehou. Die eerste en tweede Dinsdagaande van die maand word hoof-saaklik naaldwerk gedoen, terwyl die derde Dinsdagaand aan spele en die vierde aand aan gesamentlike sang van ge-wyde liedere, die voorlees van geestelike lektuur ens.

gewy word.

Elke nuwe lid moet drie pennies intreegeld betaal, terwyl dit ook van elke lid verwag word om maandeliks 'n klein geldelike bydrae aan die vereniging te skenk. Ook word daar elke jaar 'n konsert gereël om die fondse aan te vul. Die geld word bestee vir die aankoop van materiaal, terwyl siek lede ook 'n klein bedrag ontvang.

Die vereniging gee elke jaar 'n bydrae aan die kerkbasaar. By hierdie geleentheid hou die vereniging ook 'n eie tafel en berei hulle self die eetgereiens voor.

Alhoewel die ledetal klein is, verskaf dit nogtans ook, soos in die geval van die Jongelingsvereniging, gesonde vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede aan die lede.

Die Liefde- en Genadetempel:

Hierdie vereniging, wat eintlik suiwer godsdienstig van aard is, is in 1918 op Elim gestig, met die hoofdoel om die publiek in te lig i.v.m. die gevare van drankmisbruik. Die Liefde- en Genadetempel is 'n internasionale vereniging met 'n hoofkantoor in London. Die lidmate op Elim, wat uit † 30 mans en vroue bestaan, vergader een keer per week, by welke geleentheid daar gewyde liedere gesing word, Bybelstudie plaasvind en daar gebid word vir dranksugtige persone. Die intreegelde van nuwe lede bedra ses pennies, terwyl dit van elke lid verwag word om

weekliks minstens 'n halfpennie in die fonds van die vereniging te stort. Die geld word na London gestuur vanwaar daar jaarliks aan die verskillende takke in die verskeie lande 'n bedrag gestuur word vir die bestryding van die drankewel.

Die Liefde- en Genadetempel, ofskoon die doel daarvan geensins die verskaffing van vermaaklikheid of ontspanning behels nie, bied nogtans 'n geleentheid tot vryetydsbesteding aan die lede.

Sportklubs:

Daar bestaan vier afsonderlike sportklubs vir volwassenes op Elim, tewete twee voetbalklubs, 'n netbalklub en 'n tennisklub.

Tot ongeveer vyf jaar gelede, was daar slegs een voetbalklub op die Sendingstasie. Verdeeldheid het egter onder die lede ontstaan met die gevolg dat dit in twee aparte klubs opgesplits het, nl. „The Rockroses Football Club" en „The Young Progress Football Club". Elke klub het ongeveer 20 lede en die liga waarin gekompiteer word, is die „African Peoples Organization". Ook het elkeen 'n eie voetbalveld en die lede is self verantwoordelik vir die instandhou daarvan. Die oefeninge vind gedurende die voetbalseisoen, smiddae na vyfuur plaas. Elke klub het 'n eie breier wat albei onderwysers van die plaaslike skool is.

Daar word wedstryde afgespeel op Bredasdorp en Napier asook teen verskeie ander plattelandse voetbalklubs. Elke klub beskik oor 'n fonds wat opgebou word uit ledegeld sowel as toegangsgeld tydens wedstryde. Uit hierdie fondse word die reiskoste asook doktersgelde, ingeval iemand beseer word, gedek. Elke lid sorg self vir sy jersie en skoene.

Die groot entoesiasme vir voetbal onder die lede sowel as die publiek, is besonders opvallend. Oud en jonk woon die wedstryde by wat plaaslik afgespeel word. Daar heers veral groot opgewondenheid in die gemeenskap wanneer een van die klubs, soos reeds drie keer in die afgelope ses jaar gebeur het, die beker verower.

Die netbalklub, meer bekend as die „Seven Stars“, bestaan uit 15 lede en die netbalveld van die skool is afgestaan vir die gebruik van hierdie klub. Daar word ook wedstryde op die omliggende dorpe afgespeel en elke lid moet haar eie vervoerkoste dra. Alhoewel die ledetal van hierdie klub baie skommel omrede die lede dikwels elders gaan werk, is die entoesiasme nogtans groot. Een van die onderwyseresse tree op as die breier.

Die Tennisklub, die „Bluebells“ genaamd, kompeteer in die Bredasdorp-unie. Die agt lede van die klub is almal onderwysers(esse).

Politieke Organisasie:

Daar bestaan geen tak van 'n politieke party op Elim nie, maar ten tyde van verkiesings is daar verskeie persone wat uit eie beweging onderneem om vergaderings te reël, huisbesoek te doen ens. Die politieke vergaderings, wat gewoonlik in die skoolsaal plaasvind, word deurgaans goed bygewoon. Tydens die jongste Volksraadsverkiesing, was daar 130 stemgeregtigde kleurlingmans.

Kommersiële Vermaaklikheid:

Weens die hierbo reeds genoemde verbod deur die sending, bestaan daar geen vorm van kommersiële vermaaklikheid op die sendingstasie nie. 'n Malle-mole-maatskappy het nog betreklik onlangs aansoek gedoen om na Elim te kom, maar die bestuurder van die sendingstasie het die aansoek geweier. Daar is verskeie kleurlinge wat nog nooit 'n bioskoopvertoning bygewoon het nie.

Die Rol van die Kerk:

Meer nog as in die geval van die kinders, is deelname aan kerklike funksies bv. die bywoon van eredienste en kerklike feesvierings, seker van die belangrikste aktiwiteite gedurende die vrye tyd van die kleurlinge. Verder is ook die jaarlikse kerkbasaar 'n dag van vermaaklikheid en ontspanning, veral vir die kinders en die mans wat nie so aktief deelneem aan die voorbereiding en organisasie van dié verrigtings soos die vrouens nie.

Die kerkkoor en blaasorkes, onder leiding van een van die onderwysers, beteken veel vir die lede wat daaraan behoort, daar dit 'n aangename en selfs leersame manier is om die vrye tyd deur te bring. Verder verskaf dit ook plesier aan die ander inwoners van die gemeenskap.

Slotopmerkings:

Behalwe vir die verenigings wat daar in die gemeenskap bestaan, word daar, in die geval van die ouer persone, weinig voorsiening gemaak vir georganiseerde vermaaklikheid en ontspanning. Die stigting van 'n soortgelyke vereniging aan die jeugverenigings vir die ouer kleurlinge, sal ongetwyfeld van groot waarde wees. Dit sal veral meehelp om die oue gebruik van rondsit en niksdoen teen te werk, asook om die lewe van die oues van dae te veraangenaam.

Opvoedkundige praatjies deur persone buite Elim, sal nie slegs as 'n bron van ontspanning dien nie, maar sal ook meehelp om die algemene kennis van die kleurlinge te verbreed. Die mees stremmende faktore is die gebrek aan finansies en moontlik ook aan inisiatief by die sendingbestuur sowel as by die kleurlingleiers in die gemeenskap.

H O O F S T U K XII

SPESIALE MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE

Soos enige land of regering gedurigdeur voor vraagstukke te staan kom wat opgelos moet word, het elke gemeenskap ook, binne sy eie grense, voortdurend met vraagstukke te kampe wat stremmend inwerk op die vooruitgang van die betrokke gemeenskap en wat gevolglik die ernstige aandag van die belanghebbende outoriteite moet geniet. 'n Uitstaande kenmerk van die deursnee kleurlinggemeenskap, is dan ook die veelvuldige voorkoms van veral spesiale maatskaplike vraagstukke soos bv. drankmisbruik, buite-egtelike geboortes, wetsoortreding ens. In verskillende opsigte egter, soos in die volgende bladsye aangedui sal word, is Elim 'n uitsondering in hierdie verband.

Wetsoortredings: „Die wetsoortredings wat daar op Elim voorkom, is uiters gering in omvang" - aldus die Kommandant van Polisie te Stellenbosch.¹⁾ Hierdie bewering is ook onderskryf deur die polisie-sersant op Elim asook deur die magistraat van Bredasdorp. Die magistraatsdistrik van Bredasdorp is in drie wyke onderverdeeld, elkeen waarvan onder die toesig van 'n aparte polisiestasie sorteer. Die drie wyke is : die Bredasdorp-, Napier- en Elim-wyk.

1) Die kantoor van die Kommandant van Polisie vir die distrikte Bredasdorp, Caledon, Somerset-Wes en Stellenbosch, is op Stellenbosch.

Die gemiddelde aantal wetsoortredings per maand, vanaf September 1947 tot September 1948 vir kleurlinge in die eersgenoemde twee wyke was 26.1 en 4.7 respektiewelik, terwyl dié vir die Elim-wyk slegs 1.5 was. Op die sendingstasie self, was daar slegs vyf wetsoortredings waarmee die polisie gemoeid was, nl.

- 1 - onverskillige motorbestuur
- 1 - gewone aanranding 2)
- 3 - nie-onderhoud van kinders.

In geen geval is tronkstraf opgelê nie, maar wel 'n ligte boete. Die mees voorkomende wetsoortredings van die kleurlinge in die res van die distrik was aanranding, dronkenskap en diefstal. Wetsoortredings van ernstige aard is heeltemal onbekend op Elim, terwyl kleiner oortredings soos diefstal, selde of ooit voorkom. Indien sulke gevalle wel voorkom, berus dit dikwels op 'n misverstand: pluimvee raak miskien deurmekaar of selfs skape dwaal af na 'n ander trop.

Die bestuurder van die sendingstasie tree by die kleiner moeilikhede, uit eie beweging of op aanbeveling van die kerkraad, tussenbeide en ruim die onderlinge geskille of misverstande uit die weg. In sommige gevalle roep hy die hele kerkraad of sommige lede daarvan byeen om hom behulpsaam te wees. Die twee plaaslike polisieamptenare het die mening uitgespreek dat daar ongetwyfeld

2) In al drie die gevalle was die vader elders werksaam en het hy in gebreke gebly om gereeld geld aan sy eggenote te stuur.

meer klagtes by die polisiekantoor ingedien sal word indien die bestuurder van die sendingstasie sou staak om geskille ens. self op te los.

'n Verdere poging om onderlinge geskille op te los, is die indeling van die gemeenskap in sewe wyke met 'n straatopsiener in elke wyk. Ses van hierdie straatopsieners word deur die gemeente verkies, terwyl een deur die bestuurder benoem word. Volgens die bestuurder van die sendingstasie, bestaan die straatopsieners-komitee egter slegs in naam, aangesien hulle baie weinig invloed in die gemeenskap het.

Drankmisbruik: Aangesien die sending die besit en gebruik van drank op Elim geheel-en-al verbied, is drankgebruik sowel as drankmisbruik 'n onbekende verskynsel op die sendingstasie. Al uitsondering wat in dié verband gemaak word, is tydens 'n bruilofviering. Vir hierdie geleentheid mag daar 'n bepaalde hoeveelheid drank gekoop word, wat uitsluitlik vir die instel van die heildronk aangewend word. Enigiemand wat op ander tye in die besit van drank is, staan bloot om onthef te word van inwoningsreg. Daar is nooit ten tyde van die ondersoek iemand aangetref wat onder die invloed van drank was nie. Ook het die ondersoeker geen rede om te beweer dat daar kleurlinge op die sendingstasie is wat gereeld drank gebruik nie. Die bestuurder van die sendingstasie is die mening toege-

daan dat 'n blanke boer, woonagtig in die omgewing van Elim, 'n paar kleurlinge van drank voorsien. Hy het egter bygevoeg dat hy, alhoewel hy bewus is van dié feit, geen vaste gronde het om daadwerklik in hierdie verband op te tree nie.

Die kleurlinge van Elim wat plaaswerk op die omliggende plase verrig, ontvang gereeld drank. Die dopstelsel word op feitlik elke plaas aangetref. Met skeertyd bv. ontvang elke skeerder van sewe tot tien dop ongefortifiseerde wyn per dag. Vanselfsprekend het die sending geen beheer hieroor nie aangesien dit buite die eiendom van die sendingstasie toegepas word.

Die algemene opvatting i.v.m. dronkenskap van veral die ouer kleurlinge is dié van afkeur. Om hierdie rede bestaan daar 'n plaaslike vereniging nl. die Liefde- en Genadetempel,³⁾ van wie die lede hulle spesiaal beywer om drankmisbruik in die algemeen teen te werk. Hulle staan in die gemeenskap bekend as die „Afskaffers“. Baie van die jonger kleurlinge voel nie so sterk teen die gebruik van sterk drank nie. Verskeie van hulle het dan ook openlik meegedeel dat hulle nie op Elim drank sal bring nie, aangesien hulle inwoningsreg daarmee gemoeid is; sodra hulle egter buite die grense van Elim kom, gebruik hulle drank sonder gewetensbeswaar.

3) Sien Hoofstuk XI. Vermaaklikheid en Ontspanning.

Buite-egtelikheid: 9) Daar vind jaarliks gemiddeld van tien tot vyftien buite-egtelike geboortes op Elim plaas"-⁴⁾ aldus die hulpleraar. Dit beteken dat tussen 30% en 40% van alle geboortes op Elim buite-egtelik is, terwyl die gemiddelde persentasie buite-egtelike geboortes vir blankes⁵⁾ in die Unie in 1944, slegs 2,14%⁶⁾ was. Die hulpleraar het verder ook meegedeel dat ongeveer een-helfte van alle eerste geboortes wat daar op Elim plaasvind, buite-egtelik is. In die meeste gevalle is dit dogters wat in Kaapstad werksaam is en dan vir die bevalling na Elim terugkom. Buite-egtelike geboortes van persone wat permanent op die sendingstasie woonagtig is, kan op gemiddeld twee per jaar gestel word, d.w.s. ongeveer 10% van die totale aantal geboortes. Verskeie kleurlinge het meegedeel dat daar vroeër, toe daar meer jongmense in die gemeenskap woonagtig was, veel meer buite-egtelike geboortes plaasgevind het as tans.

Dit gebeur ook somtyds dat die dogters wat op plase gaan werk, daar swanger word en dan vir die bevalling huis-toe kom. Die invloed van die kerk is hier, soos ook in

4) Die bestuurder van die sendingstasie beskik wel oor die juiste getalle, maar wou dit nie aan die ondersoeker ver-strek nie.

5) Die Dept. van Sensus en Statistiek het geen syfers vir buite-egtelike geboortes van kleurlinge beskikbaar gestel nie.

6) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika. No. 23 - 1946. Hoofstuk XXVI. Lewenstatistiek. par. 2, bls. 9.

die geval van bovermelde dogters wat in Kaapstad werksaam is, baie verswak. Die betrokke dogters is dikwels nie meer lede van die plaaslike kerk nie, terwyl laasgenoemde liggaam nie by magte is om hulle te verbied om na Elim te kom nie, aangesien hulle ouers op die sendingstasie woonagtig is. In die meeste gevalle is die dogters wel deeglik bewus wie die vader van die kind is. Nogtans gebeur dit tog soms dat hulle geensins sekerheid in dié verband het nie.

Daar vind ook jaarliks van een tot twee huwelike op Elim plaas van wie die bruid reeds swanger is. In al hierdie gevalle word die kerktug toegepas. Die strenge toepassing van die kerklike tugmaatreëls het ongetwyfeld 'n gunstige uitwerking in hierdie verband en die algemene houding wat die ouers t.o.v. buite-egtelikheid openbaar, is 'n uitgesproke afkeur.

Ander Probleme: Huwelike, sowel as buite-egtelike rassevermenging tussen die kleurlinge van Elim met blankes en naturelle, het, sover nagegaan kon word, nog nie op die sendingstasie voorgekom nie. Nogtans het verskeie kleurlinge met 'n groot mate van trots portrette van hulle voorouers gewys en verklaar dat sommige van hulle blanke persone was. Volgens dié fotos is hierdie bewerings, in die meeste gevalle altans, aanneemlik. Die ligte kleur van die vel en hare van menige kleurling op Elim, lewer ook

voldoende bewys dat daar op sekere stadia bloedvermenging met blankes moes plaasgevind het. Daar is verskeie kleurlinge aangetref wat ongetwyfeld as blankes sou kon deurgaan. In geen geval egter, kon naturelle-eienskappe waargeneem word nie. Nie slegs is Elim 'n verbode terrein vir die naturel nie, maar die kleurlinge openbaar ook 'n skerp afkeur ten opsigte van hierdie rassegroep.

Alhoewel daar tydens die afgelope oorlog 85 kleurlingmans van Elim op aktiewe diens was, het hulle hul weer goed aan die plaaslike gemeenskapslewe by hulle terugkeer aangepas en geen probleme opgelewer nie.

Dit kan sonder twyfel aanvaar word dat die tugmaatreëls van die sendingkerk baie kleurlinge weerhou van oortredings op kerklike sowel as op maatskaplike gebied. Die mening is herhaalde male deur die plaaslike polisie sowel as deur vooraanstaande kleurling-inwoners van Elim uitgespreek dat, indien die sendingstasie kroongrond was en inwoningsreg derhalwe nie deur die kerk beheer sou word nie, losbandigheid, wetsoortredings ens. op groter skaal sou voorgekom het.

B Y L A E I

1. DIE KLEURLING-WELSYNSVERENIGING:

Hierdie vereniging, alhoewel nog jonk in vergelyking met meeste van die ander verenigings wat daar op die sendingstasie bestaan, is 'n besondere bate vir die gemeenskap. Nie slegs lewer die vereniging dienste i.v.m. welsynswerk nie maar daar word ook aandag gegee aan sake van publieke belang.

Die Kleurling-welsynsvereniging is in 1941 op Elim gestig met intensiewe welsynswerk as hoofdoel. Die inisiatief het veral uitgegaan van P. October, 'n gesiene inwoner van Elim wat vanaf die begin ook opgetree het as sekretaris van die vereniging. Die bestuur van die vereniging bestaan uit 10 lede terwyl dit 'n ledetal van 158 het.

Dit staan enige plaaslike volwasse kleurling vry om lid van die vereniging te word, mits die maandelikse subskripsiegeld wat drie pennies bedra, betaal word. In Oktober 1945 het die Sustersvereniging ook by bogenoemde vereniging aangesluit.¹⁾

Fondse: Daar is verskeie weë waarlangs die fondse verkry word, soos blyk uit die opgawe einde 1947.

1) Sien paragraaf oor die Sustersvereniging.

FINANSIËLE OPGAWE, JANUARIE TOT NOVEMBER 1947

Toelaag van Dept. van Volkswelsyn (subsidie en voorskot)	28	-	-	Kantooradministrasie	7	-	2
Subsidie en Voorskot van die Afdelingsraad	20	-	-	Salarisse	27	10	-
Subskripsies	13	18	-	Tekort	3	11	2
Donasies	37	17	3	Voedsel	30	15	6
Kollektes	11	5	7	Klere en komberse	15	4	11
				Brandstof	1	16	6
				Kontant (gesondheidsdiens)	8	-	3
				Lening terugbetaal	2	-	-
				Surplus	15	2	4
Totaal	111	-	10	Totaal	111	-	10

Werkzaamhede: Die sekretaris van die vereniging vervul eintlik die pos van welsynswerker terwyl sy komitee in raadgewende hoedanigheid optree. Eersgenoemde het 'n kantoor met lessenaar, tikmasjien ens. aan die vereniging verhuur teen £1 per maand, terwyl hyself 'n maandelikse salaris van £2. 10. ontvang. Vanselfsprekend is die bedrywighede van die vereniging gebind aan 'n konstitusie; nogtans kan die spesifieke werkzaamhede duidelikshalwe in twee afdelings verdeel word, nl. a) welsynswerk en b) sake van publieke belang.

a) Welsynswerk: Daar word aan behoefdiges in die gemeenskap voedselkaartjies uitgereik; op hierdie kaartjie word o.a. gemeld dat voedsel ter waarde van 'n spesifieke bedrag (wat gewoonlik wissel van 5/- tot 10/-) by die plaaslike winkel gekoop kan word. Aan die einde van die maand word die winkelrekening dan deur die sekretaris van

die Welsynsvereniging vereffen. In 1947 is daar bv. 74 voedselkaartjies aan behoeftiges in die gemeenskap uitgereik. Min of meer dieselfde prosedure word gevolg i.v.m. mediese dienste aan behoeftige persone.²⁾ In die bovermelde jaar is daar 75 mediese verlofkaartjies uitgereik. Die sekretaris van die vereniging onderneem ook om telefonies met die distriksgeneesheer in verbinding te tree en hom, indien nodig, te ontbied in gevalle waar kliënte van die vereniging ernstig siek is. Volgens die 1947 jaarverslag van vereniging is daar o.a. ook 11 komberse onder behoeftiges uitgedeel, £7. 10. 6. in kontant uitbetaal vir mediese dienste, £1. 16. 6, vir lig en brandstof en 14/9 aan skoonmaakdienste, bv. ontsmettingsmiddels ens.

Ook onderneem die vereniging die invul van aansoekvorms vir ouderdomspensioen, pensioene vir liggaamlik ongeskiktes, onderhoudstoelae ens. Daar is bv. in 1947, 42 sulke vorms ingevul en in die meeste gevalle het die aansoeke geslaag. Siekes, sowel as behoeftiges in die gemeenskap word gereeld tuis besoek; in hierdie opsig lewer die Sustersvereniging belangrike aanvullende werk,

b) Sake van Publieke belang: Artikel 2 (a) van die konstitusie lui as volg:

„Om die algemene sosiale lewe en welsyn van ons mense te bevorder en te verbeter“.

2) Sien hoofstuk oor Gesondheidstoestande en Mediese Dienste.

Kragtens hierdie artikel beywer die vereniging ook vir sake van publieke belang, bv. treindiens, busdiens, pos- en telefoondiens, publieke kennisgewingborde ens. Aangesien daar op Elim, behalwe die sending, geen plaaslike bestuur of organisasie bestaan om bogenoemde sake te behartig nie, het die Welsynsvereniging dit as 'n addisionele taak oorgeneem.

Algemeen: Die inspekteur van armsorgdienste (deur die Dept. van Volkswelsyn uitgestuur) het in 1946 sowel as in 1947 die welsynskantoor op Elim besoek. Die rapport oor die werksaamhede van die vereniging was baie gunstig, veral as in aanmerking geneem word dat die kantoor oor weinig moderne geriewe beskik en dat die sekretaris, wat geen opleiding in welsynswerk ontvang het nie, bloot op ondervinding moet staatmaak wat betref die uitvoer van sy taak. Die vereniging het ongeveer ses maande gelede aansoek by die Dept. van Volkswelsyn gedoen dat die sekretaris van die vereniging tot voltydse welsynsbeampte benoem moet word. Geen finale beslissing is nog egter in dié verband ontvang nie.

DIE SUSTERSVERENIGING:

Doel en ontwikkelingsgeskiedenis: Hierdie vereniging is in Julie 1921 deur 'n aantal vroue van Elim gestig. Die doel van hierdie groep vroue was die verlening van georganiseerde hulp aan die siekes en oues van dae in die

gemeenskap. Aanvanklik het die vereniging 'n sukkelbestaan gevoer, veral weens die gebrek aan finansies en entoesiasme. Die lidmaatskapsgetalle het egter geleidelik gegroei, en op die huidige stadium is die totale aantal, 40 goedstaande lede.³⁾

Werkzaamhede: Die bestuur van die vereniging bestaan uit vier lede t.w. 'n voorsitster, ondervoorsitster, sekretaresse en 'n kassier. Die insameling van fondse is vanselfsprekend onontbeerlik vir die voortsetting van die werkzaamhede van die vereniging. So word daar bv. konserte, basaars en kollekte gereël. Ook word dit van elke lid verwag om elke maandsvergadering by te woon, by welke geleentheid daar dan ook 'n silwerkollekte plaasvind.

Dit was vroeër die gebruik om een keer in die maand 'n kers, 'n dosie vuurhoutjies, 'n koekie seep, 'n koekie blousel en 'n halfbottel lampolie aan die siekes en oues van dae uit te deel. Weens die relatiewe skaarsheid van hierdie artikels word daar tans elke maand een sieling aan elke behoeftige bejaarde in die gemeenskap gegee. Met Kersfees egter, ontvang die siekes en oues van dae koek en ander lekkernye. Daar word gehoop om, sodra dinge weer meer goedkoop en volop is, tot die ou stelsel terug te keer.

Die hele gemeenskap is, vir die doel van noodleniging,

3) Iemand wat voldoen aan al die vereistes wat die vereniging aan die lidmate stel, staan algemeen bekend as 'n goedstaande lid.

opgedeel in wyke. Dit word dan van elke lid verwag om by die maandvergadering kennis te gee van siekes en behoeftiges in haar spesifieke wyk. Die vergadering bespreek dan hierdie gevalle en beslis welke persone in aanmerking moet kom vir hulp. Daar word tans elke maand sowat £1,5/- aan behoeftiges en siekes uitgedeel.

Aansluiting by die Kleurling-welsynsvereniging: Op uitnodiging van die Kleurling-welsynsvereniging, het die Sustersvereniging in Oktober 1945 by hulle aangesluit, met dien verstande dat hierdie vrouevereniging nog bly voortbestaan en voortgaan met hulle gebruikelike werksaamhede. Die eintlike doel van so 'n stap was om oorvleueling uit te skakel en ko-ordinasie te bewerkstellig. Ook wou eersgenoemde vereniging graag hulle lidmaatskapsgetalle uitbrei met die oog op verhoogde subsidietoelae. Aan die Sustersvereniging is ook die reg toegesê om 'n verteenwoordiger na elke vergadering van die Welsynsvereniging te stuur. Die jongste besluit van genoemde twee verenigings behels die benoeming van vyf lede van die Sustersvereniging wat as besoek-komitee moet funksioneer. Na aflegging van die besoeke aan die behoeftiges moet dié komitee hul bevindings aan die sekretaris van die Welsynsvereniging rapporteer.

Opmerkings: Miskien van meer belang as die maandelikse toelaag, is die gereelde besoeke wat die siekes en oues van dae van die lede van die Sustersvereniging ontvang. Ook is

- 194 -

die samewerking wat daar tussen die genoemde twee verenigings bestaan 'n regte stap in die rigting van gesamentlike optrede i.v.m. meer intensiewe Welsynswerk.

DIE SUSTERS-WELDADIGHEIDSVERENIGING:

Doel en Stigtingsgeskiedenis: In Augustus 1905 het 5 vroue van Elim daartoe oorgegaan om bogenoemde vereniging, met liefdadigheidsdiens as hoofdoel, te stig. Die getal goedstaande lede is tans ± 60. Die Kleurling-welsynsvereniging het al telkemale, om dieselfde redes en voorwaardes as in die geval van die Sustersvereniging, probeer om ook hierdie vereniging by hulle in te lyf. Tot dusver het die lede van die Susters-weldadigheidsvereniging egter nog nie hulle weg tot so 'n stap oopgesien nie.

Werkzaamhede: Ook hierdie vereniging het 'n bestuur bestaande uit 4 lede; hulle vergader ook een maal per maand by welke geleentheid 'n silwerkollekte gehou word en die werkzaamhede van die vereniging bespreek word. Dikwels neem die vergaderings die vorm van 'n teepartytjie aan om sodoende onderlinge verkeer aan te moedig. Vier lede van die vereniging moet om die beurt elke Donderdag 'n soggereg voorberei vir die behoeftige siekes in die gemeenskap. Ook is dit hulle plig om die sop na die siekes te neem en toe te sien dat dit deur dié persone genuttig word. Daar word ook maandeliks van 10/- tot 15/- onder behoeftiges in die gemeenskap uitgedeel, die reëlins waar-

- 195 -

van by die maandvergadering bespreek word. Ten tyde van sterfgevallen van behoeftiges word 2/- aan die asterblewenes geskenk. Ingeval 'n lid van die vereniging egter sterf, is die bedrag ongeveer 5/-. Met Kersfees ontvang elke sieke in die gemeenskap 'n klein geskenkie, wat gewoonlik uit eetware bestaan t.w. koek, tee, suiker, lekkers ens.

Daar heers besondere entoesiasme onder die lede van hierdie vereniging. Ook is daar 'n sterk mate van kompetisie tussen hierdie vereniging en die Sustersvereniging te bespeur. Daar word gevolglik besondere ywer deur die lede aan die dag gelê vir die behoud van die vereniging. Alhoewel die vereniging se werksaamhede nie baie omvangryk is nie, bied dit nogtans 'n besondere diens aan die gemeenskap.

B I B L I O G R A F I E

LITERATUUR

- BLUMENTHAL, A. : Small Town Stuff. Chicago, The University of Chicago Press, 1932.
- COLCORD, J.C. : Your Community. New York, Russell Sage Foundation, 1941.
- CRUSE, H.P. : Die Opheffing van die Kleurlingbevolking (Deel I) Kaapstad, Citadel-Pers, 1947.
- DOLLARD, J. : Caste and Class in Southern Towns. New Haven, Yale University Press, 1939.
- DU TOIT, J.B. : Plaasarbeiders. Ongepubliseerde M.A.-Tesis, Carnegie Biblioteek, Universiteit Stellenbosch, 1947.
- DU PLESSIS, J. : A History of Christian Missions in South Africa. London; Longmans, Green and Co., 1911.
- GERDENER, G.B.A. : Two Centuries of Grace. Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1937.
- KOTZÉ, P.W. : Namakwaland. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1943.
- LYND, R.S. en
H.M. : Middletown. London, Constable and Co. Ltd., 1929.
- NEUMEYER, M.H.
en E.S. : Leisure and Recreation. New York, A.S. Barnes and Co., 1936.
- THERON, E. : Fabriekswerksters in Kaapstad. Kaapstad, Nasionale Pers Bpk., 1944.
- VAN DER LIER,
G.J. : Geschiedenis der Christelike Kerk. Groningen, J.B. Walters, 1904.

OFFISIËLE PUBLIKASIES

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika
No. 23/1946. Hoofstuk XXVI, Lewenstatistiek.

Bevolking. U.G. 21/1938.

Spesiale Artikel. Bevolkingsensus, 7 Mei 1946.
(Herdruk van artikels wat verskyn het in die Maand-
bultin van Statistiek vir Julie, September en
November 1947).

Verslag van die Kommissie van Onderzoek in sake die
Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie. U.G. 45/1937.

Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake Drank-
misbruik deur die Kaapse Kleurlinge. U.G. 33/1945.

Verslag van die Interdepartementele Komitee betreffende
Kleurlingaangeleenthede op Kleurlingsendingstasies,
-Reserwes en -Nedersettings. U.G. 33/1947.

PAMFLETTE

Elim, 1824 - 1924. Genadendal, Genadendalse Drukkery,
1924.

George Schmidt en sy Opvolgers. Herrnhut (Duitsland);
Gustav Winter, 1937.

Ordeningen der Gemeente te Elim. Genadendal, Genadendalse
Drukkery, 1898.

Plaasarbeid in die Oranje-Vrystaat. Suid-Afrikaanse In-
stituut vir Rasseverhoudings.
Bloemfontein, A.C.White, Bpk., 1939.

Schmidt, R. Die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes. Genaden-
dal, Genadendalse Drukkery, 1940.

Wetten en Bepalingen voor het Bestuur van de Broederkerk in
Suid-Afrika (Westelike Kaap-Provinsie). Genadendal,
Genadendalse Drukkery, 1921.